# VERKLARING VAN DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

## ARTIKELS 1 TOT 24

PROF. P W BUYS

DIKTAAT 1984

NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
UNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

*Copyright © 2020 North-West University All rights reserved*

**COPYRIGHT CLEARANCE COVER PAGE FOR COPIES MADE BY**

**THE NORTH-WEST UNIVERSITY (NWU)**

This material has been copied for educational use. It is not for resale and must not be redistributed.

---

**KOPIEREGKLARING-DEKBLAD VIR KOPIEË GEMAAK DEUR**

**DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT (NWU)**

Hierdie materiaal is vir opvoedkundige gebruik gereproduseer. Dit mag nie herverkoop of verder versprei word nie.

File Reference: 2.4.3.1

# VERKLARING VAN DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

## 1. Inleiding

### 1.1 Doel van hierdie lesings

Nie om te leer H.K.-preke maak nie. Dís taak van Homiletiek. Maar om deur te dring tot sin van H.K. en so helpende hand te bied met oog op eventuele H.K.-prediking en kategese. Dus: wat presies wil H.K. in 'n bepaalde Sondagsafdeling sê?

### 1.2 Noodsaaklikheid van hierdie lesings

Gereformeerdes word met H.K. groot. Leer dit in katkisasie, hoor gereeld H.K.-prediking. Tog, as jyself moet preekmaak, staan jy voor probleem: Wat wil H.K. hier sê? Daarom nodig om grondige eksegese te doen van H.K. voor preekmaak. Hou ook rekening met:

eerstens: eie-aard van H.K. as gids in die Bybel, leerboek en troos=boek.

Tweedens: apologetiese karakter as gevolg van stryd teen Lutherse, Roomse en Doperse wat bepalende faktor is vir die stand van Teologie in 16de eeu.

### 1.3 Historiese agtergrond

Frederik III, keurvors van Paltz (ook genoem Frederik die Wyse), aanvaar Calvinistiese Reformasie (anders as ander Duitse vorste wat Lutherane is). Bekommerd oor gebrekkige Skrifkennis van sy onderdane. Gee opdrag aan Ursinus (28 jaar) en Olevianus (26 jaar) om leerboek te skryf. Ursinus, deur Melanchton gevorm, is hoofopsteller. Olevianus, wat klas loop by Calvyn in Genéve, is afwerker en stileerder van vorm. Maak gebruik van bestaande Kategismusse: Leo Judae (1533), Calvyn (1541), Micron (1552), a'Lasco (1553 en 1557). Almal oefen invloed uit op H.K. Is bloeisel en vrug van hele Duitse en Franse Reformasie. Verenig in hom: innigheid van Luther, helderheid van Melanchton, eenvoud van Zwingli, vurigheid van Calvyn (Wielenga, 17).

### 1.4 Eie-aard van H.K.

Wat wil H.K. wees?

#### 1.4.1 Wegwyser in Skrif

Naam Kategismus afgelei van Grieks katecheo. Letterlike betekenis:

onderwys wat van bo na benede klink. Dus gesaghebbend. Kom her=haaldelik voor in N T in die sin van onderrig, onderwys.

Luk. 1:4 - sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is.
Hand. 18:25 - Apollos het onderrig ontvang in die weg van die Here ...
Rom. 2:18 - jy ken sy wil en toets die dinge wat wesenlik is, omdat jy uit die wet onderrig word.
1 Kor. 14:19 - maar in die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tien duisend woorde in 'n taal.
Gal. 6:6 - Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee.

Woord katechein in Bybel het dus steeds betekenis van onderrig, onder=wysing in die Skrif.

Dit is vernaamste karaktertrek. Om wegwyser in Skrif te wees.
Skrif is soos wye landskap. H.K.is kaart wat paaie deur H.S.aandui.

Benewens honderde tekste onder aan Sondagsafdelings word daar telkens gevra of gesê wat die Skrif wil:

Wie Middelaar is, weet ek uit Heilige Evangelie (vr. 19)
Geloof is waaragtig hou van alles wat God in sy Woord geopen=baar het (vr. 21).
Ons glo alles wat in die Evangelie beloof is (vr. 22).
Ons noem Vader, Seun en Heilige Gees omdat God Hom in sy Woord so geopenbaar het (vr. 25).
Christus is Koning wat ons deur sy Woord en Gees regeer (vr. 31).
Seun van God vergader sy kerk deur sy Gees en Woord (vr. 54).
H.G. werk geloof deur verkondiging van Evangelie (vr. 65).
Sakramente laat ons die belofte van die Evangelie des te beter verstaan (vr. 66).
H.G. leer ons in die Evangelie (vr. 67)
Deur prediking van heilige Evangelie word hemelryk oop- en toegesluit (vr. 84).

Opstellers bedoel met H.K. niks anders as lewende verkondiging van Woord van God. H.K.-prediking is niks anders as gesistematiseerde Skrifprediking.

### 1.4.2 Leer- en troosboek

Wonderlike balans tussen verstand en hart. Calv.: geloof setel in hoof en wortel in hart. So wil H.K. Skrifkennis bybring.

Maar lig van kennis moet steeds omskep word in warmte van aanbidding. Kom heel sterk uit by behandeling van Christus se state van vernedering en verhoging (Sondag 11 - 19): telkens weer feit en nut. Gaan dus nie net om 'n sisteem van leerstellige feite sonder meer nie. Wil telkens vertroosting, belewenis van heil bewerkstellig.

### 1.4.2 Apologetiese karakter

Uit historiese agtergrond spruit sterk apologetiese karakter van H.K. Stryd het gegaan teen Lutherse, Roomse en Anabaptiste. Oral in H.K. is spore van hierdie stryd. Dit moet in prediking volgens H.K. steeds in gedagte gehou word. Gee ons geleentheid om oor dwaalleer van ons tyd te preek.

### 1.5 Inhoud

Gebaseer op Romeinebrief: Ellende, verlossing en dankbaarheid. Vgl. Art. 68, K.O.: "hoofinhoud van Christelike leer".

1. Inleiding - Sondag 1 - 'n evangelie in't kleine.
2. Ellende - Sondag 2 - 4.
3. Verlossing - Sondag 5 - 31.
   - Twaalf Artikels.
   - Sakramente.
   - Sleutelmag.
4. Dankbaarheid - Sondag 32 - 52.
   - Die bekering.
   - Die Tien Gebooie.
   - Die gebed.

## Sondag 1. Die enigste troos

### 1. Inleiding

Sondag 1 is inleiding van H.K., kort samevatting van hele H.K. 'n Evangelie in't klein. Die murg van die Christelike godsdiens (Bastingius, p 2).

1. Die vraag na die troos
2. Die inhoud van die troos
3. Die wetenskap (kennis) van die troos.

### 1. Die vraag na die troos

### 1.1 Die doel van die vraag

Vra is wakker maak van die siel (Wielenga, 27). Meesterlike greep van H.K. om met vraag na troos te begin. Daarmee word aandag van alle mense opgeëis - want alle mense is onderworpe aan moeite, ar=beidsprobleme, siekte, ellende, ongemak en eindelik die dood (Ursinus, 13) en het dus troos nodig.

Die doel van hierdie vraag is om te kom tot verheerliking van God. "Want sodat ons God kan prys in hierdie lewe (waartoe ons geskape is) is dit nodig dat ons uit die sonde en die dood sal opkom en nie in wanhoop verval nie maar met 'n vaste troos tot die einde toe onder=hou sal word" (Ursinus, 13). Dus: ons saligheid en God se eer staan nie teenoor mekaar nie. God kom tot sy eer deurdat Hy ons uit die hand van Satan ruk en ons ewig geluksaligheid by Hom skenk.

### 1.2 Wat is troos?

"Troos is 'n oorlegging in die verstand waardeur ons teenoor enige kwaad 'n ander goed stel en ons weemoed versag deur die inagneming van hierdie goed en so gewilliglik die kwaad verdra (Ursinus, 13). Hoe groter die kwaad, hoe groter moet die goed wees wat ons daarteenoor stel.

Teen sonde en dood, die hoogste kwaad, kan alleen die hoogste goed gestel word. Alleen so kan daar 'n troos gevind word vir die lewe en die sterwe.

1.3 Waar soek die wêreld die troos?

Buite God se Woord. Soveel hoofde, soveel sinne ... as dit gaan oor hoogste goed.

Epikureërs - die welluste.

Stoïsyne - selfbeheersing en volle besit van deug.

Materialiste en Kapitaliste - geld.

Kommuniste - verheffing van arbeidersklas.

Eer, rykdom, mag, goeie werke, skoonheid, plesier - almal narkotines om teenoor die kwaad te stel.

Maar hierdie dinge kan die gewete nie reinig, die onrus nie stilmaak, want God word nie gepaai deur menslike genoegdoening. Mens het Drie-enige God verloor en alleen as hy God weer vind, kan hy getroos lewe en sterwe. Ons hart is onrustig in ons totdat dit sy rus by God vind (Augustinus).

2. Inhoud van die troos

Let op trinitariese formulering (een van grondtemas's van H.K.):

Ek behoort aan Christus, die Seun.

Hy bewaar my so dat buiten wil van Vader geen haar van my hoof kan val nie.

Hy verseker my deur die Heilige Gees van die ewige lewe.

Dus: deur Christus vind ek volsalige, drieënige God terug. Dit is hoogste goed teenoor grootste kwaad.

Usinus (13) vat dié troos saam in 5 punte.

2.1 Dat ek met God versoen en deur Christus in genade aangeneem is

Dat ek nie meer aan myself behoort nie.

In burgerlike lewe word dit as onwaardeerbare skat beskou om vry te wees en aan jouself te behoort, jou eie baas te wees. En dit is 'n groot ongeluk en ellende om 'n ander se slaaf te wees en aan hom diensbaar te wees. Daarteenoor: dis aller=uitnemendste vryheid wanneer 'n mens ophou om aan jouself te behoort. Toe die mens sy eie baas wou wees in paradys, het hy in allerellendigste staat van diensbaarheid aan Satan verval. Met liggaam en siel 'n eie slaaf van die duiwel.

Die letter A van die troos is dat ek van myself verlos moet word. Aan Korinthiërs (2,6:19) vra Paulus: Weet julle nie dat julle... nie aan julleself behoort nie?"

Dat ek aan Christus behoort.

Daar is niemand in hemel of op aarde wat ons liewer het as Christus nie (N.G.B., 26). Aan Hom is gegee alle mag in hemel en op aarde (Matt. 28:18). Niemand kan ons uit die hand van Jesus ruk nie (Joh. 10:28.

2.2 Dat Christus my met sy bloed gekoop het

Dis enigste wyse waarop versoening kon geskied: voldoening aan eis van God se geregtigheid. Deur Jesus se dierbare bloed! (Vgl. be= skouing van Wiersinga: Christus se kruislyde was net bedoel om ons te skok).

1 Petr. 1:18, 19 sê dit kragtig: "Omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus ..."

2.3 Dat ons van alle tydelike en ewige ellende verlos is

Dit is: van alle geweld van die duiwel,<br>
van die sonde,<br>
en die dood.

Dit is die vrug van die versoening. Christus versoen ons so met God dat Hy ons voor God regverdig maak, bekeer, heilig en uiteindelik volkome verheerlik. "... sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel - en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was" (Hebr. 2:14, 15).

2.4 Dat hierdie versoening en verlossing ewiglik vir ons bewaar word

In hierdie lewe is ons aan allerhande kruis en beproewing onderworpe, gereken as slagskape (Rom. 8:36). Maar dit alles kan ons geen skade aandoen nie. Inteendeel, dit bevorder ons saligheid, want alle kwaad word tot ons beswil bestier. "Ons weet dat vir hulle vir wie God liefhet, alles ten goede meewerk ..." (Rom. 8:28).

2.5 Dat ons van hierdie goedere en die ewige lewe in ons harte gewisselik verseker is

Die sekerheid kom van H.G. wat dit deur die geloof in ons harte werk.

H.G. is die pand van ons erfdeel - en Hy getuig met ons gees dat ons kinders van God is (Rom. 8:16).

Hierdie werking van die H.G. in ons bring mee 'n ware bekering en 'n vaste voorneme om God gehoorsaam te wees en na al sy gebooie te lewe. Deur hierdie lus tot heiligmaking word juis die bewys gelewer dat gelowiges eiendom van Christus is, verlos uit mag van duiwel.

## 3. Die wetenskap (of kennis) van die troos

Om deel te hê aan die troos, dit te geniet, moet 'n mens drie dinge weet. Hierdie drie dinge word nie namekaar geleer nie - hulle ver=gesel die Christen gelyktydig langs sy hele lewenspad. Hierdie wetenskap, hierdie kennis, is nie saak van die verstand alleen nie maar ook saak van hart.

Ursinus (14) baseer die driedeling op indeling van Skrif in Wet en Evangelie. (Vgl. vrae 3 en 19: Uit die Wet van God - uit die heilige Evangelie ... Korreleer met drie deugde van God: geregtigheid, genade en heiligheid.

### 3.1 Ellende

Ursinus (14) gee volgende redes aan waarom mens sy ellende moet ken:

#### 3.1.1 Omdat dit die begeerte wek om verlos en vertroos te word

Kennis van siekte wek in sieke begeerte na medisyne. "Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is" (Matt. 9:12). Sonder kennis van ellende is daar geen begeerte na verlossing soos blyk uit gebed van Fariseër: "O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie - rowers, onregverdiges, egbrekers of ook soos hierdie tollenaar nie" (Luk. 18:11). Blyk ook by Laodi=cense: "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaens=waardig en arm en blind en nakend is nie" (Openb. 3:17).

Om te kan honger en dors na die geregtigheid (Matth. 5:6) moet 'n mens eers van jou honger en dors bewus wees. God sal nie 'n gebroke en verslae hart verag nie (Ps. 51:19).
Dus: kennis van ellende is nodig omdat daarsonder by die mens geen begeerte is om verlos te word nie. Maar dan is daar geen troos nie.

### 3.1.2 Omdat 'n mens sonder kennis van ellende nooit dankbaar sal wees vir verlossing nie

Wie nie weet hoe groot die nood en gevaar waarin hy verkeer is nie, sal nie weet hoe groot die verlossing is en sal die verskuldigde dankbaarheid nie hê nie.

### 3.1.3 Omdat die mens geen geskikte toehoorder van die Evangelie is, tensy hy sy sonde en ellende beken nie

Verkondiging van Evangelie moet deur verkondiging van Wet voorberei word. Daarsonder word mense sorgeloos. Dan sou hulle geen troos hê nie, want troos kan nie saam met vleeslike sorgeloosheid bestaan nie. Profete en apostels het met verkondiging van Wet begin - ons moet ook. Daardeur word mense van die waan van eie regverdigheid af=gebring en vir ware bekering voorberei. As laasgenoemde nie gebeur nie, word hulle deur verkondiging van genade nog sorgeloser en hardnekkiger. Valse Gerustheid. Gaan met ingebeelde hemel hel toe. So word pêrels voor swyne gewerp.

## 3.2 Verlossing

Kennis van verlossing is nodig om volgende redes:

### 3.2.1 Sodat ons nie wanhoop nie

Kennis van ellende alleen sou ons in uiterste wanhoop laat verval tensy ons terstond verneem van die weg van verlossing. Verlossings=leer maak onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges. Laasgenoemde bely ook soms sonde met groot verskrikking en droefheid - dink aan Kain, Saul, Judas Iskariot. Maar hulle bly staan by ellende en soek nie verlossing nie. Daarteenoor staan Dawid, Hiskia en Petrus deur God se genade weer op en troos hulle daarmee dat hulle weet hoe om van hul ellende verlos te word, naamlik dat hul sonde vergewe, bedek is en hulle nie toegereken word nie ter wille van Christus hul Saligmaker.

### 3.2.2 Sodat ons die verlossing ernstig mag begeer

Onbekend maak onbemind. As ons die weldaad van verlossing nie ken nie, sal ons dit ook nie begeer nie. En ook nie verkry nie!

### 3.2.3 Sodat ons deur die verlossing getroos mag word

Wat onbekend is, kan ons nie troos nie.

3.2.4 <u>Sodat ons nie self 'n weg van verlossing versin nie</u>

Sulke verlossingsweë wat mense versin, is volop. Dit kan selfs valslik gedek word met die Naam van God ... en met verlies van ons saligheid.

3.2.5 <u>Sodat ons die verlossing met 'n ware geloof kan ontvang</u>

Ware geloof is nie sonder kennis nie. Ook kennis van verlossing. Gewisse kennis en vaste vertroue. Verlossing word alleen deur ware geloof ontvang.

3.2.6 <u>Sodat ons God opreg dankbaar sal wees</u>

Mens begeer nie iets wat onbekend is nie. Jy bekommer jou ook nie juis om daaroor dankbaar te wees nie. Aan die ondankbare word die weldaad van die verlossing nie gegee nie. God wil dit alleen gee aan diegene in wie Hy die doel van die verlossing, naamlik 'n dankbare lewe, sal bereik. Die kennis dat Christus die Verlosser is, is die hart van die Evangelie.

3.3 <u>Dankbaarheid</u>

Om die enigste troos deelagtig te word is dit nodig om te <u>weet</u> hoe 'n mens God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees. Redes daarvoor:

3.3.1 <u>God wil sy weldade en verlossing alleen aan dankbares skenk</u>

Die doel waarmee God ons gemaak het: om Hom te prys en groot te maak. Dit kan alleen dankbare mense doen. In dankbaarheid bereik God dus sy doel met ons. God het ons uitverkies "om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees ... tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde" (Ef.1:4,6).

3.3.2 <u>Dat ons sodanige dankbaarheid sal bewys as wat God sal behaag</u>

God wil nie 'n ander dankbaarheid hê as die wat Hy in sy Woord voor=skryf nie.

Die ware dankbaarheid moenie uit ons harsings versin word nie, maar uit God se Woord geleer word. Vgl. verwyt aan Israel wat God met skyndankbaarheid wou paai: "As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis - om my voorhowe te ver=trap? (Jes. 1:12). En Jesus aan Farisiërs: "Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af" (Matth. 15:9).

3.3.3. <u>Sodat ons sal weet dat die dienste wat ons aan God en ons naaste bewys, geen verdienste is nie</u>.

Ons godsdiens en naastediens is alleen blyke van ons dankbaarheid. Want ons beken dat dit waarvoor ons dank, nie verdien is nie.

3.3.4. <u>Sodat ons geloof en troos deur betoning van dankbaarheid versterk word</u>

Deur dankbaarheid word ons verseker van verlossing. Wie dankbaarheid bewys, erken en bely metterdaad dat hy die weldaad van die verlos= sing deelagtig is - anders sou egte dankbaarheid onmoontlik gewees het. Aan vrug word boom geken.

## DIE KENNIS VAN DIE ELLENDE

### 1. Inleiding

Eerste Afdeling van H.K. handel oor mense se ellende. In drie Sondagsafdelings agtereenvolgens:

Sondag 2 - kennis van ellende.
Sondag 3 - oorsprong en omvang van ellende.
Sondag 4 - diepte van ellende.

In Sondag 2 gaan dit oor kennis van ellende vanuit drie gesigspunte.

Wat die mens se ellende is.
Waaruit die mens sy ellende ken.
Hoe die mens sy ellende uit die wet ken.

### 2. Wat die mens se ellende is

Woord "ellende" = uitlandig, in ballingskap. Mensdom as gevolg van sondeval uit paradys. Vgl. Vondel: "Adam in ballingschap".

Begrip ellende - is wyer as sonde.

Dit omvat nie alleen boosheid wat ons voor God skuldig maak, nl. die sonde, nie, maar ook straf van sonde soos teëspoede, pyn, swaarkry van mens. Ellende hier dus wyer as in vr. 2 waar sonde en ellende naas mekaar genoem word.

Ellende sluit ook in sondes waarmee vorige sondes gestraf word en wat weer in hulleself 'n noodwendige vergelding inhou. Voorbeeld: die telling van die volk deur Dawid (2 Sam. 24). Verskriklike mededeling: "Die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda" (vs. 1). Dit was tegelyk 'n sonde en 'n straf op vorige sonde nl. owerspel en moord deur Dawid begaan. Ellende is "allerellendigste kondisie van die mens na die val, bestaande uit hierdie twee allergrootste kwade: ten eerste, dat die menslike natuur boos is en van God afkerig is en met ontelbare sondes besmet;

ten tweede, dat hy ter wille van hierdie boosheid en sonde deur God verwerp is en die ewige vervloeking skuldig is" (Ursinus, 18).

As gevolg van sondeval het ellende 'n onontkombare, vanselfsprekende

werklikheid geword waaraan mens so gewoon geraak het, dat hyself veelal nie meer besef dat hy ellendig is nie. Laaste oorgeblewe vonkie grootheid in mens is dat hy sal besef dat hy ellendig is (Pascal)! Miskien is grootste ellende van mens in hierdie bedeling dat hy sy ellende nie ken nie.

Soos kind wat in melaatse-inrigting gebore word en opgroei - hy weet nie dat daar 'n ander werklikheid is as die melaatse werklikheid wat hom vanaf sy geboorte omring.

So ken mens geen ander werklikheid as hierdie ellendige werklikheid. Hy aanvaar dit as enigste, normale, natuurlike bestaanswyse.

Dit in ag nemende word dit 'n sinryke vraag: waaruit ken jy jou ellende? Hoe weet jy dat jy ellendig is? Hoe weet jy dat hierdie toestand nie "normale" toestand is nie?

## 3. Waaruit die mens sy ellende ken

Die ellende word nêrens beter uit geken as uit wet van God. "Deur die wet is die kennis van die sonde" (Rom. 3:20). En nog skerper: "Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie" (Deut. 27:26). Laasgenoemde kom voor as slotvervloeking by die vloekparade by Ebal en Gerísim voor intog in Beloofde Land.

Wet van God is ewige wil van God. By skepping van Adam na Beeld van God is kennis van God se wil hom ook ingeskape (ingeskep). Deur sondeval gaan hierdie kennis verlore. Daarom word dit by Sinai gegee in Tien Ge=booie. (Onderskei burgerlike wette, seremoniële wette en sedewet by Sinai - kennis van ellende is uit sedewet.) Na wetgewing op Sinai is wet deur profete by Israel ingeskerp met eis van gehoor=saamheid.

Sedewet word nie soos burgerlike en seremoniële wette afgedaan met eerste koms van Christus nie maar is "'n bestendige ewige reël van die geregtigheid wat vir alle volke voorgeskryf is en van toepassing is op alle tye. En dit is soos 'n spieël wat ons die vlekke van ons siele aanwys" (Ursinus, 18).

Ursinus (18) verwys ook na natuurwet as voorbeeld. Wie teen natuur=

wette probeer handel, dra gevolge daarvan. Wie swaartekragwet igno=reer, val hom te pletter teen grond.

Wielenga (52) noem voorbeeld van verkeerswette. Oortreding van een=voudige verkeersreël bring verwarring, ongeluk, dood. God se wet is meer as verkeersreël! Sy wet is, as uitdrukking van volmaakte wil van God vir ons lewe, dus ook 'n lewensbron. Daarom is geen oor=treding van God se wet moontlik sonder doodsgevolge. (Vgl. Ps. 119).

Wese van sonde is <u>anomia</u>, wetteloosheid. Nie alleen teenwettelikheid nie maar verwerping van alle wette. Sondaarmens wil eie wetgewer wees! Gewaande vryheid. Gekkeparadys waarin mens hom inbeeld dat hy vry is, sy eie baas. Gaan met ingebeelde hemel vir ewig verlore.

Hoe word sondaar aan hierdie waan ontdek? Ontnugter? Deur wet van God. "Want deur die wet is die kennis van die sonde" (Rom. 3:20). Dit is dus "'n onafskeidelik en voortdurende by die wet behorende bykomstigheid, dat dit, terwyl dit die mens die sonde laat sien, die hoop op die saligheid afsny. Op sigself is dit wel, omdat dit tot geregtigheid onderrig, die weg tot die heil, maar ons verkeerdheid en verdorwenheid verhinder dat die wet in hierdie opsig iets tot stand bring" (Calvyn).

Dus, in plaas van dat die wet aan die mens geregtigheid en vryspraak besorg in gerig voor God, bring dit hom tot besef dat hy aan al God se gebooie skuldig is en die straf daarop verdien (Van Leeuwen, Korte Verklaring, Romeinen, 47). Vgl. Dordtse Leerreëls, hoofst. 3 en 4, art. 5.

In hierdie lewe ken ons ellende maar net ten dele uit wet van God. By oordeelsdag sal volle kennis van ellende in lig van wet oor ons daag voor aangesig van God, die alwetende Regter!

4. <u>Hoe die mens sy ellende uit die wet ken</u>

Dit blyk uit vraag 3 en 5.

4.1 Vraag 4 - <u>Wat eis die wet van God van ons?</u>

Merkwaardig dat H.K. hier nie Tien Gebooie aanhaal nie, maar opsomming van wet in dubbele liefdesgebod. Daar is rede daarvoor. Liefdesge=bod is fontein van alle ander gebooie.

Mens is van nature wetsverknoeier. Fariseërs is meesters daarin. Stuur afgevaardigde na Jesus om Hom in te lok in warveld van rabbi=nistiese verskille. Fariseërs het wet van God begrawe onder berge van splinterige kwessies. Omtuining van wet. By elke gebod talle bybepalinge. Groei aan tot honderde gebooie en veral verbooie - sodat dit naderhand haas onmoontlik is om uit te maak wat is belang=rik en wat minderbelangrik. Daarby onderskei hulle tussen ligte en swaar gebooie. Vandaar geliefkoosde tema: Wat is allervernaamste gebod? Sommige: sattatsgebod. Ander: besnydenis (Wielenga, 55). Wat sal Jesus sê?

Hy dring deur tot kern van wet: liefde tot God en liefde tot naaste. Dis puur en simpel - nie vir misverstand vatbaar nie. Steek deur na gesindheid van hart. So word alle splinterige kwessies waarmee mens hom aan eis van Tien Gebooie meen te ontwring, uitgeskakel. (Vgl. ryk jongman: Ek het al die gebooie onderhou. Jesus: Een ding ontbreek jou: die liefde! - Luk. 18:22).

4.1.1 Liefde tot God

Hier geld 'n absolute eis.

Eis is: liefde met hele hart, hele siel, hele verstand, hele krag. Liefde met hele hart. Dit is: met al die affekte, begeertes, ge=neenthede. "Daarom, as God die hele hart van ons eis, dan wil Hy dat Hy alleen deur ons geken en geag word as ons Hoogste God: dat Hy bo alle dinge bemin word; dat ons hele hart in Hom alleen sy rus sal vind, en dat ons nie aan Hom die een deel en aan iemand anders 'n ander deel van die hart sal gee nie. Maar so dat daar niks is wat ons met Hom sou wou vergelyk nie, of hoër ag as Hy nie of 'n deel van die liefde gee wat ons aan Hom verskuldig is nie" (Ursinus, 18).

Met jou hele siel beteken so goed as met jou hele wil en voorneme, sodat jy niks sal oorweeg wat teen God se liefde, eer en wil stry nie (Ursinus,

Met die hele verstand: die deel van mens waarin vernuf en weten=skap geleë is. Jou hele verstand en alle gedagtes moet daarop aan=gelê wees om God volkomelik te ken en volkomelik te bemin want soveel as ons Hom ken, soveel bemin ons Hom ook.

Met jou hele krag: dit beken dat al jou werke, innerlik en uiterlik met God se wet moet ooreenstem en op sy eer gerig moet wees.

Jesus noem liefde tot God die groot gebod.

Eerstens, omdat God, oor Wie hierdie gebod handel, allergroots en heerlik is.

Tweedens, omdat die liefdesgebod die oogmerk is waartoe alle ander gebooie gebring moet word.

Derdens, omdat hierdie gebod die "principaalste Godsdienst" is waarvoor alle seremonies moet wyk. Die Fariseërs het seremonies hoër geag as sedewet. Jesus stel dit andersom.

God lief te hê is om deur erkenning van sy oneindige goedheid met eerbied vir Hom vervul te wees, Hom vir die opperste goed te hou, en op die allerhoogste te bemin en bewondien in Hom verheug en gerus te wees en sy eer voor alle dinge te stel sodat in ons ook die minste gedagte, geneentheid of begeerte na wat Hom mishaag, nooit sal opkom nie (Ursinus, 18).

3.1.2 Liefde tot naaste

Staan gelyk aan liefde tot God (Matth. 22:39). Naasteliefde word gebied, nie omdat naaste in homself so goed of wonderlik sou wees nie, maar omdat hy geskape is na beeld van God.

Naaste is, volgens verhaal van Barmhartige Samaritaan (Luk. 10:25 v.), alle mense met wie ons in aanraking kom.

Daar is betaamlike selfliefde - moet onderskei word van selfsug. Liefhê soos jouself - hoe geweldig word mens getrek en gedryf om jouself nie alleen met woorde nie maar met dade lief te hê! Selfs al vind ons baie swakhede en gebreke in onsself, gaan ons voort met selfliefde. Daarom stel God selfliefde as voorbeeld vir naasteliefde. Vgl. gulde reël: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen" (Matth. 7:12).

liefde tot God en naaste - dit is eis van wet.

3.2 Kan jy dit alles ten volle onderhou?

Noudat klaar gestel is wat wet van ons eis, word gevra of ons dit alles ten volle kan onderhou.

Hierop is antwoord tweërlei:

Eerstens. Dat dit onmoontlik is vir verdorwe mens om God se gebooie volkomelik te onderhou en dat mens daarom ewiglik God se skuldenaar is.

Tweedens. Word as oorsaak genoem dat mens so ver van liefde van God en naaste verwyder is, dat hy daarenteen van nature geneig is om God en naaste te haat.

Is dit werklik so erg met ons gesteld?

Hoor wat sê H.S. van ons natuurlike staat:

> "Daar is niemand wat regverdig is nie, selfs nie een nie.
> Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie.
> Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.
> Hulle keel is 'n oop graf, met hulle tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe.
> Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid.
> Haastig is hulle voete om bloed te vergiet.
> Verwoesting en ellende is in hulle paaie,
> en die weg van vrede ken hulle nie.
> Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie" Rom. 3:10-18).
> (Klink soos 'n beskrywing van wat in 'n Sondagkoerant te lese is!)

Vgl. verder: haters van God (Rom. 1:30),
sonder natuurlike liefde (Rom. 1:31),
vyande van God (Rom. 5:10);
ons was haatlik en het mekaar gehaat (Titus 3:3).

Van nature - afgelei van nasci, gebore word. Mens in sonde ontvang en gebore (Ps. 51:7), kan nie anders uit homself as God en naaste te haat.

Vgl. Paulus se stryd in Rom. 7:14-26. Wet is geestelik, mens is vleeslik (vs. 14). Ek weet dat in my vlees niks goeds woon nie (vs. 18). Wat vlees bedink, is vyandskap teen God (8:7). Goeie wat ek wil, doen ek nie, kwaad wat ek nie wil nie, doen ek (vs. 19).

Daar is 'n ander wet as die wet van God wat in my lede stryd voer teen wet van my gemoed en my gevange neem onder wet van sonde wat in my lede is (vs. 23).

Konklusie: Ek ellendige mens! (Rom. 7:24).

So ken ek my ellende uit wet van God.
Wanneer ek eis van God se wet en eis van die vlees teenoor mekaar stel - dan sien ek my ellende.

God se wet eis: Liefde met hele hart, hele siel, hele verstand, al jou krag, liefde soos jy jouself liefhet.

Vlees eis: vyandskap, haat teen God en naaste.

God se wet kom met al sy goddelike krag en majesteitlike geregtig= heid aan op my en eis: liefde.

My vlees, dis my eie natuur, my ouer mens, my eie-ek antwoord: haat.

Hierdie yslike konflik loop uit op erkenning: ek ellendige mens! So ken ons ons ellende uit die wet van God!

By wetgewing voeg God belofte van vervloeking oor elkeen wat wet verbreek: "Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie" (Deut. 27:26). Ons gewete getuig: ek het nie gebly in alles wat wet vereis nie. Inteendeel! Hieruit moet nood= saaklike besluit volg: ek is vervloek. Dit getuig elkeen se eie gewete as hy sy gewete nie versmoor nie. Die gewete is niks anders as so 'n "oordenking en besluit in die hart" dat wanneer die wet in die algemeen alle oortreders vervloek, en ons in die besonder ons eie oortredings oordink, ons by ons self tot die besluit geraak: ek is ter wille daarvan verdoem. Dis 'n goedkeuring van die vonnis van die wet. Daarop volg terstond 'n weemoed en wanhoop tensy dat ons uit die Evangelie vertroos en ons sonde ons deur die Seun van God as enigste Middelaar vergewe word (Ursinus, 19).

Vervloeking is 'n kragbegrip. Dit beteken: weggedryf te wees van aangesig van God en heerlikheid van sy sterkte - weggedryf tot in hel.

Wetskennis bring my dus tot besef: jy is op pad weg van God af na ewige verderf.
So ken ek my ellende uit wet van God!

SONDAG 3

OORSPRONG EN OMVANG VAN ELLENDE

1. Inleiding

In hierdie Sondag: oorsprong en omvang van ellende.
Oorsprong word behandel in vrae 6 en 7
Omvang in vraag 8.

2. Oorsprong

Val uiteen in twee vrae: Is die oorsprong van kwaad by God
So nie: Waarvandaan dan wel?

2.1 Het God die mens so boos en verkeerd geskape?

In vorige Sondag gestel: my natuur is sodanig dat ek geneig is om God en naaste te haat.

Nou is dit 'n logiese vraag: Hoekom is ek so?
Het God my so gemaak?
Skokkende vraag: As 'n kind dodelik siek is en sy moeder dag en nag besig is om hom te verpleeg en met haar liefde te koester ... as die kind dan die bose gedagte kry: my moeder het my gif ingegee, daarom is ek so siek, sy wil my vermoor. Dis skokkend.

Tog is daar mense wat glo dat God skuldig is aan kwaad. In Marxistiese Rewolusie in Rusland was daar slagspreuke soos: God is die kwaad! Godsdiens is opium vir volk!

God beskik wel die kwaad van ewigheid in sy Raadsplan - Skrif leer dit. Klaagl. 3:37 - Wie spreek daar en dit gebeur? Het die Here dit nie beveel nie? Gaan uit die mond van die Allerhoogste nie kwaad sowel as goed nie?"

Maar God is nie die Bron van die kwaad in die sin dat Hy juridies en moreel daaraan skuldig is nie. Vgl. Elihu wat sê: "Ver is God van goddeloosheid en die Almagtige van onreg" (Job 34:10). Dawid: "Die Here is regverdig in al sy weë en goedgunstig in al sy werke" (Ps. 145:17). Jakobus: "God kan deur die kwaad nie versoek word nie" (Jak. 1:13).

Daarmee word probleem van Theodicee (Godsregverdiging) aangesny waar= mee baie mense worstel: waar kom kwaad vandaan? As God 'n God van liefde is en almagtig: kon Hy kwaad nie voorkom het nie? Op hier= die vraag, waarop Bybel nie 'n antwoord gee nie, moet ons nie 'n eiewys antwoord probeer uitdink nie. Hier geld wat in N.G.B. art. 13 staan oor misterie van God se voorsienigheid en ons verantwoordelikheid: "Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskape het, hulle nie laat vaar het of aan die toeval of die geluk oorgegee het nie, maar hulle na sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wê= reld niks sonder sy beskikking gebeur nie, alhoewel God geensins die bewerker is en ook nie die skuld dra van die sonde wat gedoen word nie ... Met betrekking tot die dinge wat Hy doen bo die begrip van die menslike verstand, wil ons nie 'n nuuskierige ondersoek instel wat ons begrip nie kan bevat nie; maar ons aanbid met alle ootmoe= digheid en eerbied die regverdige oordele van God, wat vir ons ver= borge is, en ons stel ons daarmee tevrede dat ons leerlinge van Christus is om alleen te leer ken wat Hy ons aanwys in sy Woord sonder om hierdie perke te oortree."

Antwoord is dus nie met slim redenasie buite Woord om te vind nie. Wat leer God ons in sy Woord met betrekking tot die staat van ellende waarin ons ons bevind?
God het die mens nie so boos en verkeerd geskape nie.
Maar goed en na sy ewebeeld.

Goed

By voltooiing van skepping het God gesien "alles wat Hy gemaak het, en - dit was baie goed" (Gen. 1:31). Dit geld van hele skepping. Van die mens in besonder geld uitspraak van Prediker 7:29 "Net dit het ek uitgevind: dat God die mens reg gemaak het ..."

God is volmaak, alles wat Hy doen, is volmaak.

Van skepping van mens sê Kategismus: goed en na God se ewebeeld in ware regverdigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kan ken, Hom van harte kan liefhê en met Hom in die ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te prys.

Met hierdie antwoord is in stryd die leer van die Ewolusionisme. Ons aanvaar ewolusie (soorteontwikkeling) as verskynsel, maar nie ewolusionisme as verklaringsbeginsel van die bestaande werklikheid nie.

Laasgenoemde baseer sy teorie op aardlae, fossiele, skedels, skelet=te, klipwerktuie en rotstekeninge in grotte. Wil boek van God se algemene openbaring lees sonder bril van besondere openbaring in H.S.

Ons sê: gooi al hierdie vondste op tafel maar laat lig van H.S. daaroor val.

Volgens Ewolusie was Adam 'n onontwikkelde, bose oerdrommel wat van benede na bo moes ontwikkel. Konsekwente ewolusionis kan nie in Christus as Seun van God glo nie. Vir hom is Jesus van Nasaret hoogstens die hoogbeskaafde nasaat van 'n aapvoorvader.

Teenoor Ewolusionisme staan leer van H.K. op grond van Skrif. Mens is goed geskape. Skitterende ligvonk waarin iets nageblink het van ligsee van God se deugde. 'n Juweel in elke faset waarvan lig van God se heerlikheid weerkaats is.

Na beeld van God. Onderskei beeld in ruim en eng sin.
In ruim sin: alles wat mens onderskei van dier: redelikheid, on=sterflikheid, insig, logika, gewete.

In eng sin: geregtigheid en heiligheid. In mens dus afskaduwing van juridiese en morele deugde van God. Mens was volkome regverdig. Het tot in fynste besonderhede volgens wet van God gehandel. Sonder sondeskuld en volkome heilig - heeltemal aan God toegewy, afgesonder vir sy diens, moreel suiwer, sonder sondesmet.

Bestemming van mens in staat van regtheid: profeet - om God, sy Skepper reg te ken: priester - om God van harte lief te hê: koning - om in ewige saligheid met God te lewe.

Hierdie drievoudige amp moes mens beoefen om God daarin te loof en te prys.

Dat mens nou van nature geneigd is om God en naaste te haat - daarvoor lê skuld nie by God nie.

Waar kom die verdorwe aard van die mens dan vandaan?

Daarop antwoord vraag 7: Uit val en ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers Adam en Eva in Paradys ... waar ons natuur so verdorwe is dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.

Dié antwoord deel feit van sondeval mee en trek dadelik 'n leerstellige konklusie.

Feit

Misdaad wat gepleeg is: ongehoorsaamheid.

Name van misdadigers: Adam en Eva.

Plek van misdaad: Paradys.

Verhouding waarin elkeen van ons tot die misdadigers staan: ons eie voorouers.

Leerstellige konklusie

Om dit te verstaan is nodig: kennis van werkverbond (ook genoem paradysverbond). In verband daarmee die volgende:

Dit staan nêrens eksplisiet in Bybel dat God met Adam 'n verbond opgerig het nie. Maar alle elemente van verbond is hier teenwoordig. 'n Verbond in Bybelse sin is gewoonlik 'n ooreenkoms tussen twee partye teen 'n gemeenskaplike vyand. I.c. God en Adam teen Satan. Voorwaardes van verbond: God sal vir Adam 'n God wees en hom teen Bose beskerm. Adam moet tuin bewerk (kultuuropdrag) en bewaak, dit wil sê: teen indringing van Bose wagstaan. Om Adam se getrouheid te toets gee God hom proefgebod: Van al die bome in die tuin mag hy vryelik eet maar van boom van kennis van goed en kwaad mag hy nie eet nie. Dag as hy daarvan eet, sal hy sekerlik sterwe (Gen. 2:16, 17). Dit is 'n heel fyn toets vir Adam se gehoorsaamheid. Paradys is nie maar 'n klein tuintjie - stroomgebied van vier riviere. Woude vol vrugtebome met totale oorproduksie. Dan lyk dit 'n sinlose verbod: van die één boom mag jy nie eet nie.

Die eet van daardie een boom is nie maar onskuldige oortredinkie (soos wanneer 'n skoolseun in die pastorietuin 'n paar perskes gaps nie!) Dis verbondsbreuk, hoogverraad, al lyk dit na 'n onskuldige klein oortredinkie. Of 'n mens 'n blom gewelddadig in die modder vertrap en of jy hom versigtig met 'n dissekteermessie afsny - die resultaat bly dieselfde: die blom is van wy wortel af en hy gaan dood. So was dit met Adam.

Op verbreking van werkverbond volg dood.

Al het Adam daarna nog honderde jare geleef, was hy oombliklik na sondeval dood.

Wat is dood? Ken dood uit teendeel: lewe. Lewe is saambinding,

komposisie. Dood is ontbinding, dekomposisie. Vgl. voorbeeld van dryfband wat deurgesny word - kragwiel draai nog, trekwiel gaan dadelik staan.

Adam het op oomblik van sondeval geestelik gesterf. Lewensband wat hom aan God bind, is dadelik deurgesny. Hy het wel op aarde bly voortbestaan totdat ook band tussen liggaam en siel verbreek is.

Deur geestelike dood is beeld van God in enge sin verwoes. In plek van geregtigheid en heiligheid het gekom volslae ongeregtigheid en onheiligheid. In plek van profetiese kennis: onkunde, verloëning van God, selfs ateïsme. In plek van priesterlike liefde kom haat, in plek van koninklike diens en lewe kom opstand en dood.

Dit is straf van iemand wat verbond breek of hoogverraad pleeg: die dood.

Nou kan gevra word: waarom reken God Adam se misdaad aan ons toe sodat ons natuur nou so is dat ons almal in sonde ontvang en gebore is?

Wat het ons met Adam se oortreding te doen? Ons is mos nie daaraan skuldig nie. H.K. verwys hierby na Gen. 5:3 "Toe Adam 130 jaar oud was, het hy 'n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem".

Adam was geskape na beeld van God: in regverdigheid en heiligheid. Nou na sondeval verwek Adam 'n seun na sy eie beeld en gelykenis: d.w.s. in volslae ongeregtigheid en onheiligheid. En so is dit met alle kinders wat na beeld en gelykenis van vader en moeder verwek word. Dit is wat deur Dawid bely word:

> Ek lê voor U in doemskuld gans verlore
> al van die uur van my ontvangnis af (Ps. 51 (ber.))

Alle mense is erflik belas met erfsonde. Dit is erfskuld en erfsmet.

Kragtens werkverbond is ons, nageslag van Adam mede-skuldig aan sy misdaad al is dit eeue voor ons geboorte begaan.

Adam was nie maar 'n privaat individu nie. Hy was hoof van 'n verbond

wat sowel hom as sy nageslag gegeld het. Mensdom is nie maar 'n gruishoop wat uit 'n klomp los gruisklippies bestaan sodat daar na willekeur een bygevoeg of weggeneem kan word sonder dat die ander aangetas word nie.

Nee, mensdom is soos 'n boom waarvan Adam die wortel is. As wortel 'n giftige steek ontvang, gaan hele boom dood. Daarom was Adam se misdaad so ontsettend. Hy het nie in privaat hoedanigheid gesondig nie maar as verbondshoof van hele mensheid. Vergeleke met Adam se misdaad is die oorlogsmisdade van Hitler, Mussolini, Stalin en an= dere kinderspeletjies. Hulle het miljoene 'n grusame dood laat sterf miljoene ander vermink of laat hongerly. Adam het hele mensdom in die hel laat beland - die staat van ewige ontbinding en verwording, weg van aangesig van God en heerlikheid van sy sterkte. Paulus leer hierdie verbondsmatige toerekening van skuld in Rom. 5:12 v.v. "... soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het ..

3. <u>Omvang van die ellende</u>

Is reeds in tweede deel van vraag en antw. 7 aangedui: ons natuur is in Paradys so verdorwe dat ons almal in sonde ontvang en gebore is.

Daarop word nou uitgebrei met vraag 8: Is ons nou so verdorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad? Die antwoord is: Ja, tensy ons deur die Gees van God weergebore word

D.L. (III, IV, 1) verklaar. In plek van heerlike gawes waarmee hy geskape is, bring mens oor hom: blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verkeerdheid van oordeel in sy verstand; boosheid, wederspannigheid, hardheid in sy wil en sy hart, sowel as onsuiwer= heid in al sy geneenthede.

Dis baie krasse taal. Vir <u>Humanis</u> en <u>Ewolusionis</u> heeltemal onaan= vaarbaar. Hulle glo dat mens inherent goed is en deur beskawing en ontwikkeling hoogste sport kan bereik.

Die beste bewys van ons verdorwenheid is die halsstarrige weiering om ons verdorwe natuur te erken.

As iemand verdorwe is en dit nog erken, is daar hoop op redding. Maar as iemand verdorwe is en dit ontken, dan moet hy eers aan hom=self ontdek word.

H.K. sê: nee! Gevolge van ramp in Paradys is so groot dat dit net deur 'n wonder van God (die wedergeboorte) herstel kan word. ~~Wedergeboorte word hier nie genoem as 'n ligpunt nie in die gees van dat daar darem nog hoop is nie. Inteendeel: dit word genoem juis om aan te toon hoe donker, hoe ellendig dit is. Dit vra nadere toeligting.~~

Deur sondeval van Adam het mens beeld van God in ruim sin nog enig=sins behou: sy talente en gawes wat hom van dier onderskei, is nog eie aan hom. Maar beeld in eng sin is verlore: geregtigheid en heiligheid is tot niet. Profetiese kennis is nou een en al duisternis en onkunde; priesterlike liefde het haat geword; koninklike diens en lewe het opstand en dood geword.

N.G.B. (art. 14) sê dat mens na sondeval nog van uitnemende gawes wat hy van God ontvang het, net klein oorblyfsels oorgehou het ... wat genoegsaam is om mens alle verontskuldiging te ontneem! Hy weet dus dat daar 'n God is, maar hy kan Hom uit sy eie nie meer ken, liefhê en dien nie.

Ook D.L. (III, IV, 4) maak gewag van hierdie enkele straaltjies van die lig van die natuur wat in mens oorgebly het waardeur hy enige kennis behou van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen wat betaamlik en onbetaamlik is, terwyl hy ook enigsins 'n strewe openbaar na deug en uiterlike tug.

Maar van volkome eis om God lief te hê met hele hart, siel, verstand en krag, kom in mens se lewe niks te reg nie. Hy is in sonde dood, want sy wil is deur die Bose verslaaf sodat hy geen vrye wil meer het nie.

Hoor wat sê N.G.B. (14). Die mens het geen vrye wil nie, aangesien hy "niks anders is as 'n slaaf van die sonde, en niks kan aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie. Want wie is daar wat hom sal beroem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: Niemand kan na My toe kom nie as die Vader wat My gestuur het,

hom nie trek nie. Wie sal hom beroem op sy wil as hy verstaan dat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is? Wie sal van sy weten=skap spreek, aangesien die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie? Kort saamgevat, wie sal enige bedenking voorbring as hy verstaan dat ons uit onsself nie bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie, maar dat ons bekwaamheid uit God is?"

Die mens het geen vrye wil meer tot die goeie nie. Hy dien vrywil=lig die sonde maar is onmagtig om die goeie te doen. Hy is geneig tot alle kwaad. Dit wil nie sê dat kwaad by elke mens in sy alle = boosste vorm uitbreek nie, maar die neiging tot kwaad is daar en as die geleë oomblik aanbreek, kom kwaad vrylik tot openbaring.

In hierdie harde leer bots H.K. lynreg met beskouing van Pelagiane, Sociniane, Arminiane (waaronder ook die Metodiste).

As getuie vir hierdie harde leer roep H.K. Job (14:4; 15:14, 16, 35) in, die man wat so bitter geworstel het met vraag: Kan 'n mens regverdig wees voor God of 'n man rein wees voor sy Maker? Hoor wat sê Job: "Kon maar 'n reine voortkom uit 'n onreine? Nie een nie". En sy vriend Elifas wat alles aanskou het, beaam: "Wat is die mens dat hy rein sou wees, en hy wat uit 'n vrou gebore is, dat hy reg=verdig sou wees? Kyk, in sy heiliges stel Hy geen vertroue nie; ja, die hemele is nie rein in sy oë nie; hoeveel minder die af=skuwelike en ontaarde, die mens wat onreg drink soos water. Hulle is swanger van moeite en baar onheil en hulle skoot bring bedrog tot stand" (Job 15:14, 16, 35).

Ursinus tipeer dit raak: Die mens wat na die heerlike beeld van God geskape is, is verander in die lelike beeld van die duiwel.

Selfs deugde en goeie dade van heidene is maskers waaragter hul hul innerlike boosheid bedek. Ons deugde is veelal bemantelde misdade.

Geskiedenis van eeue is droewige bevestiging van bostaande. Alle restourasiepogings van mensdom op puinhoop van verlore paradys loop op groter verwoesting uit. Dink aan Babel wat ondergaan in spraakverwarring. Dink aan Babilon van eindtyd wat homself binne een uur verwoes. Dink aan Franse Rewolusie. Dink aan ellende van

twee wêreldoorloë. Dink aan Rewolusie van 20e eeu met sy terrorisme, chaos, bloed en skande.

Feit is: Mens is deur sondeval in sonde dood.
Hy weier om gered te word.
Alleen 'n wonder van God kan hom weer lewendig maak.

Dis wonder van wedergeboorte: "in sy krag nie minder of geringer as die skepping of die opwekking van die dode nie" (D.L. III en IV, 12). So groot is ons ellende: ons kan onsself nie red nie. God alleen kan ons red.

En dit is nie soos die Arminiaan dit voorstel: die mens 'n drenke= ling na wie Christus 'n reddingstou uitgooi en nou swem die mens na die punt van die reddingstou en gryp dit vas nie. Nee, die ver= lore mens is 'n drenkeling wat die reddende Christus met haat bejeen. As Christus as Redder op die wal verskyn, dan vlug die mens van Hom af dieper die ellende in. En as Hy die reddingstou na die mens gooi, weier die mens om dit aan te neem, behalwe as hy deur die wedergeboorte so vernuwe word dat hy die reddingstou deur God se genade in Christus kan aanneem. (Vgl. "Nie uit julleself nie" (Ef. 2:8). So groot is ons ellende!

## SONDAG 4

## DIEPTE VAN DIE ELLENDE

### 1. Inleiding

In vorige twee Sondagsafdelings is eerste deel van mens se ellende behandel, nl. sonde en verdorwenheid. In Sondag 4 volg nou ver= klaring van tweede deel van leer van ons ellende nl. die Straf wat die sonde verdien.

Maar voordat die straf in vraag 10 en 11 aan die orde kom, word eers in vraag 9 'n teëwerping behandel wat gewoonlik gemaak word teen dit wat in Sondae 2 en 3 geleer is nl. oor die strafwaardig= heid van die sonde.

Dit gaan dus hier oor twee sake.

1. Die strafwaardigheid van die sonde (vraag 9).
2. Die straf van die sonde (vraag 10, 11).

1. <u>Strafwaardigheid van die sonde</u>

In vraag 8 is gestel dat mens nou so verdorwe is dat hy heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneigd tot alle kwaad, tensy hy deur die Gees van God wedergebore is.

Nou volg hierop 'n teëwerping: Wie onmoontlike dinge gebied, is onregverdig. God gebied in sy wet dat mens Hom en naaste moet lief= hê (vraag 4). Uit vraag 5, 6, 7, 8 het geblyk dis heeltemal onmoont= lik. Die mens kan nie. Hieruit wil mense nou die oënskynlik lo= giese konsekwensie trek: God is onregverdig.

Die vraag lui: doen God die mens geen onreg dat Hy in sy wet van hom eis wat hy nie kan doen nie?

'n Paar voorbeelde ter toeligting: Is dit billik om van 'n persoon wat lam is in albei bene, te eis dat hy aan 'n naelloopnommer op die Olimpiese Spele moet gaan deelneem?

Is dit regverdig om van iemand wat doofstom is, te eis dat hy vir 'n voordragitem op 'n kunswedstryd moet inskrywe?

Is dit nou nie op dieselfde manier onregverdig as God van die son= daar wat van nature geneig is om God en sy naaste te haat en on= bekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad, te eis dat hy God met sy hele hart moet liefhê en sy naaste soos homself?

Volgens mense wat so redeneer, sou dit klaarblyklik heeltemal in orde wees as God vir die sondaar sou sê: Goed, haat My dan maar!

'n Verskriklike vraag: Is God nie onregverdig nie?

Mense stel dié vraag meermale onder groot druk. Hele boek Job gaan daaroor dat 'n man wat vroom en opreg was, deur God aan bitter=

ste ellende oorgegee is. So kom hierdie vraag soms na vore in hart van gemeentelede in tye van swaar beproewing. Dood, siekte, armoede, teleurstelling, groot rampe soos droogte, oorstroming, brand.

Die blote noem van die Naam God het die kwessie reeds by voorbaat beslis. Want God word in Bybel genoem: Die Regverdige (Jes. 24:16). Elihu aan Job:

> Ver is God van goddeloosheid en die Almagtige van onreg!
> Ja waarlik, God handel nie onregverdig nie en die
> Almagtige verdraai nie die reg nie.
> Durf u die Regverdige, die Geweldige veroordeel?
> (Job 34:10-17)

Maar hoe rym dit met God se geregtigheid as Hy van die sondige mens eis wat hy nie kan doen nie?

Hoe dit rym, word deur H.K. gesê: God het die mens so geskape dat hy dit kon doen. Maar die mens het homself en al sy nakomelinge deur die ingewing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaam=heid van hierdie gawes beroof.

Dis duidelik en logies: as 'n mens homself moedswillig, sy dit ook deur opruiing, van die middele beroof om sy skuld te betaal, dan is hy hierdeur nie van sy skuldelas onthef nie.
Bv. as 'n kind deur eie ongehoorsaamheid en deur slegte maats verlei word om hele skooljaar om te speel en nie te werk nie, dan is die eksaminator tog nie onregverdig as hy die dinge wat in die klas behandel is, in die eksamen vra nie. Dis die kind se eie skuld as hy druip.

In Eerste Wêreldoorlog het jongmanne in Frankryk hulleself onbe=kwaam gemaak vir militêre diens deur die duime van hul regterhande af te kap. Franse owerheid het dit agtergekom en toe doodstraf ingestel vir jongmanne wat hulleself op watter manier ookal onbe=kwaam maak vir diens. Tereg!

Dis wat Adam gedoen het. Geskape na beeld van God was hy volkome

in staat om God se wet te gehoorsaam. Maar deur moedswillige ongehoorsaamheid en influistering van duiwel het hy homself en al sy nakomelinge van die vermoë beroof.

Moedswillige ongehoorsaamheid: Hy was soos masjinis wat sien sinjaalstok staan gesluit - desondanks jaag hy voort. In botsing wat volg, slinger hy homself en al die passasiers op trein die dood in.

Influistering van duiwel: dis geen versagtende omstandigheid nie maar juis 'n verswarende! Die feit dat Adam wat as hoof van die mensheid in 'n verbondsverhouding met God staan, desondanks teen God vir Satan kies, kan nie tot versagting van sy vonnis aangevoer word nie. Dis 'n verswarende omstandigheid.

As God onder omstandighede sy eis bly handhaaf: Jy moet My en jou naaste liefhê, dan is God nie onregverdig nie. Inteendeel, as God van hierdie eis afstand sou doen, dan sou Hy juis sy geregtigheid krenk.

Hierin blyk juis God se geregtigheid dat Hy met die eis volhard; en sy genade dat Hy sy Seun gee om in ons plek die eis te volbring. Daarom, sê Augustinus, kan die wat in Christus tot die ewige lewe uitverkies is, bid: Gee Here, wat U gebied; en gebied dan wat U wil, en U sal nie tevergeefs gebied nie. "So is dan hierdie onmoontlike eis 'n baie groot weldaad, omdat dit die weg is om die moontlikheid (om God weer lief te hê) te bekom" (Ursinus). So word hierdie leer, wat deur Wielenga die pynlikste en ergerlikste vir die vleeslike mens genoem word, 'n noodsaaklike deur waardeur die volk van God moet gaan teneinde die weg na die verlossing te vind.

2. Die straf op die sonde (vraag 10, 11)

Nadat in vraag 9 die eerste deel van die mens se ellende, nl. die sonde as strafwaardig bewys is, begin die Kategismus nou in vr. 10 en 11 met die behandeling van die tweede deel van die ellende, naamlik die straf op die sonde. Die Kategismus leer hier uit die Skrif dat God die sonde baie swaar, regverdiglik en sekerlik straf.

<u>Baie swaar</u>: met tydelike en ewige strawwe.

<u>Baie regverdiglik</u>: want alle sonde is skending van God se geregtig=heid en van sy wet.

<u>Baie gewisselik:</u> Want God is waaragtig en Hy verander nooit die vonnis wat Hy eenmaal uitgespreek het nie: "Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie" (Deut. 27: 26. Vgl. Gal. 3:10).

Noudat die misdaad oortuigend bewys is, wil die aangeklaagde nog aan 'n voorlaaste strooihalm vasklem: God wil moontlik die afval en ongehoorsaamheid ongestraf laat bly.

So wil baie mense die <u>verlossingsleer so voorstel asof God gewoon=weg die kwaad deur die vingers wil sien.</u> Leer van algemene ver=soening. Hiervolgens sal Judas Iskariot, Pontius Pilatus, Hitler, Stalin, Nietzsche en al die goddelose en godloënaars op die ou end tog in breë rye die hemelpoorte binnegaan omdat God nooit van plan was om die sonde te straf nie.

Wat moet 'n mens dink van 'n regter wat die moordenaar van jou kind uit jammerte vir die misdadiger vryspreek nadat in die hof aange=toon is hoe die moordenaar by sy volle verstand met voorbedagte rade op wrede wyse die moord gepleeg het? Jy sal jou laaste sent in appèlsaak stort sodat reg kan geskied. As dit reeds al van 'n aardse regter geld dat hy <u>moet</u> straf na die maat van die oortreding, hoeveel te meer geld dit van God die Regverdige, die hoogste Regter? 'n Regter is daar om die reg te handhaaf. God is Regter. Daarom sou God ophou om God te wees as Hy die sonde nie na die maat daarvan straf nie. God se geregtigheid eis onverbiddelik van God dat Hy moet straf.

Verskriklik word dit deur Amos geleer dat God sal straf: "Al dring hulle deur in die doderyk, my hand sal hulle daaruit haal; en al klim hulle op na die hemel, Ek sal hulle vandaar laat neerdeel. En al steek hulle hul weg op die top van Karmel, Ek sal hulle daar op=spoor en weghaal; en al verberg hulle hul voor my oë op die bodem van die see, Ek sal vandaar die slang ontbied om hulle te byt. En al gaan hulle as gevangenes voor hulle vyande uit, Ek sal vandaar die swaard ontbied om hulle dood te maak; en Ek sal my oog op hulle rig ten kwade en nie ten goede nie" (9:2-4).

Hierdie ontsettende voorspelling klink heelwat anders as die vroom selfbedrog dat God die kwaad maar rustig deur die vingers wil sien. Verwant aan die vorige is die beskouing dat God nooit van plan was om sonde te straf nie - dis maar ons skuldige gewete wat ons wysmaak dat God ons wou straf. Verlossing is dus nie te vind langs weg van voldoening aan God se geregtigheid deur Christus aan die kruis nie, maar langs die weg van selfverskoning. Ek moet maar net van my skuldige gewete verlos word, my ontworstel aan my skuldbesef.

Evangelieprediking is dan dat aan mense gesê word: Moenie julle bekommer oor julle sonde nie, kom liewer los van skuldbesef. Dis die ware verlossing.

As dit waar sou wees, is die vraag: Waarom moes Christus dan aan kruis sterwe? Op hierdie vraag antwoord Sondag 15 - Die Seun van God moes Hom tot in die dood verneder "omdat weens die geregtigheid en waarheid van God nie anders vir ons sondes betaal kon word as deur die dood van die Seun van God nie".
In Psalm 7 beroep Dawid hom teenoor Kus die Benjaminiet wat hom belaster het, op God as Regter: "God is 'n regverdige Regter, en 'n God wat elke dag toornig is" (vs. 12).

In ooreenstemming hiermee verklaar die H.K. God vertoorn Hom verskriklik oor die sonde en wil dit deur 'n regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf.

Daar is mense wat sê: toorn pas nie by God nie. Dis onbeskaafd om toornig te word. Bybel leer ons die teendeel: "Ons vergaan deur u toorn en deur u grimmigheid word ons verskrik" (Ps. 90:7). Toorn is gekrenkte liefde. Hoe inniger die liefdesband, hoe skerper is die toorn wanneer die liefde gekrenk word (Wielenga).

Swak menslike liefde kan nie werklik toorn nie. Maar die volmaakte, Goddelike liefde (God is liefde!) word toornig met 'n toorn wat die berge laat sidder en die fondamente van die aarde laat bewe (Psalm 7:12).

Toorn van God word opgewek deur aangebore sowel as werklike sondes. Aangebore sonde is erfsonde. "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore,

en in sonde het my moeder my ontvang" (Ps. 51:7). Dis die staat van doemskuldigheid waarin ons ontvang en gebore word. Kinders wat gebore word as vader en moeder in ballingskap verkeer, is self ook ballinge, en húlle kinders sal ook ballinge wees, weg van die vaderland. Wie buite paradys gebore word, word in staat van oorge=erfde sondeballingskap gebore. God vertoorn Hom verskriklik daar=oor.

Werklike sonde is daaglikse sonde. (Erfsonde is nie minder werklik nie). As erfsonde die besmette akker is, dan is werklike sonde die bose onkruid wat op daardie akker groei. Ook daaroor vertoorn God Hom verskriklik.

God wil al hierdie sonde met 'n regverdige oordeel tydelik en ewig=lik straf.

Tydelike strawwe is die wat in hierdie lewe voorkom: siekte, te=leurstellings, smart, teëspoed oorloë, pestilensie, hongersnood. Verwoesting en chaos wat al hierdie tydelike strawwe meebring, is egter maar die eerste vlammende druppels wat op die aarde val uit die sewe goue skale wat met die toorn van God gevul is. Hoe ontset=tend sal dit wees wanneer eenmaal by die oordeelsdag en daarna in die hel die volle inhoud van God se toornskale soos 'n brandende lawastroom oor die mensdom uitgegiet word en die volle ontsetting ondervind word van die Goddelike uitspraak: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskrywe is in die boek van die wet om dit te doen nie (Weer die aanhaling uit die vloekparade van Israel by die intog in die Beloofde Land - Deut. 27:26).

In vraag 11, waarin die diepte van ons ellende finaal geteken word, word deur die advokaat vir die verdegiging nog 'n laaste beroep om begenadiging gedoen: Is God dan nie ook barmhartig nie? As dit dan so is dat (1) die sonde strafwaardig is;

(2) dat God 'n regverdige Regter is wat Hom verskrik=lik oor die sonde vertoorn, is daar dan nie nog 'n laaste moontlikheid om van die straf vry te kom nie, naamlik deur 'n beroep op die barmhartig=heid van die Regter?

Is God nie ook barmhartig nie?

Lê hierdie vraag aan die skare verlostes in die hemel voor wat deur God se barmhartigheid die saligheid ontvang het, hulle sal die antwoord in nimmer eindige dankliedere uitsing: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges: Wie sal U nie vrees nie, Here en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het" (Openb. 15:3, 4).

Stel hierdie vraag aan Dawid en saam met hom aan al God se kinders op aarde. Almal saam sal moet opstaan en getuig: "Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons on=geregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees" (Psalm 103: 8-10).

Lê die vraag of God barmhartig is voor aan die rampsaliges in die hel en wat sal hulle wantwoord? Die mense wat in die sondvloed ondergegaan het, sal moet opstaan en sê: Honderd en twintig jaar lank het die barmhartigheid van God tot ons gekom in die prediking van Noag die seun van die vertroosting, maar ons wou nie luister nie.

Die mense van Sodom en Gomorra sal moet opstaan en getuig: die prediking van God se barmhartigheid het tot ons gekom in die lewe van Lot wat sy regverdige siel gepynig het oor die gruwels wat ons bedryf het. Maar net soos die twee skoonseuns van Lot het ons hom gehou vir een wat gekskeer en ons op sy prediking nie bekeer nie. Daarom is ons in die verderf, omdat ons die barmhartigheid van God verag het. Judas Iskariot sal moet opstaan en getuig: drie jaar lank het ek God se barmhartigheid in die teenwoordigheid van Jesus Christus gesmaak - maar desondanks het ek die Seun van God vir dertig silwerstukke verraai en so die barmhartigheid van God versmaad. Die inwoners van Kapernaum, Gorasin en Betsaida sal saam met Jerusa=lem moet getuig: Hoe dikwels en hoe lank het Jesus Christus getrag om ons te vergader en te beskerm soos 'n hen haar kuikens, maar ons wou nie.

God is barmhartig. Ontsaglik barmhartig. Daaraan hoef nooit enige twyfel te bestaan nie. In die leer van verlossing (deel 2 van H.K.) sal dit breedvoerig aangetoon word. Maar God se barmhartigheid hef nie sy geregtigheid op nie. Die barmhartige God is terselfdertyd die regverdige God. Sy geregtigheid is eweseer een van God se deugde as sy barmhartigheid. As God van sy geregtigheid sou afstand doen, sou Hy ophou om God te wees.

God se barmhartigheid en sy regverdigheid is twee kante van dieselfde saak. Dit het Moses ondervind. Toe God op die berg neerdaal en langs Moses verbygaan, het Moses gelyktydig God se barmhartigheid en geregtigheid ondervind. Hoor wat roep hy: "HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortredinge en sonde vergewe maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag" (Ex. 34:6,7).

Sy geregtigheid eis dat sonde wat teen allerhoogste majesteit van God begaan is, met hoogste, dit is met ewige straf aan liggaam en siel gestraf word.

Die misterie van God se geregtigheid en barmhartigheid word geopenbaar in kruis van Christus waar God sy geregtigheid aan sy Seun voltrek sodat sy barmhartigheid aan ons bewys kan word.

Intussen eis sy geregtigheid van Hom as Regter dat sonde gestraf moet word.

Sonde word teen hoogste majesteit van God begaan. Sonde is majesteitskennis. Wie byvoorbeeld die koning 'n klap deur die gesig gee, skend sy majesteit. Dit is nie alleen negatief 'n weerhouding van die eerbied aan die koning verskuldig nie maar ook positief die betoning van minagting. Alle sonde is ten diepste majesteitskennis. Opstand teen en belediging van God die Almagtige en Heilige. Dis 'n gruwelike belediging vir God as Adam en Eva (en ons in en saam met hulle) verkies om na Satan te luister eerder as na God.

Die hoogverraad van Adam in die Paradys was 'n vorm van majesteits=kennis. Usurpasie - verwerping van die wettige owerheid om self die troon te bestyg.

Wat doen 'n koning met iemand wat die majesteit skend deur hoogver=raad? Hy word nie maar net uit vaderland verban nie. Hy word doodstraf opgelê. Gedagte wat hierin sit: Vors kan so iemand nie voor sy oë verdra nie. Hy wil hom nooit weer sien nie. Daarom is daar vir hom nie plek op aarde nie. Daarom nie net gevangenis=straf nie, want dan sal koning hom eendag dalk weer sien. Nee, die skuldige word die dood ingedryf. Dan is hy vir altyd weg.

Dieselfde gedagte spreek Paulus in 2 Thess. 1:9 uit: Christus sal as Regter oor die verdrukkers van die gelowiges verskyn in vuur en vlam wanneer Hy wraak oefen op diegene wat God nie wil ken nie: "Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte" (2 Thess. 1:9). H.K. noem dit die ewige straf aan liggaam en siel.

Dit is die vreeslike slotsom en diepte van ons ellende.

Die H.S. leer dat daar 'n singende hemel is.

Maar daar is ook 'n wenende hel.

Totius gee die volgende beskrywing van die ewige straf:

Die Ou Testament lei ons in 'n diep bergkloof, die dal van die seuns van Hinnom ten suide van Jerusalem. Daar het Asaf en Manassa die afskuwelike Mologdiens beoefen - dit is die afgod aan wie lewende kinders geoeffer is. Hierdeur is die dal van Hinnom op grusame wyse verontheilig. /Eindelik het Koning Josia alles wat in die dal was, laat verbrand, en van die tyd af het dit 'n onreine plek gebly, die ashoop van Jerusalem waar die (1) afval van die stad, die (2) liggame van dooie diere en die (3) onbegrawe lyke van misdadigers weggegooi is.

Na die terugkeer uit die ballingskap by die heropbou van Jerusalem is die dal van Hinnom woes gelaat, sodat dit mettertyd die simbo=liese voorstelling geword het van die rampsaligheid - die tydelike openbaring van die ewige strafplek van goddelose mense.

Jesaja profeteer dat God in hierdie dal gerig sal oefen oor sy vyande (die Assiriërs). Die grimmigheid van die Here teenoor Assur word voorgestel as 'n bloedfees wat God in die dal met hulle vier.

God self tree op as orkesleier van die orkes wat die dodemars oor Assur speel: "Die Here sal sy stem vol majesteit laat hoor en die neerdaling van sy arm laat sien, met grimmige toorn en die vlam van 'n verterende vuur, storm en stortreën en haelkorrels" (Jes. 30:27 - 30).

Ontsettende beeldspraak!

Lê nog hiernaas die voorstelling waarmee Jesaja sy profesie besluit:

"Hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My opge=staan het. Want hulle wurm sal nie sterwe, en hulle vuur nie uit=geblus word nie; en hulle sal afgryslik wees vir alle vlees." Wie dink hier nie aan die dal van Hinnom waar die vuilis van Je=rusalem gedurig in 'n geel vlam smeul en die wurms in die dooie liggame rondkruip nie?

Hierdie ontsettende beeld van die wurm wat nie sterwe en die vuur wat nie uitgeblus word nie, word deur Jesus self tot drie maal toegepas op die ewige verderf (Mark. 9:44; 46; 48).

Tot sover die voorstelling wat gebaseer is op die dal Hinnom. 'n Ander voorstelling is die van die poel wat brand met vuur en swawel.

"As dit bevind is dat iemand nie opgeskrywe is in die boek van die lewe nie, is hy gewerp in die poel van vuur"- So skryf Johannes in Openb. 20:15 waar gehandel word oor die eindgerig.

Jesus self gebruik ook die beeld van die verbranding. In die gely=kenis van die koring en die onkruid: "Net soos die onkruid bymekaar gemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: Die Seun van die mens sal sy engele uitstuur en hulle sal uit sy koninkryk bymekaar maak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen en sal hulle gooi in die vuuroond. (Matt. 13:40).

Hierdie beeld hou verband met die lot van Sodom en Gomorra. Wat 'n poel van vuur! En daar binne bevind sig: Die antichris, die duiwel by wie al die legioene van duiwels gereken moet word, en eindelik alle mense wat nie opgeskrywe is in die boek van die lewe nie!

'n Derde denkbeeld word gegee deur die profeet Esegiël, dit is nl. die van kuile water wat stilstaan en dien tengevolge tot soutvorming oorgaan (Eseg. 47). Esegiël gee in die laaste deel van sy profesie 'n gesig wat simbolies die nuwe tempel in die Nuwe Jerusalem voorstel. Uit die tempel stroom twee waterlope wat lewe sal bring onder die natuur en die mense. Daar sal egter 'n deel wees waar die onsterflikheid nie aangebring word nie. Die modderige plekke en moerasse wat deur die lewewekkende water nie bereik word nie, word tot sout verander. Sout is die teken van ewige vervloeking (Dink aan Sodom en Gomorra).

Daar is ook 'n reeks uitsprake uit die mond van Jesus self wat ons met huiwering vervul.

Hy spreek herhaaldelik van die buitenste duisternis, die onuitbluslike vuur, die vurige oond. Die beeld van vuur en duisternis is oënskynlik teëstrydig - in werklikheid vul hul mekaar aan. Vuur is nooit aakliger as juis wanneer dit in stikkende duisternis lê en voortsmeul sonder om ooit uit te brand.

Die apostels gaan voort met die verkondiging van 'n ewige strafplek. Paulus skryf aan die Romeine dat vir die goddelose wag: grimmigheid, toorn, verdrukking, benoudheid, ewige verderf, en die Hebreërbrief spreek van 'n val in die hande van die lewende God.

Op Patmos sien Johannes 'n afgrond, 'n gevangenis, 'n vuurpoel, 'n vurige oond. Dit alles leer die Skrif aangaande die ewige straf. Daar is talle vrae wat met huiwering deur 'n mens se hart gaan.

**Hoe moet ons die straf van die hel vir ons voorstel?**

Die lyde daar sal waarskynlik drievoudig wees:

a. Geestelik

Daar sal 'n geween en geknars van die tande wees: uiting van onbeskryflike droefheid; 'n wurm wat nie sterf en 'n vuur wat nie uitgeblus sal word nie: wroeging van die gewete en ewige kwelling in die besef van volkome onherroeplike verlorenheid. In die hel sal dit juis die lot van die rampsaliges wees, as alle weerstand van die goeie in hulle oorweldig is, en hulle wil- en weerloos moet aanskou en ewig gedoog dat die kwaad soos 'n kanker die siel verteer, die hart verlam, die lewensbloed vergiftig.

b. <u>Liggaamlik</u>

Daarvan sien ons op aarde iets in siektes soos kanker en melaatsheid. Op aarde word dit tot 'n mate gestuit deur die uitvindings van die mediese wetenskap. In die hel sal hierdie middels van God se alge= mene genade geheel ontbreek. Dink aan die dors van die ryk man - sonder dat daar 'n druppel water op sy tong mag kom.

c. <u>Die eenheid tussen geestelike en liggaamlike lyde</u>

Dit moet gesoek word in die senulewe wat 'n vermenging is van die vorige twee in die vorm van kranksinnigheid, vallende siekte en dies meer.

Die diepste oorsaak van die lyde sal natuurlik wees die feit dat daar van God se genade niks gesmaak sal word nie. Hulle sal as straf ondergaan die ewige verderf - weg van die aangesig van God en van die heerlikheid van sy sterkte.

Al wat daar van God geken sal word, is die golwe van verbolgenheid en toorn wat Hy oor die rampsaliges sal uitstort.

Nou mag ons nie uit die voorafgaande aflei dat die ewige straf 'n soort noodlot is wat die mens by die einde van sy lewe skielik oorval sonder verband met wat vooraf gegaan het nie.
Die Skrif lê (vol=
gens Totius) net soos die Kategismus 'n duidelike verband tussen skuld en straf, sonde en hel:- Sonde doen is vuur aan die brand steek. Vir die reisiger lyk die wêreld as die aandskaduwees daal, somber en koud. Daarom steek hy 'n vuurtjie aan. So doen die son= daar ook - hy ontsteek op sy lewenspad die sondevuurtjies om vro= likheid en lig te verkry. Die volgende dag trek hy verder menende dat hy net 'n hopie as agterlaat. Maar hy bedrieg hom. Onder die assies smeul die vonke van gisteraand se vuur. Na sy vertrek waai die wind die vonke in die gras. Vlamme spring op en jaag die reisiger agterna. Weldra is hy omring van 'n vlammesee. Dan moet hy, soos Jesaja profeteer, uitroep:- wee my, dit is die vuur wat ekself aan die brand gesteek het. Ek wandel in die vlamme van my eie vuur (Jes. 50:11).

## SONDAG 5

DIE SOEKTOG NA DIE MIDDELAAR

1. Inleiding

In die eerste deel van H.K. is gehandel oor mens se ellende. Dit was nodig om daaroor te handel teneinde te kom tot vaste troos in lewe en sterwe.

Tans volg tweede deel: Die mens se verlossing. Met oog op troos is dit dringend nodig. Sonder deel 2 sou deel 1 tot wanhoop voer.

Sonder leer van verlossing sou deel 1 van H.K. ons met pyl van wanhoop deurwond (Ursinus). Dit sien 'n mens in Kain en Judas Iskariot wat albei tot 'n besef van ellende gekom het sonder die besef van verlossing.

Vir 'n kranke moet, nadat aan hom die aard, omvang en gevaarlikheid van sy siekte blootgelê is, dadelik die remedie voorgestel word. So moet na die onderwysing aangaande ons ellende dadelik die weg van die verlossing aangedui word.

Hierin het God in die Paradys die voorbeeld gestel. Nadat Hy Adam en Eva aan hulleself ontdek het, het Hy hulle dadelik getroos met die belofte van verlossing deur die komende Messias. (Vgl. die Moederbelofte, Gen. 3:15). So het ook die profete en apostels gedoen. So het Christus self ook gedoen.

So moet ook in ons prediking gerig en genade mekaar steeds opvolg. Dis dieselfde sleutelmag wat oop- en toesluit. Vgl. die boekie wat Johannes moet opeet - in mond is dit soet, in maag bitter.

So: bitter-soet smaak van prediking! (Openb. 10). Korreleer met lewe van gelowige wat een stuk ~~humor is - 'n lag met 'n traan~~, maar ook 'n traan met 'n lag. So moet die evangelie van "bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder" (Luk. 24:46, 47). Vgl. ook die pragtige uitspraak in Klaagl. 3:32 - "Maar as Hy bedroef het, ontferm Hy

Hom na die grootheid van sy goedertierenhede; want nie van harte verdruk of bedroef Hy die mensekinders nie."

Sondag 5 stel twee sake in verband met die verlossing in die midde:

1. Die middel tot verlossing (12)
2. Die Middelaar van verlossing (13, 14, 15).

1. Die middel tot verlossing

In deel 1 van H.K. is bewys dat die mens, omdat hy die verskuldigde gehoorsaamheid aan God nie betoon het nie, aan ewige verdoemenis skuldig is. Nou is eerste vraag: Is daar enige middel waardeur ons van hierdie straf kan vrykom en weer genade kan verkry?

Dit is die vraag wat vanaf sondeval in hart van mens leef.
Kan ons verlore paradys herwin?
Kan ons uit ballingskap terugkeer?
Kan ons van sonde, dood en hel verlos word?

Dit lê ontsaglike klem op vraag: is verlossing moontlik? Ontstellende feit: in engelewêreld is verlossing nie moontlik nie. En in die mensewêreld? Ja, dit is. Maar daar is 'n voorwaarde aan verbonde.

Die voorwaarde is 'n skokkende ontnugtering: God wil dat aan sy geregtigheid voldoen moet word; daarom moet ons daaraan óf deur onsself, óf deur 'n ander ten volle betaal.

Baie mense is met hierdie antwoord nie tevrede nie. Hulle sê: God is 'n God van liefde en Hy sal wel vergewe. Stel jou voor: verlore seun kom huis toe en word deur polisie ingewag wat in opdrag van sy vader die onverbiddelike eis stel: Betaal!

Wie so redeneer, hou nie rekening met deug van God se geregtigheid nie. God is naamlik 'n Regter. Hy kan nie maar kwaad deur vingers sien nie.

In teksmateriaal in voetnote verwys H.K. na Gen. 2:17 - "die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." God se waarheid en

geregtigheid eis dat Hy hierdie bedreiging moet uitvoer. Dit plaas ons weer eens voor vraag wat in boek Job behandel word: "Sou 'n sterfling regverdig wees voor God? Of 'n man rein wees voor sy Maker? (Job. 4:17). Dis die vraag wat mense op ashoop van die lewe stel - en op die sterfbed as hul weldra voor aangesig van God die Regter moet verskyn. Dis ook die vraag wat mense aan Joh. Doper (Luk. 3:12, 14) en Petrus (Hand. 2:37) gestel het. Is daar 'n middel waardeur ek aan die eis van God se geregtigheid kan voldoen?

Ja daar is.
Goddank - dis nie soos by engele wat geval het nie.
Wat is die middel?
Betaal.
Betaal aan die eis van God se geregtigheid.
Betaal ten volle.

Die leer van die verlossing bestaan uit voldoening aan die geregtigheid van God.

Teenoor Wiersinga wat die noodsaaklikheid van die versoening deur voldoening loën, moet leer van die Skrif, soos vervat in die H.K. , sterk gehandhaaf word.

Grosheide (K.V.) vertaal Hebr. 2:10 soos volg: "Want Hij, om wien het heelal is en door wien het heelal is, kon niet anders, wilde Hij vele zonen tot heerlijkheid brengen, dan Hem, die hun in de zaligheid voorging, door lijden zijn doel doen bereiken". Ont= saglik: die almagtige God wat die heelal geskape het en in stand hou, kon nie anders nie, as Hy die mens wou red, as om sy Seun te straf nie./ Dis die vindikasie van God se geregtigheid. God kan die redding van sondaars wat sy geregtigheid geskend het, alleen bewerkstellig as daar deur voldoening (satisfactio - genoegdoening) aan die eis van sy geregtigheid voldoen word.

Treffend stel Bavinck in sy Dogmatiek (aangehaal deur Wielenga, sonder volledige vermelding van plek) in verband met die Latynse spreuk:

> Fiat justitia pereat mundus (laat geregtigheid geskied al moet die wêreld daardeur vergaan) die gedagte van die Skrif: Laat geregtigheid geskied sodat die wêreld gered kan word.

Tog is hierdie waarheid nie die uitgangspunt van die H.K. nie. Ook nie van die Skrif nie. Van die oomblik van die sondeval is God se geregtigheid ons verskrikking. Onversetlik soos die berge, dreigend soos 'n brullende leeu (Amos 3:4). God se geregtigheid is geopen= baar in sy wet - en vervloek in elkeen wat nie bly in alles wat die wet bepaal nie!

Aan God se geregtigheid kan alleen voldoen word deur die beoefening van geregtigheid, dit is: betaal. As die geregtigheid van God geskend is, moet deur straflyde volgens die maat van die misdaad aan die eis van God se geregtigheid voldoen word.

In Jer. 51:56 word die HERE "'n God van vergelding" genoem. En Jesus, die Saligmaker uit wie se mond die saligsprekinge (Matth. 5) gevloei het, het vlak daarnaas in dieselfde Bergrede die volgende woorde gespreek waarin ons die klank van beulysters en rinkeling van boeie en kettings hoor: "sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdie= naar en jy in die gevangenis gewerp word nie. Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie" (Matt. 5:25, 26. Vgl. Wielenga, p.111).

Die woord betaal is tekenend.
'n Mens betaal met geld.
En geld is oënskynlik onpersoonlik.

Maar dis nie waar nie. Die stoflike skuld het 'n sedelike karakter. Kuyper sê in E Voto: "Betalen is nooit uitwendig, want in geld zit ons brood, ons leven. Het is een zaak van onze persoon".

Wielenga (p.112) wys daarop dat die ou heidene meer geregtigheids= besef gehad het as moderne heidendom. In die heidense religie praat die stem van die gewete wat die mens skuldig verklaar en hom aandryf tot betalingsoffer deur dinge wat hy liefhet. Sy goed, selfs sy kinders is aan sy gode geoffer om sy gewete te stil.

Sy hele erediens, gebed en vas het laat dink aan 'n sisteem van skuldaflossing, losprysbetaling, gunsverwerwing. Daarteenoor wil die moderne religie (vgl. Wiersinga) die gewete vervang deur die wysgerige redenasie wat die voldoening en die versoening ontken.

Namate die ongeloof verharding meebring (en oppervlakkigheid), sal die kerk in die Kategismusprediking hierdie waarheid steeds harder en dieper moet proklameer: God is 'n God van geregtigheid en aan sy geregtigheid moet deur genoegdoening betaal word.

2. Die Middelaar van die verlossing

In die drie vrae wat nou aan die orde kom, begin soektog na Midde=laar. (In vraag 12 is gevra na middel.

Eerste moontlikheid: Kan ons self iets betaal?

In vraag 12 is gestel: God wil dat aan sy geregtigheid voldoen moet word: daarom moet ons ... betaal.
Nou die vraag: Kan ons self betaal?
Let op formulering: Kan ons deur onsself betaal? D.w.s. deur middel van al die vermoëns wat God ons skenk en alle moontlike menslike prestasies. Bekyk dit objektief. Kan dit as betalings=middel voor God dien?

Op die vraag of ons iets kan betaal, het heidendom in eindelose variasies van godsdienste met afbetalingsisteme die gode se guns probeer koop. Die Indiërs met pligpleginge en offers. Die Grieke met hul Stoïsyne en Epikureërs het denkstelsels vir 'n hervormende sedeleer aangewend. Later kom in Europa die Rooms-Katolisisme met sy Kruistogte, bedevaarte, bieg, aflaatbriewe en boetedoening. In moderne tye het die mens tot die paradys probeer terugkeer langs die weë van evolusie, rewolusie, morele herbewapening.

Tevergeefs!

Dit kon ook nie anders nie. Dink aan wat met Israel gebeur het. Hulle het afbetaling van skuld gesoek deur middel van seremonies van die wet wat God self verorden het. Die skuld het bly groei.

Hoor wat sê gelowiges uit die H.S. Job 9:2 - "Hoe kan 'n mens regverdig wees voor God?"

Job 15:14-16 - "Wat is die mens dat hy rein sou wees? En hy wat uit 'n vrou gebore is, dat hy regverdig sou wees? Kyk, in sy heiliges stel Hy geen vertroue nie; ja die hemele is nie rein in sy oë nie; hoeveel minder die afskuwelike en ontaarde, die mens wat onreg drink soos water."

Ps. 130:3 - "As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?"

Pred. 7:20 - "... want daar is geen regverdige mens op aarde wat goed doen sonder om te sondig nie."

Laat dit by ons vasstaan: ons kan niks doen om ons skuld af te betaal nie. Nie deur elke dag sewe maal Bybel te lees en te bid nie. Nie deur elke Sondag twee maal in die kerk te sit nie. Nie deur al ons goed te verkoop en die geld vir die armes te gee nie. Nie deur onsself in 'n klooster op te sluit en ons self te gésel of te laat martel nie. Nie nou nie, nie môre nie en ook nie in alle ewigheid nie.

Dit stop die mond van die Pelagiaan, die Semipelagiaan, die Armi= niaan, die Metodis en almal wat met vernuftige afbetalingsisteme die skuld voor God probeer delg en die saligheid probeer koop.

Inteendeel, sê die H.K.: Ons maak die skuld nog daagliks meer. Selfs met die goeie werke wat ons doen, maak ons ons skuld meer. Die N.G.B. (art. 24) sê pittig: "Ons staan by God in die skuld vir die goeie werke wat ons doen en nie Hy by ons nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae".

Dus: Onsself kan niks betaal om van die straf vry te kom en weer genade te verkry nie.

<u>Tweede moontlikheid</u>: 'n ander skepsel? Vraag 15 vra of daar êrens enige skepsel gevind kan word om vir ons te betaal.

Diere miskien?

Deur die eeue is dierebloed gepleng. By tempelinwyding het Salomo twee en twintig duisend beeste en honderd en twintig duisend skape geoffer (1 Kon. 8:63).

Maar, so vra God: "Sou Ek vleis en stiere eet of bloed van bokke drink?" (Ps. 50:13).

Engele miskien?

Kragtige helde wat sy woord volbring in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord (Ps. 103:20).

So heilig dat hulle deurentyd digby God se troon te vinde is. Hoe sou 'n engel die toorn van God kan verdra as hy vir die heerlik= heid van God sy aangesig met sy vlerke moet bedek? (Wielenga).

H.K. noem twee redes waarom geen skepsel die skuld van die mens kan betaal nie: eerstens wil God die skuld wat die mens gemaak het, aan geen ander skepsel straf nie;
tweedens kan geen enkele skepsel die ewige toorn van God teen sonde dra en ander skepsele daarvan verlos nie.

Wat die eerste betref: God se geregtigheid eis dat die sonde wat deur mense gedoen is, deur die mens betaal moet word (vgl. vraag en antw. 16).

Wat die tweede betref: Skepsele kan wel God se toorn dra. "Ons vergaan deur u toorn, en deur u grimmigheid word ons verskrik" Ps. 90:7).

Toorn van God is soos oseaan. 'n Skepsel kan daarin rondswem, maar hy kan nie daardeur swem om aan eis van God se geregtigheid te voldoen nie. Mens kan homself nie eens van dood verlos nie - hoe sou hy ander daarvan kan verlos? Dit kan geen skepsel nie.

Dit lyk of H.K. raadop is as hy eindelik vra: Hoedanig 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

In die algemeen is 'n middelaar 'n persoon wat twee partye wat 'n onderlinge twis het, weer met mekaar versoen.

Versoening sluit die volgende in: 1. As voorspraak dien by diegene teen wie misdryf is. 2. Vir die gedane onreg ver= goeding aanbied. 3. Beloof en seker maak dat die party wat misdryf het, dit nie weer sal doen nie. 4. Die twee twistende partye oorreed om die tweedrag te laat vaar en voortaan as vriende te lewe.

Hier word nou gesoek na 'n Middelaar wat God, wie se majesteit

deur die sonde geskend is, en die mens wat die ewige dood skuldig is, weer met mekaar kan versoen. Om die versoening te bewerkstellig moet die Middelaar deur sy dood aan die eis van God se geregtigheid voldoen, vir die misdadigers by God met sy voorbidding intree, aan die misdadiger sy verdienste toereken en hulle deur sy wederbarende werk tot nuwe skepsele maak sodat hulle sal ophou sonde doen.

Duitse teks noem hom 'n skeidsman. Ons sou sê: vrederegter. Hoedanig moet die Middelaar wees wat aan al hierdie vereistes vol= doen?

Hy moet waaragtige en regverdige mens wees en terselfdertyd sterker as alle skepsele, dit is waaragtige God.

Die redes hiervoor word in Sondag 6 gegee.

In Sondag 5 word volstaan met 'n kalligrafiese portret van die Middelaar. 'n Silhoeëttekening. Die Middelaar word nog nie by die Naam genoem nie - dit kom in Sondag 6.

## SONDAG 6

## DIE BELYDENIS AANGAANDE DIE MIDDELAAR

### 1. Inleiding

Groot oomblik het aangebreek. Na wekelange worsteling oor mens se ellende en die vraag na verlossing, kom H.K. nou by oomblik van waarheid: wie die Middelaar is. Soos toe Johannes die Doper by Bet-Abara verklaar het: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem" (Joh. 1:29).

In hierdie Sondag met sy belydenis aangaande die Middelaar word gehandel oor:

Die Wese van die Middelaar
Die Persoon van die Middelaar
Die Evangelie van die Middelaar

### 2. Die wese van die Middelaar (16, 17)

Tot twee maal die vraag: <u>waarom</u>?
<u>Waarom</u> moet Middelaar mens wees?
<u>Waarom</u> moet Middelaar God wees?

Die <u>moet</u> wat elke keer daarby kom, gee daaraan die karakter van Goddelike noodsaaklikheid. Dié vrae wil deurdring na Goddelike noodwendigheid in verband met die wese van die Middelaar. Dis nie soos 'n algebrasom wat uitgewerk moet word om te bepaal hoe die Middelaar moet wees nie. Geen skolastiek! Dis nie maar die vernuftige denkspel van teoloë wat 'n verslossingsisteem uitgedink het en dit nou aan die mense wil opdring nie. Dis presies andersom.

God het van ewigheid af sy verlossingsplan "uitgedink". Wat hier gebeur, is dat die kerk ootmoedig die gedagtes van God naspeur en in sy belydenis formuleer. Homologein - dieselfde sê wat God in sy Woord sê.

In Sondag 5 is aangetoon dat die Middelaar waaragtige en regverdige mens en terselfdertyd waaragtig God moet wees. Nou, in Sondag 6 wil H.K. weet: waarom so?

Antw. Eerstens, omdat die regverdigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal; en tweedens, omdat 'n mens wat self sondaar is, nie vir ander kan betaal nie.

2.1 <u>Waaragtige mens</u>

Weer eens: eis van God se <u>regverdigheid</u>. Dus nie 'n uitdinksel van mense nie. Deug van God se geregtigheid, wat met sy Wese een is, skryf dit voor. Menslike natuur wat gesondig het, moet self vir sonde betaal. Vir die derde maal as teksbewys: Eseg. 18:4 - Die siel wat sonde gedoen het, die moet sterwe (vgl. vr. 12 en 14 vir eerste twee keer).

Wielenga (p.123) verduidelik dit met die O.T. bepaling in verband met <u>Goël, Losser</u> (Vgl. Lev. 25:15). Goël is voorafskaduwing van Middelaar. Wanneer 'n Israeliet weens verarming sy besittings verloor het, moes 'n naby familielid die verkoopte eiendom terugkoop. Lev. 25 sê uitdruklik: die losser moet 'n <u>nabestaande</u> wees. (Vgl. die geskiedenis van Boas en Rut). Die Middelaar wat vir ons sonde kan betaal, moet ook ons nabestaande wees, vlees van ons vlees, bloed van ons bloed (Heb. 2:14), in alle opsigte aan sy broeders gelyk (uitgesonderd die sonde), sodat Hy 'n barmhartige Hoëpriester kan wees en medelyde met ons swakhede kan hê (Hebr. 2:14, 17;4:15).

Bastingius (p.53) bring die mensheid van die Middelaar in verband met die proefgebod aan Adam: Die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe (Gen. 2:17). Hierdie vonnis van God moet na die sondedaad van eerste Adam in werking gestel word. As die Middelaar, die tweede Adam, nie waarlik mens was nie, hoe sou Hy volgens hier= die vonnis kon ly en sterwe om ander daarvan te verlos? Hierop gee die skrywer van die Hebreërbrief, volgens Bastingius, antwoord as hy sê: "Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel - en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was" (Heb. 2:14, 15). Die Middelaar is immers die tweede Adam, 'n mens van vlees en bloed, uit wie die herskape mensdom deur die wedergeboorte uit die dood sou opstaan.

## 2.2 Regverdige mens

Die Middelaar moet egter nie net waaragtige mens wees nie maar ook regverdige mens.

'n Mens wat self sondaar is, kan sy naaste nie daarvan verlos nie. Juda kan aanbied om slaaf te word in die plek van Benjamin. Dawid kan sug: my seun Absalom, ag kon ek maar in jou plek gesterwe het! Moses en Paulus mag tot God bid om in die plek van Israel te sterwe.

Maar vir die verlossing uit die ewige dood kan geen mens wat self sondaar is, die rantsoen verskaf nie. So 'n mens sal 'n lewe van tagtig jaar te kort vind om vir sy eie sondes te betaal - hoe sou hy vir die sonde van 'n ander kan betaal om hom daarvan te verlos?

Daarom moet die Middelaar wat ons kan verlos, regverdig, dit is sonder sonde wees. "Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het" (Heb. 7:26). Vgl. ook die O.T. instelling dat die hoëpriester jaarliks op die Groot Versoendag vir sy eie sonde 'n offer moes bring (Lev. 16).

Maar die Middelaar moet ook waaragtig God wees (vr. 17). Die rede: sodat die Middelaar uit krag van sy Godheid die las van die toorn

van God aan sy mensheid kan dra en vir ons die geregtigheid en die lewe kan verwerf en teruggee.

Let op keurige formulering: die Middelaar moet uit krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid dra. Dus: die Middelaar ly na sy mensheid. Sy Godheid kan nie ly nie - want lyde beteken om aan 'n krag groter as jyself onderwerp te word, en daar is geen krag groter as God nie.

Landwehr: (p.33): God is oneindig en sy toorn is oneindig. Wanneer 'n blote skepsel onder die toorn van God kom, bly hy ewiglik daaronder Wie ken die sterkte van u toorn? (Moses in Ps. 90:11). Moses was die man wat die verhaal van God se toorn moes vertel. Sondeval, vervloeking van die aarde, sondvloed, ondergang van Farao se mag in Rooi-see, veertig jarige omswerwing van Israel in woestyn waar almal ouer as twintig jaar moet sterwe. Die verhaal wat Moses moes vertel, brand en rook van God se toorn. Selfs die kerk staan soos 'n doringbos wat vlam maar nie uitbrand nie. Ons vergaan deur u toorn en deur u grimmigheid word ons verskrik (Ps. 90:7).

> Maar die sterkte van God se toorn?
> Wie ken dit?
> Wie dit ondervind het, kan dit nie oorvertel nie, want hy is vir ewig verlore.
> God alleen ken sy toorn.
> En God alleen het die krag om dit te dra.

Maar nou formuleer die H.K. sorgvuldig; die Middelaar moet waar= agtig God wees om uit krag van sy Godheid die toorn van God aan sy mensheid te kan dra. Soos 'n stut onder die swaar belaaide tak van 'n vrugteboom.

Hier staan ons voor die Goddelike misterie van die Middelaar: God en mens tegelyk. Van die krip tot die kruis.
Sodat Hy vir ons die geregtigheid en die lewe kan verwerf en terug= gee. Die verwysing na Jes. 53:5 en 11 open 'n pragtige perspektief: deur lyde tot heerlikheid. Die kruisweg oor Golgota sal nodig wees om aan ons weer die geregtigheid en die ewige lewe terug te gee. Die Middelaar, wat self waaragtig God is, sal na sy mensheid deur God verlaat moet word sodat ons tot God geneem en nimmer meer deur Hom verlaat sal word nie.

3. Die Persoon van die Middelaar

Daarmee het groot oomblik aangebreek in H.K. en in prediking om te sé wie dié Middelaar is wat aan die gestelde vereistes voldoen.

Daarby hoort 'n stemming van aanbidding.

Die bruid moet, stralend van geluk, sê wie haar bruidegom is.

Deur die eeue het baie mense hulleself as verlossers van die mens=dom kom aanbied.

Boeddha, Mohammed, Alexander die Grote, Napoleon, Hitler, Mussolini, Marx.
Maar hulle het die utopie wat hulle beloof het, óf voorgestel as 'n droomwêreld, 'n nirvana anderkant die grens van die dood waarin die mens homself in die niks verloor, óf hulle wou dit langs die pad van bloed en trane van die massas verwesenlik. Hóe sê die kerk: wie is die Middelaar?

Nou soek die kerk iemand om namens haar te spreek. Wie uit die skare wat niemand kan tel nie, is beste daartoe in staat om namens die volk van God te sê wie die Middelaar is? Die Kategismus laat Paulus na vore tree.
Op die vraag: Wie is die Middelaar wat tegelykertyd waaragtige God en 'n waaragtige regverdige mens is? - sal Paulus die antwoord gee.

Waarom juis Paulus?

Om 'n baie fyn, subtiele rede.

Gaan delf maar in Paulus se lewensgeskiedenis en u sal die rede verstaan waarom die kerk op hierdie oomblik van alle mense die bekende Jood Paulus aan die woord stel.

Luister.

Hy is die man wat deur noukeurige studie van die O.T. 'n yweraar geword het in die wet van die Here. Hy wou as gestrenge Fariseër met sy nougesette wetsbetragting aan die eis van God se geregtigheid voldoen.

En Paulus het geglo, o, hy het hartstogtelik geglo, dat hy die oplossing gevind het:

Jy moes aan die voorwaardes van God se wet voldoen,
dan is jy vry van die toorn van God.

So het Paulus geglo ... totdat daardie Jood uit Nasaret, Jesus, met die leer gekom het dat Hý die Messias is
dat Hý die verlossing het,
dat Hý die ewige saligheid kan gee aan almal wat in Hom glo -
dat Hý die Middelaar is wat die wet volbring het.

Hy, met sy dwase leer van selfverloëning.
Vir die Jode 'n struikelblok, vir die Grieke 'n dwaasheid.
Hy, die swakkeling wat Hom laat kruisig het.
O hoe het Paulus Hom gehaat.
Hoe het hy dreiging en moord geblaas teen Jesus se volgelinge.

En toe op 'n dag, toe Paulus op pad was na Damaskus om van Jesus se dissipels te gaan vang, het dit gebeur:

Jesus het hom vanuit die hemel met 'n lig soos 'n bliksemstraal neer=gevel teen die grond en hom met blindheid geslaan en gevra:
Saul, Saul waarom vervolg jy My?
In sy daelange blindheid het Paulus die dure les geleer dat wat dwaasheid is by die mense - dis wysheid by God.

Dat God Hom wat onedel en verag is by die wêreld, uitverkies het om wat iets is, tot niet te maak.

En daarom, as die kerk die Middelaar wil bely dan stel die kerk Paulus aan die woord.
Paulus wat weet hoe bitter dit is om teen die prikkels te skop.
Paulus wat weet hoe ellendig die wêreld is in hulle wat Christus nie ken nie.
Paulus wat die krag van sy verlossende genade ken!
Paulus wat weet ons wysheid is dwaasheid by God.
Paulus wat weet ons geregtigheid is ongeregtigheid by God.
Paulus wat weet ons heiligheid is onheiligheid by God.

Paulus wat die gemeente vervolg het en nou die gemeente bou.

Hoor wat sê Paulus Wie is die Middelaar:

Ons Here Jesus Christus wat deur God aan ons geskenk is tot wysheid, regverdigheid, heiligmaking en verlossing.

Met Maria sing ons: My Redder en Bewaker
My God en Saligmaker!

Met Simeon bely ons: Immanuel die Lig van alle volke.

Met Thomas aanbid ons: My Here en my God.

Jesus Christus: Vreug van my verlange
Lig van my lewe
Skat van my hart.

3. Die evangelie van die Middelaar

H.K. wil weet: waaruit weet jy dat Jesus Christus die Middelaar is? Belangrike vraag.
By kwessie van so 'n groot gewig soos Middelaar (en ewige lewe) is dit van uiterste belang: wie is jou segsman?
waar kry jy dit?

Antwoord: uit die heilige evangelie.
Evangelie= (1) blye boodskap.
(2) 'n offerande wat aan God geoffer is vir 'n blye boodskap.
(3) 'n beloning of gawe wat gegee is aan iemand wat 'n blye boodskap gebring het.

In Grieks is woord evangelie besonderlik gebruik om geboorte van kroonprinse aan te kondig.

Die woorde epangelion en euangelion moet onderskei word.
Epangelion is belofte dat Messias sal kom.
Euangelion is vertelling dat Hy gekom het.

Dieselfde weldade word in die woorde epangelion en euangelion vervat.

Volgens H.K. is die evangelie 'n "leer van God deur die Seun, die

Middelaar, geopenbaar ter stond nadat die menslike geslag in sonde en dood geval het wat aan almal wat glo en hulle bekeer, vergewing van sondes belowe en verlossing van die dood, van die vloek en die toorn van God, en om die geregtigheid en die ewige lewe uit genade te gee deur en ter wille van dieselfde Seun van God, die Middelaar. Deur hierdie leer werk die Heilige Gees kragtiglik en ontsteek in die harte van die gelowiges die geloof en die boetvaardigheid wat die beginsel is van die ewige lewe" (Ursinus, 66).

Die evangelie kom dus van God self.
God wat nie kan lieg nie, het dit gegee.
Dis 'n blye boodskap. Kontrasteer met al die slegte boodskappe in koerante en ander nuusmedia.

H.K. wys veral op evangelie in O.T. - Daar het dit die karakter van Verbondsbeloftes. Hele Bybel is evangelie van Middelaar. Boek van herskepping. Hier lê ontsaglike ryk preekstof.

Evangelie in die paradys. Moederbelofte - Gen. 3:15.

Na sondeval tree God dadelik in om vriendskap wat Adam met slang gesluit het, te vervang met vyandskap. Kontrasteer: eerste Adam in paradys word versoek en val. Tweede Adam in woestyn word ver= soek en bly staande deur krag van H.G.

Daarna deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig het.
Aartsvaders: Henog se hemelvaart is 'n profesie van Christus s'n.

Noag se ark - profesie van kruis.
Abraham wat Isak moet offer - heenwysing na God wat sy Seun offer.

Verduidelik begrip <u>tipiek</u> - tupos is stempel. Matrys by beeld.
Wil beeld van Christus op ons hart afstempel.
Profete: Moses - wetgewer, Middelaar van Ou Verbond.
Elia - wethandhawer.
Christus - wetsvolbrenger.
Jesaja (evangelis van die O.T.) die lydende kneg van die Here.
Talle verwysings na Messias by profete.

Naas tipiek ook simboliek - tekentaal.
Offerandes en seremonies van die wet:
Heilige plekke, tye, persone, handelinge (Vgl. Keil). Almal silhoe=ettekeninge van komende Messias. Een voorbeeld: Juwele op borstas van hoëpriesters (Exod. 28).
Eindelik: vervulling deur eniggebore Seun van God.
Johannes Doper, laaste profeet, wegbereider, verklaar: Daar is Lam van God.
Geboorte, omwandeling, kruisiging, dood, opstanding, hemelvaart word met viervoudige gewisheid beskryf.
Wat daarna volg, is verhaal van voortgang van werk van Middelaar (Handelinge) besinning oor die betekenis van die verlossingswerk van die Middelaar (die briewe) en die uitsig op die heerlikheid van die ryk van die Middelaar (Openbaring).
Hele Bybel is evangelie. Beeld van soldate wat oor brug marsjeer.
Dis die kleed waarin Christus na ons kom.
Hy is die vleesgeworde Woord wat onder ons kom woon het.
In die Skrifte aanskou ons sy heerlikheid.
Die evangelie is die werkmiddel in die hand van die H.G. om die geloof in ons harte te bevestig. Daaroor sal vanaf Sondag 7 tot 23 gehandel word.

## SONDAG 7

### DIE GELOOF

1. Inleiding

Sondag 6 het afgesluit met die stelling dat die Christen uit die Evangelie weet dat Christus die Middelaar is.

Die Evangelie vra geloof.
Nou gaan H.K. oor geloof handel.
Dit begin in Sondag 7 en loop deur tot by Sondag 31.
Agtereenvolgens:
Die noodsaaklikheid, wese en inhoud - Sondag 7.
Die inhoud - Sondag 8 - 22.
Die bate van die geloof - Sondag 23.
Die geloof en die goeie werke - Sondag 24.

Oorsprong en versterking van die geloof - Sondag 25 - 30
Geloof en sleutelmag - Sondag 31.

In Sondag 7 kom aan die orde:
Die noodsaaklikheid van die geloof (vr. 20).
Die wese van die geloof (vr. 21).
Die inhoud van die geloof (vr. 22, 23).

2. Die noodsaaklikheid van die geloof (vr. 20)

Die saak wat nou aan die orde kom: Hoe word 'n mens die weldade van die Middelaar Christus deelagtig?

Deur die geloof.

Dit laat vraag ontstaan: word alle mense die verlossingswerk van die Middelaar deelagtig of net sommige? 'n Logiese vraag sluit aan by Sondag 3 vr. 7:- Ons verdorwe aard afkomstig van Adam. 'n Aktuele vraag. 'n Mens wil graag weet: jyself, jou ouers, jou kinders, jou familie, jou vriende - word hulle gered?

Vraag 20 is eintlik 'n voorbereiding vir die leer van die verlossing deur die geloof waarsonder "nog die Middelaar, nog die prediking van die Evangelie vir iemand profytlik sou gewees het" (Ursinus).

Die antwoord bestaan uit twee dele:

Eerstens: Alle mense word nie salig deur Christus soos hulle deur Adam verdoem is nie.

Tweedens: Alleen diegene word salig wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is en al sy weldade aanneem.

Wat eersgenoemde betref:

Alle mense word nie deur Christus salig gemaak nie.
Dit is 'n harde antwoord.
Hierteen is in verset almal wat 'n leer van algemene versoening preek. Mense kan hiervolgens maar lewe soos hulle wil, op die ou end skuif hulle in breë rye die hemel in. Onder hulle ook Saul, Judas Iskariot, Nietzsche, Stalin, Hitler. Ook alle heidene, Boeddhiste, Moslems, Vgl. Nuutste bekouinge in Nederland.
- Vgl. Petrus op Pinksterdag, Hand. 2 - daar is geen naam onder die mense ... Christus het dan mos vir almal gesterf en dit is die wil van God dat almal gered sal word. Vir hierdie

beskouing word selfs 'n beroep gedoen op 1 Tim. 2:3, 4 - "Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waar= heid kom". Maar Paulus bedoel hiermee nie dat dit die wil van God is dat elke individuele mens gered word nie maar mense van alle stande en range - net in die voorgaande verse gaan dit om owerheidspersone - God wil dat ook hulle (al vervolg hulle op daardie oomblik die kerk ten bloede) deur Christus gered sal word - soveel as uitverkies is.

Teenoor die Metodis, wat in hart en niere 'n Arminiaan is,- en in ons land in baie kringe nog steeds die hoë woord spreek, moet hierdie harde leer in die Kategismusprediking onverswak gehand= haaf word.

**Dat nie alle mense deur Christus verlos word nie is duidelik uit die Skrif:** "Hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom" (Joh. 3:36). "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.

Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemelse is" (matth. 7:13, 14, 21). By die laaste oordeel sal Christus die mense skei soos 'n herder die skape en die bokke en aan die bokke sal Hy sê: "Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele" (Matth. 25:41).

En Paulus waarsku: "Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of af= godedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie" (1 Kor. 6:10).

Genoeg. Dit staan vas: nie alle mense word deur Christus gered soos hulle deur Adam verdoem is nie. Ursinus (p. 70) sê: dit is ook openbaar deur die ervaring!

Waarom God nie alle mense red nie, is 'n probleem waarop die Skrif ons nie uitsluitsel gee nie. Ursinus (p.70) sê slegs: dit is omdat dit God so behaag en omdat Hy dié doel voor oë het: om nie alleen sy barmhartigheid maar ook sy geregtigheid te openbaar.

Augustinus (Epistel 150, aangehaal deur Ursinus, p.70), verklaar: "Indien God alle mense verlos het, sou dit verborge gebly het wat die sonde volgens die eis van die geregtigheid verdien; indien Hy niemand verlos het nie, sou dit nie geblyk het wat Hy deur die genade geskenk het nie."

Watter mense word dan wel gered? Dit word gesê in die tweede deel van die antwoord: Alleen die wat in Christus deur 'n ware geloof ingelyf word en al sy weldade aanneem.

Let op die passiewe en aktiewe formulering:

Passief - ingelyf word.

Aktief - sy weldade aanneem.

Dis van die grootste betekenis dat die passiewe en die aktiewe in balans gehou word. Die passiewe staan voorop: alleen diegene wat deur 'n ware geloof ingelyf word. Hierdie formulering wys terug na die diepste grond en oorsprong van die heil: die uitverkiesing in Jesus Christus.

Hier is dan ook een van die plekke in die H.K. waar die leer van die uitverkiesing openlik en ronduit verkondig moet word (vgl. ook Sondag 21 - 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is).

God het in sy Raadsbesluit in die ewigheid bepaal wie sy kinders is. Dit is 'n verborge besluit. Maar nou laat God dit nie daarby nie. Hy lyf almal wat Hy uitverkies het, deur 'n ware geloof in Christus in. "Uit genade is julle gered deur die geloof, en dit nie uit julleself nie. Dit is die gawe van God" (Ef. 2:8).

Die woord inlyf is hier fyn gekies.

Die beeld waaraan die woord ontleen is, is die wat Paulus in sy briewe gebruik om die verhouding tussen Christus en sy gemeente voor te stel: Die Hoof en die liggaam. Deur die geloof word ons dus ingelyf in die liggaam waarvan Christus die Hoof is.

Welbesien is dit dus slegs lidmate van die kerk van Christus wat salig word. (Hou vas aan die onderskeiding sigbaar en onsigbaar!) Daarom kan die N.G.B. (art. 28) verklaar dat die kerk "die heilige vergadering en versameling is van die wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie".

Maar by die passiewe kom die aktiewe: en al sy weldade aanneem. 'n Mens word by die kinderdoop passief gedoop as lid van die kerk. Maar by die aflegging van geloofsbelydenis neem jy aktief al Christus se weldade aan. Dit moet in die prediking steeds die oproep bly: Omhels Christus en al sy weldade.

Die Skrif leer dit uitdruklik: "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo" (Joh. 1:12). Pragtig: die <u>mag</u> van die kindskap!

Voeg hierby die kernteks van die evangelie: "So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Joh. 3:16).

<u>Samevattend</u>: 'n Mens word die weldade wat God deur die Middelaar skenk, alleen deelagtig deur die geloof wat God aan diegene gee wat Hy in Christus uitverkies het en wat deur die genadewerking van die Heilige Gees Christus en al sy weldade deur 'n ware geloof aanneem.

Dit lei tot die logiese vraag: Wat is 'n ware geloof?

## 3. <u>Die wese van die geloof (vr. 21)</u>

Dis nie sonder rede dat die H.K. vra wat 'n <u>ware</u> geloof is nie. Want daar is ook veel <u>vervalste</u> munt in omloop. Daar is verskynsels - ook in die Bybel! - wat baie na geloof lyk en tog nie 'n ware regverdigmakende geloof is nie.

Voorbeelde:

### 3.1 <u>Historiese geloof</u>

Dit is 'n vorm van geloof wat net in die <u>verstand</u> setel maar die hart

koud laat. Dit bestaan uit 'n kennis van alles wat in die Bybel staan - en laat dit daarby. 'n Sprekende voorbeeld daarvan is Simon die Towenaar wat "ook self gelowig geword" het (Hand. 8:13) maar toe darem nog die gawe van die Heilige Gees met geld wou koop. Dit geld ook van Agrippa. "Glo u die profete, koning Agrippa? Ek weet dat u glo"(Hand. 26:27). Maar Agrippa het in sy ongeloof verhard en is deur Paulus "byna beweeg om ook 'n Christen te word" (Hand. 26:28).

Jakobus skryf ook van so 'n ongeloof - selfs die duiwels het dit: "Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder" (Jak. 2:19).

3.2 Tydgeloof

'n Vinnige opwelling van gevoelsgodsdiens wat net so gou weer verdwyn. Dit neem die leer met blydskap aan maar is nie opreg en vas nie. Veral in tyd van vervolging en teëspoed raak dit weer weg. Dis soos die saad op die rotsagtige plekke in die gelykenis van die saaier. "Hy is net vir 'n tyd en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik" (Matth. 13:21). So gebeur dit soms in die bekeringsveldtogte van die geesdrywers waarin baie mense tot "bekering" kom en spoedig daarna maar weer terugval na hul ou sondige sleurbestaan. Na elke "revival" is daar 'n ontstellende aantal "back sliders." Dis hulle dié - die emosionele tydgelowiges. Hier word emosionele opwinding as die werk van die Heilige Gees aangesien.

3.3 Wondergeloof

Dis 'n geloof wat glo dat óf deur ons óf aan ons 'n wonder sal geskied. Selfs Judas Iskariot is deur Jesus saam met die ander dissipels uitgestuur om siekes te genees! Vergelyk in dié verband Jesus se antwoord op die vraag van sy dissipels waarom hulle die maansieke kind nie gesond kon maak nie: "Deur julle ongeloof; want, voor=waar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad, sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie" (Matth. 17:20). Paulus skryf daarvan in 1 Kor. 13:2 - "al sou ek al die

geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie". Ursinus (p.72) maak die opmerking: Baie heiliges soos Abraham en Dawid het 'n vaste geloof gehad en het nogtans nie berge versit nie. Daarom moet die geloof wat berge kan versit, die wondergeloof, onderskei word van die regverdig=makende geloof.

Ook in Matth. 7:22, 23 is daar sprake van 'n wondergeloof: "Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam ge=profeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"

In hierdie verband moet in die prediking gewaarsku word teen soge=naamde geloofsgenesers wat wondergeloof en regverdigmakende geloof vereenselwig en dan aan mense preek dat hulle genees sal word as hulle net glo. En as hulle nie genees word nie, is dit 'n teken dat hulle nie ware gelowiges is nie. Daarmee word goeie gelowiges soms geskok en bitter teleurgestel.

Die ware geloof

Word in die H.K. soos volg omskrywe: "Nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en salig=heid deur God geskenk is uit loutere genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus."

Let op pragtige trinitariese formulering (net soos in Sondag 1. Dit is een van die grondmotiewe van die H.K.). Hier is dit van besondere belang want dit gaan hier om die geloof - die band wat ons aan die Drie-enige God bind.

God die Vader openbaar Homself in die Evangelie.
God die Seun (Christus) verskaf die regsgrond waarop die vergewing van sondes, geregtigheid en saligheid aan my geskenk word.

God die Heilige Gees werk deur die Evangelie die vertroue in my hart dat die beloftes van die Evangelie nie alleen vir ander geld nie maar ook vir my.

Let ook op die noue band tussen Gees en Woord. Daarmee word alle mistisisme van die hand gewys. Die Gees werk die geloof deur die Woord en nie anders nie.

Calvyn: die ware geloof setel in die hoof en wortel in die hart. Dus 'n geloof met die hele wese. Bestaan uit kennis en vertroue.

'n Gewisse kennis

Kennis van alles wat God in sy Woord geopenbaar het. Geloof rig hom dus op die Woord van God./ Sonder kennis van die Woord is ge=loof onmoontlik. Ursinus (p.73) sê dis 'n weerlegging van die "bewimpelde geloof" van die Roomse wat sê hulle glo wat die kerk glo sonder dat hulle selfs enige kennis het van wat die kerk werklik glo. Volgens Rome is die geloof 'n mera consensus, 'n blote instem=ming met die leer van die kerk.

Ware geloof kan sonder kennis van die openbaring van God in die Skrif nie bestaan nie. "Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige, waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 17:3). Maar 'n mens ken God en Christus nie anders nie as uit die Woord. (Die kennis van God uit die natuur is nie genoegsaam vir die ewige lewe nie - dit bring hoogstens 'n Godsbesef maar nie 'n adekwate Godskennis nie.)

'n Vaste vertroue

In die vertaling van Ursinus se Skatboek deur Festus Hommius is daar sprake van 'n hartlike vertroue. Dan sê Ursinus (p. 73): by die kennis moet 'n toestemming kom dat 'n mens vir waaragtig hou alles wat God in sy Woord geopenbaar het.

Hier gaan dit om die gesag van die Skrif. Ursinus (p.73) sê: Daar is baie spotters wat die Woord vir fabels hou soos Petrus voorspel het dat daar in die laaste dae sal wees (2 Petr. 3:3). Vgl. moderne Skrifkritiek wat gesag van Bybel ontken.

Die geloof word ook in die Skrif 'n <u>bewys</u> genoem. "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb. 11:1). Dit is, dat 'n mens daar=van oortuig is en die waarheid daarvan duidelik bemerk (Ursinus, p.73).

En Johannes die Doper sê: die gelowige wat Christus se getuienis aangeneem het, "het sy seël daarop gesit dat God waaragtig is" (Joh. 3:33). Dit is: om dit as't ware te onderskryf en te onder=teken. Dit doen 'n mens alleen as jy in jou gemoed oortuig is van die egtheid van 'n dokument.

Die vertroue is 'n persoonlike toeëiening van die genadige kwytskel=ding van die sonde ter wille van Christus. Dit beteken om in God gerus te wees en jou in Hom te verbly oor so 'n groot weldaad.

Alleen die gelowige weet proefondervindelik wat die ware, regverdig=makende geloof is. Iemand wat nog nooit heuning geproe het nie, verstaan nie hoedanige smaak heuning het nie, hoewel hy baie van soetigheid gehoor het. Elke gelowige bevind dit deur God se genade in homself en kan teenoor andere getuig:

Eerstens: Hy aanvaar die Bybel onvoorwaardelik as die Woord van God.

Tweedens: Hy gevoel dat hy deur God se genade nie anders kan nie as om alles wat in die Woord geopenbaar is, vas te glo en te omhels. Want as dit alles waar en goddelik is, dan is dit ook billik om dit te glo.

Derdens: In die Woord aanskou, omhels en eien hy deur die werking van die Heilige Gees toe in sonderheid die belofte van die Evangelie van die genade van God wat die geregtigheid en die ewige lewe alleen aan die gelowiges gee, soos die Skrif leer: "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe" (Joh. 3:36).

Vierdens: Deur hierdie vertroue is hy vastelik gerus en seker van die teenswoordige genade van God jeens hom. Daaruit besluit hy met betrekking tot die toekomende genade: Aangesien God my nou so liefhet en sulke groot dinge gee, sal Hy my ook in die ewigheid liefhê en dit alles gee. Want Hy is onveranderlik en sy gawes is sonder berou.

Vyfdens: Hierop volg 'n blydskap in die hart oor hierdie genade=gawes en 'n vrede van die gewete wat alle menslike ver=stand te bowe gaan.

Sesdens: Daarom het die gelowige 'n ernstige voorneme om God ge=hoorsaam te wees sonder enige uitsondering in alles wat God wil dat hy moet doen of ly - al raas en tier die duiwel en die wêreld daarteen.

Wie glo, gevoel hierdie dinge in hom.
En wie hierdie dinge in hom voel, glo waaragtiglik.

4. Die inhoud van die geloof

Wat moet 'n Christen glo?
Alles wat ons in die Evangelie beloof word en wat die Artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

Die geloof is dus eerstens 'n band aan die Woord van God en tweedens 'n band aan die kerklike belydenis.

Wat belowe God in die evangelie?
Verlossing van sonde en dood.
En 'n ewige lewe.
Dit word gegee aan almal wat in die geloof Christus en sy weldade omhels.

Die verwysing na Joh. 20:31 in die voetnoot by vr. 22 is 'n meester=like greep: "Nog baie ander dinge het Jesus voor sy dissipels ge=doen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe dat julle kan glo dat (Jesus die Christus is, die Seun van God;) en dat julle deur te glo, (die ewige lewe kan hê in sy Naam".)
Hierdie vers staan aan die einde van die hoofstuk wat oor die on=geloof van Thomas handel. Hierdie dissipel het gesê:

Ek sal nie glo as ek nie sien nie.

Toe verskyn Jesus aan Thomas en sê: Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie maar gelowig.

Toe antwoord Thomas: My Here en my God!
Daarop het Jesus gesê: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo. Salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.

Dan volg die vers waarin meegedeel word dat hierdie dinge in die evangelie volgens Johannes beskrywe is, sodat diegene wat dit glo, die ewige lewe kan hê in sy Naam.

Salig is hulle wat nie gesien het nie maar wat alles glo wat in hierdie boek geskrywe is.

God beloof die onmoontlikste dinge.
Weeropstanding van die vlees.
Ewige lewe.
Salig is die wat dit glo.

Dan volg die verrassende slot.

Dit sit in die woorde ... en wat die artikels van ons algemene, Christelike geloof ons in hoofsaak leer
Jesus het belowe dat Hy sy Gees sou stuur om sy apostels (en daarmee sy kerk) in die volle waarheid te lei.

Heel vroeg in die geskiedenis van die Christelike kerk is dié be= lofte bewaarheid toe die Twaalf Artikels, ook bekend as die Apostoliese Geloofsbelydenis, as belydenisformule ontstaan het.

Die Twaalf Artikels is nie deur die Gees geïnspireer soos die Skrif geïnspireer is nie.

Tog het ons hier seker in 'n besondere sin die fabrikaat van die Heilige Gees.

Wanneer steenkool onder baie hoë druk geplaas word, word dit diamant. Die geloofsinhoud van die verdrukte kerk het in die Twaalf Artikels (en ander belydenisskrifte) diamant geword.

Op die openbaring wat God van Homself in die beloftes van die evangelie gegee het, gee die kerk in hierdie hoogsgekonsentreerde juweel sy belydende antwoord:

Ek glo in God die Vader.
Ek glo in God die Seun.
Ek glo in God die Heilige Gees.

Dis die inhoud van ons geloof - die band wat ons deur die Middelaar aan die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees bind tot in alle ewigheid.

## Aanhangsel by Sondag 7 oor die Twaalf Artikels

Die Twaalf Artikels staan in Latyn bekend as Symbolum Apostolorum. Die woord symbolum is afgelei uit Grieks sunballasthai = om saam te voeg, ʼn konferensie te hou, manne byeen te bring. In geval van Twaalf Artikels waarskynlik: die saamvoeging van die leer van die apostels.

Symbolum het in Grieks die betekenis van ʼn teken waardeur die een van die ander onderskei word soos in ʼn oorlog ʼn vaandel of ken= teken waardeur die metgeselle van die vyand onderskei word.

In kerklike taal word ʼn kort en bondige opsomming van die Christe= like geloofswaarhede ʼn simbool genoem omdat dit ʼn vaandel en ken= teken is waardeur die lidmate van die gemeente van die vyande van die Evangelie en die sektes onderskei word. Voorts omdat dit vir die gemeente ʼn rigsnoer van die geloof en van die leer is.

Die Twaalf Artikels word die simbool van die apostels genoem omdat dit die hoofsaak van die leer van die apostels bevat wat die kategumene moes ken en opsê. Die apostels het moontlik reeds al hierdie opsomming aan hul leerlinge geleer. Daarna het die ge= meente dit van geslag tot geslag oorgelewer.
Dit word ook katoliek genoem, want by alle verdeeldheid van die kerk is dit tog nog ʼn eenheidsband.

Die Twaalf Artikels bevat byna woord vir woord aanhalings uit die Skrif. Ursinus (p.76) noem die Twaalf Artikels die "fontein en reël" van alle ander belydenisskrifte.

Die redes waarom die kerk hierdie belydenisskrif gemaak het, veral toe die kerk en ook die ketters aangewas het, was die volgende:

1. Sodat nie alleen die volwassenes en ervarenes maar ook die kinders en die eenvoudiges die grondslae van die Christelike godsdiens sou kon verstaan.

2. In die Ou Testament het God self die hoofsom van die wet en die verbondsbeloftes kort saamgevat sodat alle gelowiges altyd voor oë sou hê die reël van die lewe en die fondament van die vertroosting. So moet nou in die Nuwe Testamentiese kerk die gelowiges die belydenis van hul geloof en die saamvatting van die troos hê - sodat hulle sou weet wat die leer behels waar= voor hulle vervolging moet verduur.

3. Sodat die gelowiges 'n sekere kenteken sou hê waardeur hulle destyds en alle tye daarna onderskei sou word van die onge= lowiges en die ketters wat die leer van die apostels en profete verdraai.

4. Sodat daar 'n permanente, eenvoudige, kort uiteensetting sou wees - so eenvoudig dat almal dit uit die hoof kon leer - waaraan die Christene alle verdere uiteensettings van die Skrif kon toets om aan te neem wat daarmee ooreenstem en te verwerp wat daarteen stry.

Die sekerheid van die Twaalf Artikels bestaan nie in die goeddunke van die mense nie of die bekragtiging deur kerkvergaderinge nie maar in die ooreenstemming met die hele Bybel, waarvan die hele gemeente wat die leer van die apostels onderhou, kan getuig dat hierdie die leer is wat van die apostels ontvang is.

Die kerk mag nie met eie wette en reëls die gewete van die gelowiges bind nie - dit mag God alleen doen deur sy Woord.

'n Mens moet God glo nie ter wille van die getuienis van die gemeente nie, maar 'n mens moet die gemeente glo ter wille van die getuienis van God in sy Woord.

Daarom is die behandeling van die Twaalf Artikels in die prediking amptelike, gesaghebbende onderrig uit die Skrif self.

## SONDAG 8

## DIE DRIE-EENHEID VAN GOD

### 1. Inleiding

Voordat H.K. Twaalf Artikels een vir een verklaar - eers verdeling van artikels volgens Drie-eenheid van God.

In Sondag 8 kom aan orde:

Belydenis van Drie-eenheid.
Openbaring van Drie-eenheid.

### 2. Belydenis van Drie-eenheid (24)

Verdeling van Twaalf Artikels volgens Drie-eenheid is nie 'n wille= keurige greep nie maar hang saam met ontstaangeskiedenis van Twaalf Artikels.

Dit het in vroeë Christelike kerk as belydenisformule ontstaan vir diegene wat volwassedoop moes ondergaan. Voordat iemand in Naam van Drie-enige God gedoop kon word, moes hy eers Drie-enige God bely. Dit was begin van Twaalf Artikels. Algaande is hierdie artikels uitgebrei tot huidige omvang.

H.K. gaan 'n stap verder. Nie meer 'n leerstellige uiteensetting sonder meer oor Drie-eenheid nie, maar bring dit met ons in verband.

Vader en ons skepping.
Seun en ons verlossing.
Gees en ons heiligmaking.

Nie so verstaan asof Vader alleen met skepping, Seun alleen met verlossing, H.G. alleen met heiligmaking besig is nie.

Beeld sal dit verduidelik. Huisgesin het inwendige en uitwendige kant. Verhouding tussen man en vrou en kinders onderling. Dis veel meer as uitwendige kant wat samelewing sien: vader gaan smôrens werk toe, moeder doen huishouding, kinders gaan skool. Maar dis net elkeen se hoofverantwoordelikheid dog nie enigste verantwoordelikheid nie. So is daar ook 'n innerlike en uiterlike sy in God se Wese en werke. Innerlike betrekkinge en verhoudinge

in Wese van God word gewoonlik genoem: personele eienskappe of be= staanswyses van God. Vader bestaan louter deur Homself. Bron van alles. Seun word van ewigheid deur Vader gegenereer. Heilige Gees gaan van ewigheid uit van Vader en Seun. Dit alles is innerlike bestaanswyse van Drie-eenheid.

Maar Drie-eenheid tree ook na buite op. Alle werke van God na buite is wesenswerke waaraan Vader, Seun en Gees deelneem, ook al staan soms by 'n besondere werk net een Persoon op voorgrond.

By skepping van hemel en aarde staan Vader voorop maar Seun en Gees het ook aan skepping deelgeneem. Vgl. Joh. 1:3 en Gen. 1:3. Die= selfde geld mutatis mutandis van verlossing en heiligmaking.

Dit moet steeds in ag geneem word by behandeling van Sondag 8.

Met hierdie greep bring H.K. ons lewe onder bestek van werksaamhede van Vader, Seun en Gees, nl. skepping, verlossing, heiligmaking. Onder die drie hoofde staan ons hele lewe van wieg tot graf.

Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge (Rom. 11:36).

3. Openbaring van Drie-eenheid (25)

By hierdie kernwaarheid dat God een Wese maar drie Persone is, ontstaan vraag: waaruit weet jy dit? Wie is jou segsman? Antwoord is duidelik: omdat God Hom so in Skrif openbaar. Daar lê baie stryd agter hierdie keurig geformuleerde antwoord. Arius en sy volgelinge het die drieheid ten koste van eenheid beklemtoon. Vol= gens hom is Seun nie van ewigheid af God nie - Hy is eerste skepsel van God. Hy lyk wel op Vader maar is nie gelyk met Hom nie. Hier= die dwaalleer kom vandag nog voor by Jehovahgetuies.

Daar teenoor staan Sabellius en sy volgelinge wat eenheid ten koste van drieheid beklemtoon. God het Hom by verskillende geleenthede in verskillende Persone geopenbaar: eers as Vader, later as Seun later as Heilige Gees.

Dus belangrike vraag: wat leer Skrif?
Skrif plaas ons voor misterie van Drie-eenheid.
'n Misterie ontleed jy nie met jou verstand nie.
Dis 'n kwessie van geloof.

God is <u>een Wese</u>.

Eenheid is Israel temidde van veelgodedom ingeskerp: "Hoor Israel, die HERE ons God is 'n enige HERE" (Deut. 6:4). Maar eweseer staan dit in Bybel vas dat God <u>drie Persone</u> is. Vernaamste van die plekke waar die drieheid geleer word, is vier hoofmomente in aardse om= wandeling van Jesus.

<u>By sy geboorte</u>: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word" (Luk. 1:35).

<u>By sy doop</u>: "Die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal; en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae" (Luk. 3:22).

<u>By sy dood</u>: Die aand voor Jesus se kruisdood verklaar Hy: "En Ek sal die Vader bid en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van waarheid ..." (Joh. 14:16).

<u>By sy hemelvaart</u>: "Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Matth. 28:19).

Wat beteken dit vir praktyk van godsaligheid?
Van allergrootste belang dat in prediking, gebedslewe, geloofsvoor= stelling en in daaglikse lewe die eenheid sowel as drieheid van God sal vasstaan - anders loop dit in hele geloofspraktyk skeef. Hoe maklik ontaard geloofsbeskouing in handhawing van 'n een-enige of 'n twee-enige God waarin sekere Persone op agtergrond te staan kom - tot skade van ons heil.

## SONDAG 9

**GOD DIE EWIGE VADER VAN ALMAG EN GENADE**
(Die troos van ons kindskap)

### 1. Inleiding

Twaalf Artikkels gaan nou een vir een behandel word - soos juwele uit skatkis uitlig. As ek sê: ek glo, sê ek: dis myne. Land=kaart van God se koninkryk. As ek sê: ek glo, sê ek: dis myne.

Eerste artikel gaan oor: God die Vader en ons skepping.

Om Sondag 9 te verstaan moet ons eers sinsontleding doen.
Hoofsin: Ewige Vader van Jesus Christus is ter wille van Jesus Christus my God en my Vader. (Sy ewige en genadige Vaderskap).

Kwalifiserende bysinne: Wat hemel en aarde en alles wat daarin is, uit niks geskape het,
wat ook deur sy ewige raad en voorsienigheid dit nog onderhou en regeer. (Sy almagtige Vaderskap).

Wat is konsekwensie van sy ewige, genadige almagtige Vaderskap?

1. Ek kan op Hom vertrou dat Hy my met alles wat nodig is vir liggaam en siel, sal versorg,
2 en ook dat Hy al die kwaad wat Hy oor my in hierdie jammerdal be=skik, my ten beste sal bestier,
omdat Hy dit kan doen as 'n almagtige God,
en ook wil doen as getroue Vader.
In hierdie eerste artikel word bely geloof in God:
Die ewige Vader van Jesus Christus,
die almagtige Vader van die skepping,
die genadige Vader van sy gelowiges.

### 2. Ewige Vader van Jesus Christus

Verhouding van Vader en Seun is misterie.
Word in O.T. profeties besing: "U is my Seun, vandag het Ekself U gegenereer" (Ps. 2:7). Hierop berus leer van ewige generasie, soos bely in artikel 10 N.G.B. "Ons glo dat Jesus Christus na sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is, van ewigheid gebore;

nie gemaak nie en nie geskape nie - want dan sou Hy 'n skepsel wees - maar eenswesens met die Vader, ewig saam met Hom, die afdruksel van die Wese van die Vader en die afskynsel van sy heerlikheid, aan Hom in alles gelyk."

> Hierdie Vaderskap van God is ewig. Botydelik.
> Al sou God nooit skepping gemaak het nie, sou Hy nog ewig Vader van sy Seun gewees het.
> Vaderskap is dus wesenseie aan God.

Hy kan, met respek gesproke, nie God wees sonder om Vader te wees nie. Seun is van ewigheid in sy boesem (Joh. 1:18).

Maar H.K. noem Hom bewustelik nie Vader van die Seun nie maar Vader van "ons Here Jesus Christus". Ewige Vaderskap word dus implisiet, via die Seun, met ons in verband gebring. Die besondere verhouding tussen God die Vader en ons ontstaan nie eers by ons wedergeboorte, selfs nie eers by geboorte van Christus by Bethlehem nie. Dit het sy oorsprong in <u>Vrederaad</u> van Drieënige God waarin God se verlossingsplan vasgestel word. In hierdie beraadslaging beskik Vader vir Seun 'n koninkryk (Luk. 22:29) wat alleen langs weg van ontlediging tot dood van die kruis (Fil. 2:7, 8) bereik kon word.

Wat van ewigheid af in Vrederaad vasgestel is, is deur God self tydens Jesus se omwandeling geopenbaar. By Jesus se doop (Matth. 3:17), by verheerliking op berg (Matth. 17:5) sê stem van Vader: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. En weer op laaste Dinsdag voor Jesus se kruisiging as Jesus bid: "Vader, verheerlik u Naam!" antwoord Vader uit hemel: "Ek hèt dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik" (Joh. 12:28). Welbehae wys terug op verkiesing in Christus in ewige Raadsbesluit. Wielenga (p.190) vestig aandag daarop dat God Hom deur eeue heen vir elke geslag opnuut en in elke nuwe omstandigheid as Vader van Jesus Christus bewys. Die gee van die Seun is nie 'n abrupte daad opeens en daar=mee uit nie. Nadat Seun van God gegee is om Hom te verneder tot in kruisdood, het God Hom uitermate verhoog - dit geld ook vir kerk van alle eeue. Ons het 'n burgerskap in hemele, ons word saam met Christus geplaas in hemel en moet soek dinge waar Christus is aan regterhand van God.

Dis nodig om ewige Vaderskap van God in gedagte te hou met oog op wat in punt 3 en 4 volg.

3. Almagtige Vader van skepping

Ewige Vader van Christus is almagtige Vader van skepping.

Hy het hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks ge=skep.

Wys Evolusionisme as verklaringsbeginsel van hand.

Van hemel waar God woon, kan ons geen voorstelling vorm nie. Hy woon in ontoeganklike lig in ander bestaansorde bo-ruimtelik en botydelik.

As God ons iets van sy almag wil toon, verwys Hy ons na sterrehemel. Vir Abraham: "Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel" (Gen. 15:5). Vir Job: "Kan jy die bande van die Sewe-ster knoop? Of die toue van die Orion losmaak? Kan jy die Diere=riem uitbring op sy tyd? En die Beer met sy kleintjies lei? Ken jy die wette van die hemel?" (Job 38:31-33). Vir Jesaja: "Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal. Hy roep hulle almal by die naam vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie" (Jes. 4 :26). Eietydse sterrekunde bring ons onder indruk van almag van God in sterre=hemel.

Ons eie son is 'n stippelklein sterretjie in Melkweg. In ons eie Melkweg is daar meer as 100 000 miljoen sterre - die een naaste aan ons is vier ligjare verwyder - sover as 'n ligstraal sal trek in vier jaar teen snelheid van 186 000 myl per sek., d.i. onge=veer 6 miljoen, miljoen myl per jaar. Middellyn van ons Melkweg is onmeetbaar omdat sterre van mekaar af weg beweeg - sommige sterre beweeg teen snelhede hoër as 186 000 myl per sekonde - dus sal hulle lig ons nooit bereik nie. Die aarde is so klein dat hy vanaf die naaste ster, Alpha Centauri, nie met blote oog gesien kan word nie. Rigel, een van die sterre van Orionbeeld is 50 000 maal so groot as son en sy lig neem 900 jaar om ons te bereik. Dit wat betref Melkweg waarin ons woon. Volgens sterrekundiges is daar meer as 4 500 miljoen sulke Melkwegstelsels in heelal - dus

meer as wat daar mense op aarde is. Vir elke mens op aarde meer as een Melkwegstelsel in die heelal. En elke Melkwegstelsel bevat gemiddeld honderd duisend miljoen sterre wat teen verbysterende snelheid uiteen spat. Daar is vuurballe in heelal waarvan die middellyn groter is as dié van die sirkel wat die aarde jaarliks om die son beskrywe - dus meer as 186 miljoen myl. So bv. Betel= geuse (in Orionbeeld): Middellyn 250 000 000 myl. Op die oomblik is die verste sterre wat aan wetenskap bekend is, 7 000 miljoen ligjare van ons verwyder.

Binne hierdie duiselingwekkende afstande en snelhede van sterre is daar ewe ontsaglike kragsontplooiing. Ons eie son, wat maar 'n stippeltjie is, het 'n buitenste temperatuur van 6 000 grade Celsius. In sy sentrum is sy temperatuur na skatting 14 000 000 grade C. Die proses van atoomsplitsing wat in die son aangaan, het tot ge= volg dat die son elke sekonde 4 000 000 ton ligter weeg. En dis die gewig van gasse, veral waterstof en helium. Wetenskaplikes skat die ouderdom van die son op meer as 5 000 miljoen jaar en voor= spel vir die son 'n verdere aktiewe leeftyd van meer as 6 000 mil= joen jaar.

Die heelal word in balans gehou deur swaartekragwette waarvan die werking alle berekening te bowe gaan. Voorts word ruimtes deurstraal met kosmiese strale - die geheime waarvan nou eers moeisaam nage= vors en ontdek word. Binne die heelal - op die aarde dan! - is die wonder van die lewe in miljoene verskillende lewensvorme. Onlangs is maar eers die wêreld van die kleine ontdek met elektromikroskope en ander apparaat: die selle, chromosome, gene, atome, protone, neutrone, elektrone. Daarmee het mens die werkkamers van God binnegedring.

Alles wat van God in natuur geken kan word, "is maar die uitlopers van God se weë, en wat 'n fluisterwoord hoor ons maar van Hom! Wie sou dan die donder van sy magtige dade verstaan?" (Job 26:14).

Hoe groot moet God wees wat gespreek het en al hierdie dinge het tot stand gekom! Eeu in en eeu uit onderhou Hy alles deur sy ewige raad en voorsienigheid.

Mens moet met Elihu bely: "Kyk, God is groot en onbegryplik vir ons" (Job 36:26).

4. Die genadige Vader van sy gelowiges!

Die ewige Vader van Jesus Christus,
die almagtige Vader wat hemel en aarde geskep het en onderhou, is ter wille van Jesus Christus, "my God en my Vader."
H.K. beroep hom vir hierdie stelling op Joh. 1:12 - "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo."

Heerlike ironie van geloof!
Mag om kinders te word.
By mag sou ons dink: om konings te word, mynmagnate te word, grondbaronne te word, mag om atoombomme te maak, mag om ruimtereise te onderneem, mag om met geleide pro= jektiele en kernduikbote lugruim en oseane te beheers.

nee, mag om kinders te word! = Mag oor Satan, sonde dood en hel.
Dit is die mag om met God te lewe tot in alle ewigheid.
In mag van kindskap om Christus wil trek alle lyne van evangelie saam.

Wat 'n liefde en volheidslewe,
waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe
dat Hy ons sy kinders noem! Skrifb. 33:1

Nou kan ek ewige Vader van Christus, almagtige Vader van skepping, mý Vader noem.
Wat beteken hierdie mag van die kindskap in my persoonlike lewe?
Ek mag My Vader so vertrou dat ek nie twyfel nie of Hy sal my met alles wat nodig is vir liggaam en siel versorg, en ook al die kwaad wat Hy oor my in hierdie jammerdal beskik, my ten beste bestuur omdat Hy dit kán doen as 'n almagtige God en ook wíl doen as 'n getroue Vader.

H.K. roep twee getuies in om te kom sê wat mag van kindskap beteken: Dawid en Paulus.
Dawid se eie kind Absalom het teen hom in opstand gekom. Dawid sê: "Ek het in my onrus rondgedwaal en was verward" (Ps. 55:3). "My

hart het inmerkaargekrimp in my binneste, verskrikkinge van die dood het op my geval (vs. 5). Hy het gewens hy het die vlerke van 'n duif om weg te vlug na die woestyn waar hy gou vir hom 'n skuil= plek teen die onstuimige stormwind sou soek.

Watter raad gee Dawid aan gelowiges wat hierdie angs moet deurmaak? "Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie" (Ps. 55:23).
Dit is die mag van die kindskap: die vertroue wat Christus deur sy Woord en Gees in die hart werk dat sy ewige Vader, die almag= tige Skepper van hemel en aarde, in alle nood van sy kinders kan en sal voorsien.

Die tweede getuie is Paulus.
In Rom. 8 handel Paulus oor die lydensvraagstuk. Wat sal ons van al hierdie dinge sê? Watter dinge? Dit dat die gelowiges gereken word as slagskape en die hele dag doodgemaak word? Deur die liefde van God wat daar in Christus is, is ons meer as oorwinnaars (hiper-oorwinnaars!) in al hierdie dinge. Daarom staan dit byvoorbaat vas: "Ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir die wat na sy voorneme geroep is" (Rom. 8:28).

Ons weet.
Dis wetenskap van geloof.

Kontrasteer met ander wetenskappe, bv. mediese wetenskap wat op 'n dag skouers optrek en sê: jammer, vir jou kan ons niks meer doen nie

Ons weet dat alles ten goede meewerk.
Alles.
Ook armoede, siekte, pyn, dood, droefheid. Alles!
Dis die mag van die kindskap: om meer as oorwinnaars te wees deur Hom wat ons liefgehad het.

Slotwoorde van hierdie Sondagsafdeling is so groot dat dit 'n mens laat duisel. Soos slotakkoorde van magtige simfonie waarvan God self die komponis is.

Al hierdie dinge is so, omdat God dit kan doen as 'n Almagtige God en dit ook wil doen as 'n getroue Vader.
Almag en getrouheid van God - dis sleutelnote van hierdie simfonie. Dit moet deur werking van Woord en Gees om Christus ontwil ook

sleutelnote wees van ons lewe. Dit moet in 'n kategismuspreek oor Sondag 9 in hart van gemeente tuisgebring word.

## SONDAG 10

## GOD SE VOORSIENIGHEID

### 1. Inleiding

In Sondag 9 is gehandel oor God se skeppingswerk.

Daarin is reeds verwys na sy "ewige raad en voorsienigheid". Nou kom vraag: Wat verstaan jy onder voorsienigheid van God? Van uiterste belang. Augustinus: Indien voorsienigheid van God die mens se lewe nie regeer nie, bly daar van religie niks oor nie. Ursinus: Fondamente van hele religie en godsaligheid word omver gestoot as mens leer van voorsienigheid versaak.

In Sondag 10 kom aan orde:

Leer van voorsienigheid (27).
Troos van voorsienigheid (28).

### 2. Leer van voorsienigheid (27)

Skepping en voorsienigheid in noue verband.

Tog verskil:
Skepping was begin van God se werke na buite.
Voorsienigheid is voortsetting daarvan
Skepping was uit niks.
Voorsienigheid oor bestaande dinge.

Woord voorsienigheid (pronoia, providentia) kom nie in Bybel voor nie. Wel voorsien. In twee betekenisse: Eerstens om vooruit te sien, bv. Hand. 2:31 - Dawid het, omdat hy dit vooruitgesien het, gespreek van die opstanding van Christus uit die dode.

Tweedens om in nood te voorsien. So in antwoord van Abraham aan Isak: God sal vir Hom=self die lam vir die brandoffer voorsien (Gen. 22:8).

Al ontbreek woord voorsienigheid in Bybel, saak kom veelvuldiglik voor. Bybelse gegewens word pragtig saamgevat in art. 13, N.G.B. - "Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskape het, hulle nie laat vaar het of aan die toeval of die geluk oorgegee het nie, maar hulle na sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie, alhoewel God geensins die bewerker is en ook nie die skuld dra van die sonde wat gedoen word nie."

Skepping en voorsienigheid is dus nie soos skeepsbouer wat skip bou en dan aan kaptein oorgee om daarmee die see in te vaar nie. Ook nie soos man wat horlosie opwen en op rak sit om af te loop nie. Hoe dan wel?

Begin by Raadsplan van God. In ewigheid het God alles wat deur eeue sal gebeur, in fynste besonderhede vasgestel. Raad van God is ewig, vrymagtig, wys, onvoorwaardelik, onveranderlik, alles omvattend. Hierin het God Hom besig gehou met voëltjies (Matth. 10:29) en hare van ons hoof (Matth. 10:30).

Dis nie maar net 'n vooruitsien van alle dinge nie. Dis 'n besluit waarin alles vooruit bepaal word sodat hulle so moet gebeur soos God van ewigheid besluit het. 'n Gewilde kennis.

Dit moet ons met ontsag vervul: 'n raadsbesluit waarin bestaan van alle mense, diere, plante, dinge en alle gebeurtenisse van alle eeue van ewigheid af vasgestel is sodat daar niks by toeval gebeur nie omdat God van ewigheid alles beskik het soos dit is en gebeur.

H.K. omskryf voorsienigheid as alomteenwoordige <u>krag</u> van God waar=deur Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onder=hou en regeer. Ontsaglike krag! Vgl. wat by Sondag 9 oor die grootte van die heelal gesê is.

Die <u>krag</u> moenie onpersoonlik gedink word (bv. soos elektrisiteit) nie. Dis 'n lewende, persoonlike krag. Bybel weet niks van on=persoonlike spreekwyse waaraan ons gewoon is. Let op volgende op=merkings van Kuyper (E Voto, I, p. 236 v.). Van visse en diere sê Psalm 104:27 v. "Hulle almal wag op U, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd. U gee dit aan hulle, hulle tel dit op; U

maak u hand oop, hulle word versadig met die goeie. U verberg u aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof." Dus nie maar visse of voëls of diere wat uitbroei of gebore word en sterf nie. God gee hulle die lewe en neem dit weer weg. Dis Hy, en nie 'n natuurkrag nie, wat die fonteine uitstuur in die dale sodat hulle tussen die berge deur wandel. Hy drenk die berge uit sy kamers. Hy laat brood uit die aarde voortkom. Hy beskik die duisternis en dit word nag. Die jong leeus brul en begeer hul voedsel van God (Ps. 104:10-26). Ons sê gewoonlik: dit word somer, winter. Die Bybel sê: God het somer en winter geformeer (Ps. 74:17). Ons sê: dit reën, dit sneeu. Die Bybel sê: "Hy gee sneeu soos wol; Hy strooi ryp soos as. Hy werp sy ys heen soos stukke - wie kan bestaan voor sy koue?" (Ps. 147:16,17). Ons sê: die weer dreun. Die Bybel sê: "Die stem van die HERE is op die waters, die God van eer donder ... Die stem van die HERE is met krag; die stem van die HERE is met heerlikheid" (Ps. 29:3,4). Tot sover Kuyper.

Op Areopagus vertel Paulus hiervan. Dis God self wat aan almal lewe en asem en voedsel gee. Hy is nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het, want ons is ook sy geslag (Hand. 17:25, 27, 28).

Raadsplan van God gaan langs verskillende werksaamhede in vervulling. Eerstens in skepping van alle dinge. Tweedens in onderhouding en regering van alle dinge. Skepping in Sondag 9 behandel.

Onderhouding is genadige versorging van alle skepsele. Ps. 104 is een loflied op God se onderhoudingswerk. Hy gee aan alles voedsel op regte tyd. God onderhou sonder middele en met middele. Sonder middele: die engele en die saliges in die hemel. Met middele: plante, diere en mense. God onderhou met goeie middele en met slegte middele.

Goeie middele: voedsel, medisyne, (ook voorbehoedende medisyne en inenting teen siektes). Maar God gebruik ook slegte middele wat Hy ten goede laat meewerk: Josef deur sy broers verkoop, Bileam wat Israel moet vervloek en hulle ondanks homself seën, valse pro=fete wat volk versoek sodat hul geloof sterker kan word, Satan wat

Saul kwel en Dawid aanpor om volk te tel, Absalom wat teen Dawid opstaan, Batseba wat Dawid verlei, engel van Satan wat Paulus met vuisslae slaan.

By al hierdie slegte middele (kwaad wat Hy oor my in hierdie jam=merdal beskik - Sond. 9) is God nooit Outeur van kwaad.

Ons staan hier voor misterie wat met verstand nie verklaar kan word nie. "Met betrekking tot die dinge wat Hy doen bo die begrip van die menslike verstand, wil ons nie 'n nuuskierige ondersoek in=stel wat ons begrip nie kan bevat nie; maar ons aanbid met alle ootmoedigheid en eerbied die regverdige oordele van God, wat vir ons verborge is, en ons stel ons daarmee tevrede dat ons leerlinge van Christus is om alleen te leer ken wat Hy ons aanwys in sy Woord sonder om hierdie perke te oortree" (N.G.B., art. 13).

Wat Bybel wel in hierdie verband openbaar, is idee van <u>toelating</u>. Gen. 31:7 - Jakob sê aan sy vroue: "Julle vader het my bedrieg: hy het my loon tien maal verander. Maar God het hom nie <u>toegelaat</u> om my skade aan te doen nie".

Ps. 105:14 - "Hy het geen mens <u>toegelaat</u> om hulle te verdruk nie". Hand. 14:16 - "Hy het in die tye wat verby is, <u>toegelaat</u> dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel."

As Bybel sê dat God kwaad toelaat, beteken dit nie dat Hy passief sit en toekyk dat mense kwaad doen nie. Eerder dat Hy kwaad in sy Raadsbesluit beskik en so tot openbaring laat kom: Hy onttrek sy genade aan sondaar. Hy leer hom nie wat sy wil is nie. Hy bring sondaar se wil nie tot gehoorsaamheid nie. Nou doen sondaar uit eie beweging, met eie, aanwysbare, goddelose motiewe wat God van ewigheid af besluit het, moet gebeur. Vgl. Kain wat Abel doodslaan - na God hom selfs daarteen gewaarsku het.

Natuurlik mag sondaar hom nie beroep op voorsienigheid van God nie. Mens mag nooit sê: Omdat God besluit het ek sal 'n moord pleeg, daarom het ek dit gedoen. Mens weet nie vooruit wat God se ver=borge besluit is nie. Hy moet geopenbaarde wil van God doen. Vgl. Deut. 29:29 - "Die verborge dinge is vir die HERE onse God;

maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewig=heid, om te doen al die woorde van hierdie wet."

Regering is tweede deel van voorsienigheid. God is Koning (Ps. 97:1; 99:1). Hy heers oor alle dinge. Hy doen dit deur middel van 'n oneindige aantal natuurwette. Alle dinge gebeur volgens dié wette: koms van jaargetye, wisseling van dag en nag, alle prosesse in stoflike en geestelike wêreld. Hierdie wette kan nie straffeloos oortree word nie. Wie nie met swaartekragwet rekening hou nie, sal hom te pletter val.

Wese van wonderwerke is dat God tydelik wette wat in ewige heerlik=heid geld, in hierdie werklikheid laat deurbreek. Dáár sal geen armoede, siekte, dood wees nie.

Noodwendige implikasie van leer van God se voorsienigheid is dat daar geen toeval is nie. Geen blinde fortuin. Dit sny in teen oerou dwalings wat vandag nog altyd in nuwe baadjies opduik. Die Epikureërs leer daar is geen voorsienigheid nie. Alle gebeure is willekeurig God bemoei Hom met niks nie en laat alles aan die toe=val oor (Vgl. art. XIII, N.G.B.).

Stoïsyne - die volslae noodsaaklikheid van alle dinge en gebeure sit in die natuur van die dinge en gebeure self - God is self hieraan onderworpe. Dié noodwendigheid word genoem Fatum. Vgl. vandag in koerante, tydskrifte en gesprekke wat die noodlot alles beskik!

Peripatetici - God deursien en verstaan wel alles - maar Hy is pas=sief. Deus otiosus. Van onderhouding en regering geen sprake. Hy verwek alleen hemelse bewegings en gee daardeur aan die natuur krag om die dinge self te laat gebeur.

Deïste - God het skepping soos horlosie opgewen en op rak neerge=sit om self af te loop.

Dus geen toeval maar alles uit vaderlike hand van God. Let daarop: tot drie maal verwysing na God se hand in hierdie Sondag.

Hy onderhou en regeer alles as met sy hand.
Alle dinge kom uit sy vaderlike hand ons toe.
Alle skepsele is so in sy hand dat hulle teen sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie.
Sluit hierby aan in Christusprediking.
Christus, die Seun van God, se hande aan kruis vasgespyker.
Hy is van ewigheid af Skeppingsmiddelaar.
Onderhoudingsmiddelaar.
Maar eers deur kruisdood word Hy Verlossingsmiddelaar. Algemene genade waarkragtens God sy Raad langs weg van voorsienigheid ont=plooi, rus in kruis van Christus. Dus nie net besondere genade nie maar ook algemene genade word aan kruis verwerf. By hemel=vaart verklaar Christus: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde" (Matth. 28:18). Christus, wat so magtig is dat Hy sterre in sy hand hou (Openb. 1:16), is ons Verlosser, vlees van ons vlees, been van ons been. Deur Hom is God, die Regeerder van die heelal, ons barmhartige Vader.

3. Troos van die voorsienigheid

H.K. wil troosboek wees. D.i., teenoor kwaad wat ons lewe be=dreig, goeie stel wat God in Christus gee. Watter goeie stel God in Christus teenoor kwaad wat Hy oor ons in hierdie jammerdal beskik? Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antw. is drieledig:

In teëspoed geduldig.
In voorspoed dankbaar.
In toekoms vertroue.

In teëspoed geduldig

Merkwaardig dat teëspoed eerste genoem word. Waarskynlik omdat teëspoede van gelowige menigvuldig is. Vgl. Ps. 73 - die groot raaisel word die groot nogtans.
Ursinus noem: alle kruis, nood, aanvegtinge, siekte, vervolginge, armoede en ellende. In al hierdie dinge moet ons onthou dat die almagtige God hierdie dinge met sy eie hand oor ons beskik, maar

dat Hy alles tot ons beswil laat plaasvind. Ons moet deur hierdie dinge leer om ons in die ootmoedigheid te oefen en ons siele met geduld te besit. Veral nie aan God, die alwetende, probeer voor=skryf wat Hy moet doen nie, maar besef dat Hy alles wyslik beskik en regverdiglik uitvoer.

Die oefening in die lydsaamheid is vir ons nodig soos blyk uit voorbeelde in die Skrif, veral in verband met die kwaad wat God oor ons beskik deur die hand van medemense.

Josef:

As Josef hom daaroor bekommer het en daarop gestaan het om die kwaad wat sy broers hom aangedoen het, na te reken, dan sou hy nooit weer 'n broederlike hart teenoor hulle kon hê nie. Maar toe hy sy gemoed tot God bekeer het, wie se voorsienigheid hy ook in die slegte dade van sy broers onderken het, toe het hy die onreg wat hom aangedoen is, vergeet, en is tot sulke sagmoedigheid be=weeg dat hy selfs sy broers getroos het: "Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou" (Gen. 50:20). Met hierdie profesie kan Genesis, die boek van die geboorte, maar met 'n doodkis eindig. Deur alles heen sál God se koninkryk kom.

Job

Job het niks geweet van gesprek tussen God en Satan.
As Job net die onreg wat die Chaldeërs hom aangedoen het, raak gesien het, sou hy in toorn en wraakgierigheid ontvlam het. Maar hy het in alles wat oor hom gekom het, die hand van God gesien en homself met die pragtige spreuk getroos: "Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer. Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!" (Job. 1:21). Uiteindelik het God vir Job alles ten goede beskik. Maar sy weg met Job was, soos met Christus, deur lyde tot heerlikheid.

Dawid

Hoe sou Dawid as koning tydens die opstand van Absalom die vloek

van Simeï kon verdra het, indien hy nie meer op God se voorsienigheid as op Simeï se laster gelet het nie? Maar toe Abisai aan Dawid vra: "Waarom moet hierdie dooie hond my heer die koning vloek? Laat ek tog oorstap en sy kop afslaan!" was Dawid se antwoord: "Wat het ek met julle te doen, seuns van Seruja? As hy vloek, en as die HERE aan hom gesê het: Vloek Dawid! wie mag dan vra: Waarom maak jy so?" (2 Sam. 16:9, 10). By 'n ander geleentheid het Dawid temidde van groot beproewinge gesê: "Ek is stom, ek sal my mond nie oopmaak nie; want U het dit gedoen" (Ps. 39:10). Die koninkryk van Dawid, die man na God se hart, het stand gehou - maar deur baie teëspoede heen.

Ursinus sê: "So is daar dan geen beter remedie teen ongeduld, toorn en wraakgierigheid as dat 'n mens die oë afwend van diegene wat ons kwaad aandoen en hulle wend op God se voorsienigheid. As ons anders doen, is ons soos rasende en onsinnige honde wat die hout en die klip byt waarmee hulle geslaan of gegooi word en nie let op die persoon self wat dit doen nie. En ons moet in teëspoed wel ons vorige lewe oorpeins, ons ondankbaarheid en ongehoorsaamheid aan die wet van God, deur welke gebreke ons God genoodsaak het om ons 'n kruis op te lê sodat ons ons betyds bekeer en nie met die wêreld verdoem word nie. 'n Mens mag wel die slegte instrumente hul skuld gee wanneer sodanige skuldgewing nie teen die liefde gebruik word of om sigself teen God te verontskuldig. Ons sien dat ook Josef en Dawid dit gedoen het. Want hoewel God die Here na sy ondeurgrondelike wysheid wel weet om die boosheid van mense te gebruik om sy oordele uit te voer, nogtans word hulle deur hulle eie kwaaie wil gedryf en hulle doen dit nie om God te behaag nie maar veel eerder handel hulle teen sy uitdruklike wet en bevel. Dus kan dit hulle nie tot onskuld gereken word dat God uit hulle boosheid die goeie teweeggebring het nie. Hulle boosheid bly op hul eie kop. Hulle is self oorsaak en dra self die skuld daarvan. God sal hulle, soos hulle verdien het, streng straf. Hy sal die stok wat Hy gebruik het om sy kinders mee te slaan, daarna in die vuur gooi" (Ursinus).

Voeg hierby die uitspraak van Jesus. Toe Pilatus aan Hom sê: "Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te

laat nie?" het Jesus geantwoord: "U sou geen mag teen My hê, as dit u nie van bo gegee was nie" (Joh. 19:10,11). Daarmee maak Jesus vir al God se kinders in tyd van vervolging die uitsig oop: die uitsig na Bo. Dis die troos van die voorsienigheid.

In voorspoed dankbaar

Wie sal sê wat is moeilikste: In teëspoed geduldig of in voor= spoed dankbaar? Mens vergeet so gou as dit met jou goed gaan. Daarom vermaan God Israel om nie te vergeet nie: Die Here sê Hy bring Israel in 'n goeie land van waterstrome, fonteine, onderaardse riviere; 'n land van koring, gars, wingerdstokke, vyebome en gra= nate; 'n land van olieryke olyfbome en heuning en baie brood; 'n land waarvan die klippe yster is en berge vol koper ... "En jy sal eet en versadig word en die HERE jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het. Neem jou in ag dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie" (Deut. 8:7-11). Vergeet is in die eerste plek nie 'n saak van die verstand nie maar van die hart! 'n Moeder kan nie haar suigeling vergeet nie. Wie God se weldade in tyd van voorspoed vergeet, bewys daarmee dat hy God nie liefhet nie.

Die Skrif gaan ons rusteloos hierin voor. By die graf van Lasarus, sy vriend, doen Jesus 'n dankgebed (Joh. 11:41). By die instelling van die nagmaal dank Jesus voordat Hy die brood breek (Mark. 14:22). 'n Dankgebed - die aand voor sy kruisdood!

Paulus skryf aan die swaar vervolgde gemeente in Thessalonica: "Wees in alles dankbaar" (1 Thess. 5:18).

Wie ondankbaar is, maak hom al God se weldade onwaardig. Ondankbare mense word bestraf, nie alleen deur die heidene wat dit vir die "allerskandelikste laster" gehou het nie, maar selfs deur die redelose diere - vgl. Jes. 1:2,3 waar God oor die on= dankbaarheid van sy volk klae: "Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar hulle het teen My oortree. 'n Os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie."

Hele lewe van gelowige is danklied in antwoord op kruis van

Christus - te meer nog as dit God behaag om sy kind met gesondheid en stoflike voorspoed te seën.

In die toekoms vertroue

Dit is die derde vrug van leer van voorsienigheid./ Dat ons in alles wat nog oor ons kan kom, 'n vaste vertroue moet stel op ons getroue God en Vader, dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsele so in sy hand is, dat hulle teen sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie.

Uiters aktuele punt vir prediking in ons tyd. Wie het nog vertroue aan 'n toekoms? Veral in Suid-Afrika vir kerk nodig om te besef: God se koninkryk sal kom deur al hierdie dinge heen.
Hier kom geloof te pas in God se beloftes: //Ursinus verwys in dié verband na aangrypende geskiedenis van Hiskia tydens beleëring deur Sanherib. Nadat Jesaja die dreigbrief van die rabsake op die altaar oopgesprei en gebid het om verlossing, stuur die Here Jesaja met die boodskap na Hiskia om oor Sanherib te profeteer: "Wie het jy gesmaad en gelaster? En teen wie het jy die stem ver= hef en jou oë hoogmoedig opgehef? Teen die Heilige van Israel! ... Omdat jy teen My raas en jou trotsheid opgekom het in my ore, daarom sal Ek my haak in jou neus sit en my toom tussen jou lippe en jou terugbring met die pad waarmee jy gekom het" (2 Kon. 19:22, 28). Dieselfde nag het die engel van die Here honderd vyf en tag= tig duisend Assiriërs verslaan. En Sanherib is, terwyl hy voor sy god Nisrog kniel, deur sy eie seuns met die swaard vermoor

Die H.K. self verwys na Rom. 8:38,39 - "Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus ons Here is nie."

Die hele antwoord 28 is uitgekristalliseer rondom hierdie kern= uitspraak van Paulus in Rom. 8. 'n Goeie eksegese van die hele perikoop sal ryk preekstof vir Sondag 10 oplewer.

Voeg hierby die praguitspraak van Art. 13 N.G.B. "Hierdie leer

bied ons 'n onuitspreeklike troos as ons daardeur onderrig word dat niks by toeval oor ons kan kom nie, maar deur die beskikking van ons goedertiere hemelse Vader, wat oor ons waak met 'n vaderlike sorg en alle skepsele so onder sy heerskappy hou dat nie een haar van ons hoof - <u>want hulle is almal getel - ook nie een mossie op die aarde kan val nie sonder die wil van ons Vader</u>. Daarop verlaat ons ons omdat ons weet dat Hy die duiwels in toom hou en al ons vyande, wat ons sonder sy toelating en wil geen skade kan doen nie."

## <u>SONDAG 11</u>

### <u>DIE NAAM JESUS</u>

### 1. <u>Inleiding</u>

In Sondag 9, 10 is leer aangaande God die Vader en ons skepping afgehandel.

In Sondag 11 begin leer aangaande <u>God die Seun en ons verlossing</u>. Dit val uiteen in twee dele:

Die Name van die Middelaar (Sondag 11-13).
Die State van die Middelaar (Sondag 14-19).

Merkwaardig: leer aangaande Seun gaan uit van Name van Middelaar: Jesus, Christus, Eniggebore Seun van God, ons Here. Naam is uitdrukking van Wese.

In Naam Jesus tree <u>roeping</u> van Middelaar na vore (Sondag 11).
In Naam Christus - die <u>amp</u> van die Middelaar (Sondag 12).
In Naam eniggebore Seun van God - <u>sy verhouding tot die Vader</u> (Sondag 13).
In Naam ons Here - <u>sy verhouding tot ons</u> (Sondag 13).
In geheel nie minder as nege Sondagsafdelings oor Seun van God en ons verlossing.
In Sondag 11 kom aan orde:

Jesus, ons volkome Saligmaker (29 A).
Jesus, ons enigste Saligmaker (29 B, 30).

2. Jesus, ons volkome Saligmaker

Jesus is 'n Hebreeuse naam. Eintlik Jehoschuah of Jeschuah = die Here help, die Here is heil. Toe Seun van God menslike natuur aanneem by Bethlehem, is hierdie naam nie by geval nie maar in opdrag van God aan Hom gegee. (Vgl. engeleboodskap - Matth. 1:21; Luk. 1:31). Hierdie Naam is soos 'n kort evangelie van ons salig= heid, 'n sterk skild teen alle aanvegtinge (Ursinus). Rede waarom Hy Jesus genoem moet word, word deur engel aan Josef gegee: "... want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (Matth. 1:21).

N.G.B. art. 21 druk dit treffend samevattend uit: "ons vind allerlei vertroosting in sy wonde en het nie nodig om enige ander middel te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as net die enigste offerande wat net eenmaal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word ... Dit is dan ook die oor= saak waarom Hy deur die engel van God Jesus genoem is, dit is Verlosser omdat Hy sy volk sou verlos van hulle sondes."

Op naamgewing moet ons dieper ingaan. H.K. vra nie: wat beteken die naam Jesus nie? Immers, dit sê die H.K. self: dit beteken Verlosser. Maar H.K. vra: waarom word ewige Seun van God, wat as Kind by Bethlehem gebore is, Jesus, dit is Saligmaker, genoem? Hoekom wou God hê Middelaar moet hierdie naam dra?
Antwoord: Omdat Hy ons salig maak en van al ons sondes verlos.

Daarmee kan ons in 'n preek oor Sondag 11 die karikatuur van die hand wys wat die Neo-Marxiste van Jesus maak.
Jesus het nie gekom as die Groot Rewolusionêr wat die strukture kom afbreek nie maar om sondaars van sonde, dood en hel te verlos.

Die naam Jesus het bloed vinniger deur are van rasegte Jood laat pols. Dit was die naam van verskeie volkshelde:

- Josua, veldheer wat Israel uit woestyn na Beloofde Land gelei het.
- Hoséa, profeet van die liefde.
- Josua, die hoëpriester tydens Sagaria (vgl. Sag. 3).

Hierdie manne uit ou bedeling was silhoeët-tekeninge van komende Messias. Soos Josua Israel uit woestyn Beloofde Land sou binnelei, sou Jesus sy volk uit aardse ellende na hemelse heerlikheid lei. Soos Josua, hoëpriester, van vuil klere verlos is en 'n feeskleed aangetrek is, so neem Jesus ons vuilheid weg en berei vir ons ewige feesvreugde.
Hy maak ons salig.
Salig beteken vol. (Rampsalig = vol rampe. Armsalig= vol armoede. Geluksalig = vol geluk).

Om dit te kan doen, moet Hy ons van sonde verlos. Sonde maak rampsalig.

Wie ken vreeslike mag van sonde? Hoe lyk dit in huis waar drankmisbruik oorhand gekry het! Familiekringe waar rusie intree! Waar onsedelikheid hoogty vier! Waar oneerlikheid heers! Waar goddeloosheid seëvier!

Rampsaligheid - 1) dit het verlore seun besef toe hy agter varke aangestap en dieselfde kos as hulle geëet het;
2) dit het Paulus tot die waansin gedryf om gemeente van Christus te vervolg; later het hy in worsteling met kwaad wat hom voor die hand lê, geroep: Ek ellendige mens!
3) dit het Luther op sy knieë laat kruip op die scala sancta in Rome, tot die bloed deur sy vel gepars het.

Sonde, privatio actuosa boni = aktiewe berowing van goeie. 'n Mag wat verwoes. Kanker wat stadig maar seker tot op been invreet.
Hamartanein = doel mis. Bestemming misloop en by verkeerde punt eindig.

Loon van sonde is dood. Ewige dood - weg van aangesig van God en van heerlikheid van sy sterkte.
Jesus is vir ons tot sonde gemaak. Aan kruis was Hy oorlaai met die hele vloek van die sonde.
Om ons daarvan te verlos.
Die Naam Jesus laat die lig van God se Woord en Gees oor ellendige, doemwaardige sondaars val om hulle aan hulle self te ontdek.

Die Naam Jesus breek deur alle selfopgerigte skerms van eie-waan en eie-hoogheid - laat sondaar sy sondenaaktheid sien.

Deur die Naam Jesus is daar vir die sondaar verlossing.
Daardeur word ons van die ewige dood bevry.
En salig gemaak.
Salig met 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie.
By wyse van toepassing: Is ons Christene werklik salig?
Loop ons hart oor van blydskap?
Is ons lewe gevul met lig van Jesus se nabyheid deur sy Gees?

Leef ons in hierdie lewe soos mense wat deur Saligmaker verlos is van sonde? Of soos bedelaars - met geslote trommeltjie vol goue muntstukke êrens in krot weggesteek?

### 3. Jesus enigste Saligmaker

Vraag en antwoord 30 het sterk apologetiese inslag - duidelik teen Roomse gerig. Hulle roem wel met die mond in Jesus as Saligmaker maar verloën Hom met die daad omdat hulle naas Hom hul saligheid by die heiliges (Maria, apostels, kerkvaders), by hulleself (ver= dienstelikheid van die goeie werke) of êrens anders soek (relikwieë, aflate, bedevaarte) (Landwehr, p.56).

Dat Roomse dit inderdaad doen, blyk, aldus Wielenga, uit volgende:

Op laaste Sondag van Oktober (wanneer Protestante Hervormingsondag vier) vier R.K. die "Fees van ons Here Jesus Christus, Koning." In spesiale gebede- en gesangboekie wat by dié fees gebruik word, staan in voorwoord pragtige roemtaal oor Jesus: "Christus span die kroon bo al die geskapene; Hy word erken as die Koning van die harte weens sy liefde wat alle begrip te bowe gaan (Ef. 3:19). Hy heers oor ons nie alleen deur geboortereg nie, maar ook deur 'n verworwe reg, nl. die verdienste van die verlossing ... Nie met verganklike goud of silwer is u vrygekoop nie, maar deur die kos= bare bloed van Christus, 'n vlekkelose Lam sonder gebreke ... Hy tog is die enigste Bron waaruit sowel die algemene as die beson= dere welsyn voorkom."

So roem Rome in Naam van Jesus - dis om 'n mens jaloers te maak!

Maar hoor wat sê Rome in verband met Maria, wat volgens Rome sondeloos was en lewendig opgevaar het na die hemel:
"Die kerk spoor haar kinders nie alleen aan om die Heilige Maagd te vereer nie, maar ook om haar voorspraak in te roep ... As ons hemelse Vader so goedgunstig luister na die stem van sy dienaars, wat sal Hy dan aan haar weier, wat sy uitverkore dogter is? ... X Nooit sal ons gebede so gou verhoring vind, as wanneer hulle deur X haar opgedra word nie. Maria het onvergelyklike mag by haar hemelse Vader." Hiervan sê H.K.: Diegene glo nie in enigste Saligmaker Jesus, wat, ofskoon hulle met die mond in Hom roem, Hom met die daad verloën nie.

Maar nie net Roomse soek saligheid op ander plekke as by Jesus nie. Talle ander Christene roem ook met die mond in Jesus, maar soek die saligheid in wêreldwye gejaag na geluk: oerwoudritme van dansorkes; flitsbeelde van bioskoop en T.V., ontvlugting van sterk drank en dwelmmiddels.

H.K. stel eis van besliste keuse: Òf Jesus is geen volkome Saligmaker nie - óf die wat Hom met 'n ware geloof aanneem, moet alles in Hom hê wat vir hulle saligheid nodig is.

Niemand kan twee here dien nie!
Hoe lank hink julle op twee gedagtes?

Sondag 11 bied ook antwoord op vraag wat deesdae aktueel word: wat van aanhangers van heidengodsdienste: Boeddhiste, Sjintoïste, Moslems ens? Hulle lei tog vroom lewe. Hulle weet nie van beter. Gaan hulle almal verlore? Deesdae word al meer beweer: elkeen word op eie geloof salig - ook heidene.

Wat sê Skrif hiervan?

Hand. 4:12 - "Die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered word nie."
Joh. 14:6 - "Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."
1 Tim. 2:5 - "Daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus."

Dit roep om sendingywer!

Jesus is Saligmaker. Ons is sy getuies (Hand. 1:8). Deur woord en voorbeeld. Wielenga (p.254) sê: Hier lê swak punt van Chris= tendom. Ons Christendom is dikwels maar 'n hol klank, 'n dooie stronk, 'n sondige karikatuur en dus oorsaak van skandelike neer= laag omdat inspirasie van geloof ontbreek aan wat Jesus gedoen het tot volkome versoening van al ons sonde, inspirasie van hoop om wat Hy sal doen wanneer die koninkryk voleindig is, inspirasie van liefde wat alles wil gee. Ywer vir Jesus, die volkome en enigste Saligmaker, is slegs dan moontlik wanneer ons self in be= ginsel iets van die saligheid ervaar het en daarom na die finale vervulling heenleef. Neem woorde van Nietzsche ter harte: Ek weier om 'n Christen te wees omdat Christene so weinig verlos daar uitsien.

## SONDAG 12

### CHRISTUS EN DIE CHRISTENE

1. Inleiding

   Jesus is Persoonsnaam.
   Christus is ampsnaam. Grieks vir Hebreeuse Messias.
   Beteken Gesalfde.

In Sondag XII heerlike onlogiese greep (wat in geen dogmatiekboek voorkom nie): terwyl H.K. oor Name van Middelaar handel, stel hy meteens die vraag: waarom word jy 'n Christen genoem? Dis tipies van eieaard van H.K.: wil nie afgetrokke leerstellige beskouing gee nie maar wil leer direk op lewe betrek.

In Sondag XII kom aan orde:
   Die naam Christus (31).
   Die naam Christen (32).

2. Die Naam Christus

Die Seun van God word Christus, Gesalfde, genoem omdat Hy met die Heilige Gees gesalf is ...

Salwing met Heilige Gees is in O.T. afgeskadu deur salwing met heilige salfolie.

500 sikkels fyn mirre
250 sikkels geurige kaneel
250 sikkels geurige kalmoes
500 sikkels kassie
1 hin olyfolie

Volgens bostaande resep wat die Here in Ex. 30 aan Moses gee, moes hy 'n hoogheilige salfmengsel berei.

Verdere voorskrifte daarby was:

Met hierdie salfolie moes profete, priesters en konings (asook heilige voorwerpe in tabernakel en tempel) gesalf word.

Geen onbevoegde persoon mog hiermee gesalf word nie.

Iemand wat dié olie namaak, moes met die dood gestraf word.

Betekenis van salwing was tweërlei: verkiesing,
bekwaammaking.

Wanneer salfmengsel by aanvaarding van amp oor hoof van gesalfde uitgegiet is, is dit so goed of daar aan hom gesê is: Die Here het jou verkies om hierdie heilige amp te bedien. Uit jouself is jy nie daartoe in staat nie. Daarom sal die Heilige Gees jou daartoe bekwaam maak. Dat jy verkies is en bekwaam gemaak sal word - daarvan is die salwing met hierdie heilige olie vir jou die teken en seël.

By salwing van Saul en Dawid het die Gees van die Here oor hulle vaardig geword (1 Sam. 10:10; 16:13).

Olie het verskillende eienskappe wat die werking van die Heilige Gees treffend simboliseer.

Olie is draer van <u>lig</u>.

Van 'n pit voorsien is dit geheel omsetbaar in lig.

Olie is vloeiende, glansende goud wat vuur en lig in sy helder druppels verborge hou (Kuyper).

Dit pas by profetiese amp.

Profete was ligdraers. Hulle moes lig van God se verlossingsplan

in donker wêreld indra. Uit hulleself was hulle nie daartoe in staat nie - want deur sonde is hulle verstand en hart verduister. Dat die Heilige Gees dit sou doen, is vir hulle deur die salfolie versinnebeeld. (Of alle profete so 'n amptelike salwing ontvang het, is twyfelagtig. Van minstens een geval maak die Bybel uit= druklik melding:

Elia wat Elisa tot profeet moet salf (1 Kon. 19:16.)

Die heilige salfolie was ook draer van 'n lieflike geur. Geurige kalmoes en geurige kaneel moes daarin vermeng word. In Psalm 133 sing ons van die sagte geur wat die salf om Aäron se hoof versprei. So sal die liefde liefde wek. Salfmengsel was dus simbool van liefde en liefdediens wat priesters moes verrig. Uit hulleself daartoe onbekwaam sou die Gees hulle help.

Olie is ook draer van lewe.
Olyfolie is saans in die voete en na die bad in die hele liggaam ingevryf om alle stamp- en skaafplekke te laat herstel. Wonde is met olyfolie behandel. Olie bewaar en beskerm die lewe. So is olie simbool van lewebeskermende mag van koning. Uit homself nie daartoe in staat nie - want hy is self aan die mag van die dood onderworpe - sal die Heilige Gees hom daartoe bekwaam, soos ver= sinnebeeld deur die lewedraende krag van die salfolie.

Maar salwing het in O.T. ook nog tipiese betekenis gehad: het heengewys na salwing met Heilige Gees van die komende Messias, dié Gesalfde van God. Profete, priesters en konings van O.T. was vroeë môrestrale wat agter horison van die eeue uitgeskiet het en aangewys het waar die Son van Geregtigheid sal opkom.

Toe Christus gekom het, is Hy deur Heilige Gees gesalf tot hoogste Profeet, enigste Hoëpriester, ewige Koning.

Waarom juis hierdie drie ampte?

Die drie ampte korreleer met hooforgane van mens: hoof, hart, hand. Adam het as profeet met sy hoof God geken, met sy hart God priesterlik liefgehad, met sy hand God koninklik gedien deur oor die aarde te heers en dit te onderwerp. Deur sondeval het profe= tiese kennis in leuen en ateïsme ontaard, priesterlike liefde het vyandskap teen God en naaste geword, koninklike lewe en diens het

opstand teen God en onderworpenheid aan mag van dood geword.

Daarom moes Christus as Borg en Middelaar kom om in ons plek en om ons ontwil hierdie drievoudige diens van hoof en hart en hand voor God te volbring.

Om hierdie ewigheidswerk van voldoening te verrig moes die Seun van God na sy menslike natuur ook die bekwaammaking met die Heilige Gees ontvang. Na sy Godheid is die bekwaammaking nie nodig en nie moontlik nie. Wel na sy mensheid, want dié is swak en in alle opsigte aan ons gelyk uitgesonderd die sonde. Na sy mensheid moes dus ook, voor Hy met sy ampswerk kon begin, aan Hom gesê word: U is deur God tot die hoë en heilige amp van Middelaar verkies. As mens is U uit Uself nie daartoe in staat nie. Daarom sal die Heilige Gees u as mens daartoe bekwaam.

Dis merkwaardig hoe die Heilige Gees vanaf die ontvangenis en geboorte van Christus met Hom besig was. By die aankondiging aan Maria lui dit: "Die Heilige Gees sal oor jou kom ... Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word" (Luk. 1:35). Die engel sê dit ook aan Josef: "Wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees" (Matth. 1:20).

By sy doop word Jesus amptelik gesalf met die Heilige Gees wanneer die Gees in 'n gedaante soos van 'n duif op Hom neerdaal en die stem van die Vader proklameer: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het" (Matth. 3:17). Daarmee word Hy aangewys as die uitverkorene van die Vader wat na sy mensheid deur die Heilige Gees bekwaam gemaak sal word vir sy ampswerk as Messias.

Dadelik na sy doop word Jesus vol van die Heilige Gees, deur die Gees na die woestyn gelei om deur die duiwel versoek te word (Luk. 4:1). 'n Entjie verder: "Jesus het in die krag van die Gees na Galilea teruggekeer" (Luk. 4:14). Toe Hy in die sinagoge van Nasaret kom, het Hy die profesie van Jesaja 61 gelees en op Homself toegepas: "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring (profetiese werk). Hy het My gestuur om dié wat verbryseld van hart is, te genees (priesterlike werk); om aan die gevangenes vrylating te verkondig (koninklike werk)" (Luk. 4:18,19).

Wanneer Christus die boekrol neersit, sê Hy: "Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul" (Luk. 4:21). Dit is: Ek is die Messias wat God beloof het wat die krag van die Heilige Gees besit. Johannes het getuig dat God Hom die Gees nie met mate gegee het nie (Joh. 3:34) - dit is: in matelose oorvloed.

Jesus Christus is die hoogste, die enigste, die ewige Messias.

Sy profetiese arbeid is in die evangelieverhale opgeteken:

Die Bergrede (Matth. 5-7).
Die uitsendingsrede (Matth. 10).
Die gelykenisrede (Matth. 13).
Die kerkrede (Matth. 18).
Die strafrede (Matth. 23).
Die profetiese rede (Matth. 24, 25).

Waarlik, Hy het die volle Raad van God aangaande ons verlossing aan ons kom bekend maak!

Sy <u>priesterlike</u> arbeid kom tot openbaring in:

Wonders van liefde en barmhartigheid. (Blindes, kreupeles ens.).
Sy voorbidding (Joh. 17).
Sy borgtogtelike lyde aan die kruis. Daar was Hy Priester en Offer tegelyk.
Sy intrede in die hemel as Voorspraak vir die uitverkorenes.
Sy <u>koninklike</u> arbeid.

Hy lê sy koninklike glans en majesteit tydens sy omwandeling af sodat Hy geen gestalte of heerlikheid het nie (Jes. 53:2).
Dink aan sy intog in Jerusalem!
Die bespotting deur die soldate - 'n riet in sy hand en 'n doringkroon op sy hoof.
Die opskrif bokant die kruis.
Maar Hy betoon Hom as Koning in die oorwinning oor die dood.
Voor sy hemelvaart proklameer Hy: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde (Matth. 28:18).
Na sy hemelvaart sit Hy aan die regterhand van die Vader wat deur Hom alle dinge regeer.

As Profeet het Christus die lig van God se Raadsplan in die duister=nis van hierdie wêreld kom indra.
As Priester het Hy die lieflike geur van sy selfofferande op 'n wêreld vol haat kom versprei en ons met God versoen.
As Koning het Hy oor die dood kom triomfeer en die ewige lewe vir die wat deur die geloof aan Hom behoort, verwerf.

3. Die naam Christen

Die volgelinge van Jesus is vir die eerste keer in Antiochië Christene genoem. Waarskynlik 'n spotnaam wat later 'n erenaam geword het.

Waarom word jy 'n Christen genoem?

Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is.
Die woord "lid" dui op die liggaam van Christus. Die Kerk.
Deur die geloof is ek lidmaat van sy kerk.
Dis die eerste ding wat van 'n Christen gesê kan (en moet) word: hy is lid van die kerk. 'n Buitekerklike Christen is 'n vierkantige sirkel, 'n kontradiksie. 'n Arm of 'n been wat los van die liggaam bestaan, verdor.

Die tweede is: dat ek deel het aan Christus se salwing met die Heilige Gees. By Christus se doop is die Hoof van die kerk met die Gees gesalf. By Pinkster is die liggaam gesalf.

Salwing = verkiesing
bekwaammaking

Om 'n Christen te wees is om uitverkies te wees.
Waartoe uitverkies?
Om profeet, priester en koning te wees.
Daartoe wil die Heilige Gees die Christen bekwaam.

Dit is die derde saak: 'n Christen is profeet, priester en koning.

Profetiese taak: om Christus te bely.
Kerkbesoek.
Persoonlike Bybellees.
Aflegging van geloofsbelydenis.

Voorts: Elke Sondag saam met gemeente. (Twaalf Artikels).
En dan elke dag op alle lewensterreine.

Priesterlike taak: myself as 'n lewende dankoffer aan Christus toe=wy. Gebedslewe. Barmhartigheidsdiens. Betoning van naasteliefde. Offervaardigheid in kerklike en openbare lewe.

Koninklike taak: om met 'n vrye en goeie gewete teen die sonde en die duiwel te stry om hierna saam met Hom oor alle skepsele te regeer. Daarmee word die lewe van 'n Christen as 'n lewenslange oorlog teen die kwaad gestempel, in volle wapenrusting van geloof (Efes. 6).

Hiertoe is niemand in eie krag in staat nie. Daarom is voort=durende gebed nodig: bekwaam ons deur Heilige Gees tot draers van profetiese lig, priesterlike liefdesgeur, koninklike lewens=diens ... tot ons hierna, as triomferende kerk, saam met Christus oor alle skepsele sal regeer.

## SONDAG 13

## SEUN VAN GOD, ONS HERE

### 1. Inleiding

In vorige twee afdelings is gehandel oor Name Jesus en Christus.
Nou kom aan orde: Eniggebore Seun van God
Ons Here.

Eerste het betrekking op verhouding van Middelaar tot sy Vader.
Tweede het betrekking op verhouding van Middelaar tot ons.

Maar in albei gevalle geen leerstellige uiteensetting sonder meer nie. By albei word die nut bepaal wat die leerstelige feite vir die gelowiges het.

In Sondag 13 kom aan orde:
Seun van God en ons kindskap (33).
Here en ons onderdaanskap (34).

2. Seun van God en ons kindskap

H.K. stel vraag: Waarom word Hy die eniggebore Seun van God ge= noem as ons tog ook kinders van God is?

Uitgangspunt by behandeling: ons kindskap.
Skrif laat geen twyfel daaroor: ons is kinders van God.

Rom. 8:16 - "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is".

Efes. 1:5 - God het ons voorbeskik om ons as sy kinders vir Homself aan te neem."

Maar dit stel H.K. voor probleem: as ons kinders van God is, waarom word ons Middelaar die eniggebore Seun van God genoem? Die vraag het vorm van 'n teëwerping: Hy wat 'n eniggeborene is, het geen broers nie. Christus hét broers (en susters), want ons is ook kinders van God (Ursinus, fol. 123).

Dis 'n delikate situasie. Soos wanneer kinders by speelmaats ge= hoor het hul oudste broer is ouers se enigste eie kind. Nou kom hulle met beskeie oormoed van kinderliefde by moeder navraag doen. Moeder kerk moet antwoord gee hoe dit inmekaar sit. Dis oomblik vol teerheid wanneer 'n moeder vir aangenome kinders moet sê dat hulle aangenome is.

So sê moeder kerk dit: Jesus Christus is ewige, natuurlike Seun van God. Julle is om sy ontwil, uit genade, tot kinders van God aangeneem.

Die tweërlei soort kindskap vra nader toeligting.

Ewige, natuurlike Seunskap van Christus.
Dit hou die volgende in:

Eerstens: Hy is Seun van God. "Ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom" (Joh. 1:14).

Tweedens: Hy is die eniggeborene. Hy is die enigste wat uit die Wese van die Vader kom: "Die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar" (Joh. 1:18). Vgl. ook Ps. 2:7 - "U is my Seun, vandag het Ekself U gegenereer."

Hoe die Vader van ewigheid die Seun genereer, dog so dat die Vader in die Seun en die Seun in die Vader bly, dit is vir alle mense en engele onbegryplik en word in die Woord van God nie verder ver= duidelik nie (Ursinus, Fol. 123). Dit is vir my onmoontlik om die verborgenheid van hierdie geboorte te weet: alle verstand is daarvoor te min. Nie alleen my mond nie, maar ook die van alle engele, verstom daarby... Daarom, bly stil. Dit betaam ons nie om die hemelse geheimenisse te ondersoek nie. Dis vir ons geoor= loof om te weet dat die Seun gebore is, maar om te deurgrond hoe Hy gebore is, betaam ons nie om te weet nie" (Ambrosius, aange= haal by Ursinus, Fol. 123).

Derdens: Hy is die natuurlike Seun van God. Nasci - gebore word. "Natuurlik = uit God gebore". Dus waaragtig God en wesenseen met die Vader. "Soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê" (Joh. 5:26).

Vierdens: Hy is ook die eie Seun van God. "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie ..." (Rom. 8:32).

Dit alles word kort saamgevat in N.G.B. art 10 - "Ons glo dat Jesus Christus na sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is, van ewigheid af gebore ... eenswesens met die Vader, ewig saam met Hom, die afdruksel van die wese van die Vader en die afskynsel van sy heerlikheid, aan Hom in alles gelyk."

Heerlike dinge word van die Seun van God gesê!

Nou voeg moeder kerk daaraan toe: júlle is om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem.

Uit genade. Christus, die eniggebore Seun van God moes aan die kruis sterf sodat ons daardeur God se aangenome kinders kon word.

Aanneming is volgens regsgeleerdes 'n wettige handeling waardeur iemand tot die wettige kind van ouers aangeneem word. Aanneming, soos dit onder die mense bestaan en volgens wet uitgeoefen word,

is nie 'n ydel titel nie maar die aanneming van 'n ander man se kind tot jou wettige eie, so asof hy eie kind kragtens geboorte is. Dit gee aan die aangenome kind nie alleen die naam van die ouers nie maar ook alle kinderregte wat aan die eie kinders toekom.

So het ons deur die ewige verkiesing van God die aanneming tot kinders om Christus wil. Ons wat voorheen God se vyande was, is nou sy kinders.

Gal. 4:4,5,6 - "Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!"

Efes. 1:4,5 - "soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grond=legging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil."

So is ons dan deur die aanneming kinders van God en broeders van Christus. Volgens Ursinus (Fol. 124) bestaan ons broederskap uit vier sake:

1. In die gelykheid van die menslike natuur.
2. In sy broederlike liefde tot ons.
3. In die gelykvormigheid met Hom wat geleë is in die volkome geregtigheid, heiligheid en geluksaligheid wat ons deur die geloof ter wille van en in Hom besit.
4. In die volmaking van die weldade - want die gelykvormigheid word in hierdie lewe begin, maar in die toekemende lewe sal dit volmaak word.

Ons moet ons dit realisties voorstel: ons, kinders van die toorn. Ons het die duiwel as vader. Hy is 'n mensemoordenaar van die begin af. (Joh. 8:44). Hy maak hom skuldig aan wreedste kin=dermishandeling - 'n geval veel erger as waaraan Volkswelsyn of Kindersorg iets kan doen.

Nou kom Jesus - eniggebore Seun van God. Hy gee sy lewe prys om ons uit mag van Bose te red. Hy bring ons na sy Vaderhuis. Ons word in die huisgesin opgeneem. Die wat God as Vader het, het kerk as moeder. Ons word oorlaai met ouerliefde in die huis waarin ons tot kinders aangeneem is. Ons wonde word gewas. Ons kry nuwe klere. Ons eet aan die tafel van ons moeder. Tot ons dood toe word ons met liefde gekoester en versorg. Ons is skatryk.

Ongelukkig besef ons dit dikwels eers wanneer ons die Vaderhuis verlaat soos die verlore seun: die huurlinge in die huis van my vader het dit beter as ek.

3. <u>Here en ons onderdaanskap</u>

Waarom noem jy Hom ons Here?
Here is Kurios. Baas, besitter, eienaar.
In Grieks-Romeinse wêreld waarin N.T. ontstaan het, is keiser as kurios aangespreek. Hy is selfs as God vereer. Hy het seggenskap oor lewe en dood van onderdane gehad. Sy beeld het oral in publieke geboue en op straat gestaan en mense moes daar=voor kniel. Keisers het vas- en biddae ter ere van hulleself laat uitskrywe. Pare wat in die huwelik bevestig wou word, moes eers voor die beeld van die keiser gaan offer. Nero het homself laat noem: kurios van die heelal. Mense wat geweier het om keiser kurios te noem, is verban of selfs met die dood gestraf.

Nou wil H.K. weet: waarom noem jy die Seun van God ons Here? (Ons Kurios)

> Omdat Hy ons met liggaam en siel van al ons sondes, nie met goud of silwer nie, maar met sy dierbare bloed gekoop en van alle heerskappy van die duiwel verlos het en ons so tot sy eiendom gemaak het.
>
> In N.T. word Seun van God met hierdie Naam genoem. Vgl. Thomas: "My Here en my God!" (Joh. 20:28).

Baie treffend is die uitspraak van Paulus: "Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,

en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader" (Fil. 2:9, 10, 11).

Mens moet dieper as oppervlak kyk. Agter keiseraanbidding het Satan gesit. Hy wou kerk uitroei. Paulus noem hom die god van hierdie wêreld (2 Kor. 4:4). En Johannes: hierdie wêreld lê in die mag van die Bose (1 Joh. 5:19). Die duiwel is van nature ons Here. Slawedrywer. Van nature is ons onderdane van Satan Verkoop onder die sonde. Slawe in ryk van duisternis.

Redes waarom die Seun van God ons Here is:

1. Sy deelname aan die Skepping. Ps. 33:6 -
   Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër. Vgl. Joh. 1:3: Alle dinge het deur Hom ontstaan (die Woord).

2. Sy verlossingswerk

   Dis die rede wat deur die H.K. gestel word.
   As jy iemand uit die hand van 'n vyand loskoop met 'n rantsoen, (losprys) dan is die vrygekoopte jou eiendom deur die lossingsreg.

   Christus het met sy bloed vir ons betaal.
   Van nature is ons: Kinders van toorn.
   Vyande van God.
   Slawe van Satan.

3. Sy bewaring
   Hy beskerm ons tot die einde en bewaar ons tot die ewige lewe. Joh. 17:12. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak, en nie een van hulle het verlore gegaan nie ..."
   Joh. 10:28 Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie en niemand sal hulle uit my hand ruk nie."

4. Sy verordinering tot Here van die gemeente

   "Hy is ons Here nie alleen omdat Hy ons verlos het en ons van vyande tot kinders van God gemaak het nie, maar ook omdat die ewige Vader Hom aan ons gegee en oor ons gestel

het tot 'n Prins, Koning en Hoof en Hom gestel het tot 'n erfgenaam van alles" (Ursinus).

Joh. 17:5 - Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U my uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u Woord bewaar".

Ef. 1:22 - En Hy (God) het alle dinge onder sy (Christus se) voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee ..."

Om te glo in die Seun van God ons Here hou die volgende in:

1. Hy is Heerser oor alle dinge, in sonderheid oor die gemeente.
2. Dat Hy ook my Here is aan wie ek met liggaam en siel behoort.

Satan is Here van hierdie wêreld

1. Owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk (Ef. 2:2).
2. Owerste van hierdie wêreld (Joh. 12:13.)
3. God van hierdie wêreld (2 Kor. 4:4).

Nou het Christus ons losgekoop uit heerskappy van Satan. Die prys was nie goud of silwer nie maar sy bloed. Natuurlik is hierdie losprys nie aan Satan betaal nie maar aan God teen wie ons ge= sondig het en wat ons as straf oorgegee het aan heerskappy van Satan. God die Regter het die losprys geëis.

Daarmee het Satan sy reg op ons verloor.
Christus het reg op ons.
Ons persoon, ons kragte, ons talente, ons geld, ons lewe.
Paulus noem homself: doulos, slaaf, van Christus.
'n Mens is in elk geval slaaf. Òf van Satan, òf van Christus.
Nou behoort ons met liggaam en siel, in lewe en sterwe aan ons Here, Jesus Christus (Sondag 1).

Dit hou ontsaglike troos in.
Niks of niemand kan ons uit sy hand ruk nie. "Ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teen= woordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, ons Here, is nie" (Rom. 8:39).

Dit hou ook ontsaglike verantwoordelikheid in.

As Christus ons Here is, sal ons deur genade van Heilige Gees soos Paulus vra: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" (Hand.9:6).

## SONDAG 14

## ONTVANGENIS EN GEBOORTE VAN DIE MIDDELAAR

### 1. Inleiding

Na behandeling van die Name van die Middelaar (Sondag 11-13) volg die state van die Middelaar. Sondag 14-16 handel oor die staat van vernedering, Sondag 17-19 oor die staat van verhoging. In die staat van vernedering word die volgende trappe onderskei:

Ontvangenis en geboorte (Sondag 14)
Lyde (Sondag 15)
Dood en begrafnis (Sondag 16)
Neerdaling na die hel (Sondag 16)

In die staat van verhoging word die volgende trappe onderskei:

Opstanding (Sondag 17)
Hemelvaart (Sondag 18)
Sit aan die regterhand van God (Sondag 19)
Wederkoms (Sondag 19)

### Die leer van die state

H.K. praat nie van state nie. Tog is stateleer 'n noodsaaklike skematiese hulpmiddel om tot 'n begrip te kom van die juridiese karakter van Christus se Middelaarskap.

Die woord staat is afgelei van Latyn status van die werkwoord sto = om te staan. Status dui in oordragtelike sin op die vaste rang of stand wat iemand beklee. Daar sit altyd iets vas, iets konstants in die woord staat. 'n Finansiële staat dui die onbe=twisbare stand van finansies aan. Die vaste politieke ordening in 'n samelewing word die Staat genoem.

Daar moet onderskei word tussen staat en toestand. Wanneer die burgemeester in 'n waterkuil val, is sy toestand dat hy nou nat en vol modder is - maar sy staat het nie verander nie: hy is nog burgemeester. Wanneer 'n man ter dood veroordeel word, is sy toestand voorlopig dat hy nog springlewendig en gesond is, maar sy staat verander van die van 'n vry man na 'n ter dood veroordeelde.

Van hierdie gedagteskema maak ons gebruik om die Middelaarskap van Christus enigsins te verduidelik. Die Seun van God, wat deur alles heen (selfs deur die dood) waaragtig God is en bly, het 'n menslike natuur aangeneem en so in die staat van 'n misdadiger en 'n doemskuldige ingegaan teneinde ons van skuld van die sonde te verlos./ So kon Hy in ons plek aan die kruis hang, in die staat van 'n ter dood veroordeelde misdadiger, terwyl sy toestand die is van 'n volkome heilige sonder enige sonde.

Hierdie ingaan in ons staat het nodig geword omdat ons almal in Adam, kragtens die erfskuld, in 'n staat van doemskuldigheid voor God gebore is.

Die Borgskap van Christus ons Middelaar hou die idee van staats=verwisseling in. Christus beklee ons staat voor God sodat ons sy staat voor God deelagtig word. Ons skuld word sy skuld (terwyl Hy sondeloos bly) sodat sy onskuld ons onskuld word voor God.

Daarom maak die H.K. in hierdie deel oor die state van Christus konsekwent gebruik van die skema: feit en nut. Nadat die feit van Christus se vernedering en verhoging gekonstateer is word daar rekenskap gegee van watter nut dit vir die gelowige het.

(Naskrif: Die leer van die state van Christus is nie van huis uit Gereformeerd nie. 'n Mens soek tevergeefs daarna by Calvyn. Dit kom op uit die Lutherse teologie. Maar dit is spoedig deur Gereformeerdes soos Olevianus, Polanus, Junius oorgeneem. Kuyper (E voto, I, p.366 v.) grond die leer van die state op Fil. 2:6 v., Hebr. 12:2; Ef. 4:9, 10).

In Sondag 14 word gehandel oor die heilige ontvangenis en geboor=te van die Middelaar. Dit is die eerste trap in sy staat van vernedering. Hierby gaan dit om twee sake:

Die waaragtigheid van die heilige ontvangenis en geboorte (35).
Die nut van die heilige ontvangenis en geboorte (36).

2. Die waaragtigheid van die heilige ontvangenis en geboorte

In die Twaalf Artikels word bely: "wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria". H.K. wil weet: wat beteken die woorde?

In die vorige artikel is uit die Woord van God bewys dat Jesus Christus die eniggebore Seun van God is, van een en dieselfde Wese as die Vader, maar van 'n ander Persoon. Nou volg die derde artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis waarin oor die menslike natuur wat deur die Seun van God aangeneem is, gehandel word.

Ons Middelaar moet waaragtig God en waaragtig mens wees (Sondag 5). Dat Hy waaragtig God is, dit is in Sondag XIII behandel. Nou moet gehandel word oor die feit dat Hy waaragtig, regverdig mens is. Dit is inbegrepe in die stelling van sy heilige ontvangenis en geboorte, waarvan hier eers die sin en betekenis en daarna die vrug behandel word.

Met die vleeswording van die Woord kom die eerste trap in die staat van vernedering aan die orde.

Sterker en geesdriftiger as hier word die Godheid van die Middelaar nêrens in die H.K. bely nie. Daar staan eers: dat die ewige Seun van God, wat waaragtige en ewige God is, en bly ...
Dit is die eerste wat die H.K. by ons wil laat insink: Die Godheid van ons Middelaar.

By die bewysvoering vir die Godheid van die Middelaar haal die H.K. drie maal uit die apostel Johannes aan:

1 Joh. 5:20 - "Ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe."

Joh. 1:1 - "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God."

Joh. 17:3 - "Dit is die ewige lewe dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."

Merkwaardig: Johannes, die apostel van die liefde, is by uitstek die apostel wat met sy evangelieverhaal die Godheid van Christus verkondig. "... maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God" (Joh. 20:31).

Sou dit miskien daaraan geleë wees dat Johannes die apostel van die liefde is. Liefde is nie blind nie - liefde maak juis die oë oop.

God is liefde. En Johannes, die apostel van die liefde, sien die Godheid van Christus. (Dis ook Johannes wat die siener van Patmos word en die eeue deurskou tot in die ewigheid.)

Die H.K. stel dit voorop: Jesus Christus is God.
En Hy bly deur alles heen God.
Deur sy geboorte, lyde, dood, bly Hy God. Die N.G.B. (art. 19) verklaar: "in die tussentyd het die Goddelike natuur altyd ver=enig gebly met die menslike, selfs ook toe Hy in die graf gelê het."

Hierdie punt moet streng gehandhaaf bly deur alles wat nou volg.
Hy wat waaragtige en ewige God is en bly, het 'n menslike natuur uit die vlees en bloed van Maria aangeneem.

Ons staan hier voor 'n wonder. Heilige eerbied pas hier. Die ontledende verstand kan hier nie indring nie; die aanbiddende hart moet gelowig aanvaar.

Met sy bewysmateriaal lei die H.K. ons na 'n huis in Nasaret. Ons hoor die engel aan die jongmeisie Maria sê: "Kyk, jy sal swanger word en 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem" (Luk. 1:31).

Vandaar word ons gelei na 'n ander stad van Juda in die bergstreek. Wat ons daar hoor, vervul ons eweseer met die stemming van aanbid=ding. Aan die woord is Elisabet, die vrou van Sagaria. Vervul met die Heilige Gees sê sy met 'n groot stem aan Maria: "Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot. En wat het my oorgekom dat die moeder van my Here na my toe kom?" (Luk. 1:42, 43).

Dus, in die moederskoot is Hy reeds al: My Here.

Die misterie word nog groter wanneer die H.K. op grond van die Skrif daaraan toevoeg: "deur die werking van die Heilige Gees" Nou word ons deur die teksmateriaal na die slaapkamer van Josef

gelei waar 'n engel in 'n droom aan hom verskyn: "Josef, Seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees" (Matth. 1:20).

Daarmee word ons deur Skrif en belydenis voor die misterie van die Kind wat in Bethlehem gebore is, gestel:

Dat Hy wat God uit God is,
lig uit lig
en lewe uit lewe,
van ewigheid gegenereer
- dat Hy opnuut verwek moes word,
as Kind gebore uit 'n vrou,
dit was die swaar begin van sy ontlediging.

Toe het hul Hom, die Allerhoogste,
wat met die lig bekleed is soos die son,
in doeke toegedraai
en in 'n krip Hom neergelê.

As Kind moes Hy,
- self Gewer van die Wet op Sinai -
gehoorsaam wees aan Josef en Maria;
en Hy wat God, volmaak, almagtig en alwetend is
het toegeneem in wysheid, grootte en genade.

So was sy hele aardse gang
een groot aflegging van sy glans en heerlikheid,
terwyl Hy deur dit alles heen
waaragtig, ewig God sou bly.

Oor die verhouding tussen sy twee nature sou daar eeuelank in die Christelike kerk verwarring heers.

Op die groot kerkvergaderinge van Nicea en Chalcedon hoor ons geleerde biskoppe soos kinders stamel in hul poging om iets van hierdie misterie te formuleer. Hulle sê egter nie hoe dit wel is nie. Hulle sê slegs hoe dit nie is nie: die twee nature van die Middelaar bly deur alles heen:

onvermeng
onverander
ongedeeld
ongeskeie

Die Godheid: onveranderlik, oneindig, almagtig.
Die mensheid: beperk, afhanklik, sterflik.
Die twee nature so met mekaar verenig dat hulle altyd een is en tog twee bly; altyd twee bly en tog een is.
Dis die wonder wat plaasvind wanneer die Seun van God wat waar=agtig God is en bly, 'n ware menslike natuur aanneem.

H.K. voeg by: sodat Hy ook die ware nakomeling van Dawid sou wees. Of Maria self uit die geslag van Dawid was, is onbekend. Greydanus (K.V. Lukas) antwoord positief. Ridderbos (K.V. Matth.) sê: waarskynlik. Volgens Joodse verbondsmatige toerekening was sy dit in elk geval deur haar huwelik met Josef wat buite alle twyfel uit die geslag van Dawid was.

Waarom is dit so belangrik dat Dawid spesiaal in verband met die vleeswording van die Woord genoem moet word?

In die O.T. is daar talle aanduidings en beloftes dat die Messias uit die geslag van Dawid sou kom.
Dit begin al met die aanwysing van Juda as aartsvader van die Messias in die profesie van Jakob: "Juda is 'n jong leeu ... Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit ..." (Gen. 49:9,10).

In Ps. 132 word die verbond van God met Dawid beskryf: "Die Here het aan Dawid gesweer in waarheid (Hy sal daarvan nie terugkom nie): Van die vrug van jou liggaam sal Ek laat sit op jou troon. As jou seuns my verbond hou en my getuienisse wat Ek hulle leer, dan sal hulle seuns ook vir ewig op jou troon sit ... Daar (in Sion) sal Ek vir Dawid 'n horing laat uitspruit; Ek het vir my gesalfde 'n lamp toeberei (Ps. 132: 11,12,17). Vergelyk Psalm 89:21 v. Die Messias, uit die huis van Isai, word voorspel in Jes. 11:1 - "Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal

die Gees van die HERE rus ..."

Vgl. voorts: Jer. 23:5 - " ... dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek."

Jer. 33:17 - "Daar sal vir Dawid nie 'n man ontbreek nie ..."

Eseg. 34:24 - "My kneg Dawid, 'n vors in hulle midde ..."

Eseg. 37-24 - "My kneg Dawid sal koning oor hulle wees."

Hoséa 3:5 - "Daarna sal die kinders van Israel ... die HERE hulle God soek en Dawid hulle koning ..."

Amos 9:11 - "In dié dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig ..."

Sag. 12:8.10 - "Die huis van Dawid soos 'n hemelse wese, soos die Engel van die HERE voor hulle uit ... Oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal ek uitgiet die Gees van genade en smekinge ..."

Uit al hierdie Messiaanse profesieë staan dit vas: die Messias sal uit die huis van Dawid kom.
Talle gegewens in die N.T. bevestig dat Jesus die beloofde nasaat van Dawid is. Wanneer die Seun van God in Bethlehem gebore word, lui dit in sy geslagsregister: "Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid" (Matth. 1:1).
Aan Josef sê die engel: "Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees nie" (Matth. 1:20).

Die twee blindes van Kapernaüm roep tot Jesus: "Wees ons barm=hartig, Seun van Dawid!" (Matth. 9:27).
Na die genesing van 'n duiwelbesetene vra die mense: "Is Hy nie miskien die Seun van Dawid nie?" (Matth. 12:23). Selfs die Kana=nese vrou weet dat die Messias van Israel uit die geslag van Dawid sal kom; sy roep: "Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid!" (Matth. 15:22.

Dieselfde doen die twee blindes van Jerigo; hulle roep: "Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid" (Matth. 20:30, 31).
By Jesus se intog in Jerusalem roep die skare: "Hosanna vir die Seun van Dawid" (Matth. 21:9, 15).

Dit is maar 'n paar Skrifplekke. Daar is in die Nuwe Testament talle ander tekste wat daarop dui: Jesus van Nasaret is die Messias, die Prins uit die huis van Dawid.

Waarom is dit van belang by die artikel in verband met die heilige ontvangenis en geboorte van Christus? Om die volgende redes:

2.1 Dis vervulling van God se Raadsplan

Die geboorte van Jesus uit die geslag van Dawid is vervulling van God se geopenbaarde Raad.
Die talle heenwysings in die O.T. dat die Messias uit die geslag van Dawid sal kom, is in Jesus vervul.

2.2 Dis bevestiging van die Teokrasie

Dawid was by uitstek Teokratiese koning. Jesus Christus sou Koning wees in wie die Teokrasie ten volle verwesenlik is - maar nou nie meer 'n koninkryk net vir Israel nie, maar 'n univer= sele, wêreldwye ryk.

2.3 Daaruit sou die egtheid van sy Vleeswording blyk

Let op die gebruik van die woord ware tot drie maal toe in ant= woord 33: Die Seun van God wat waaragtig God is en bly, neem 'n ware menslike natuur aan ... sodat Hy die ware nakomeling van Dawid sal wees, aan sy broeders in alle opsigte gelyk, uitgeson= derd die sonde.

Daar kan dus oor die egtheid van die vleeswording geen twyfel be= staan nie. Dit is uit 'n baie bekende, aanwysbare geslag dat die Messias gebore is. Mense van vlees en bloed. Die Seun van God het een van hulle kom word. Daarmee word die dwaling van die Dosete, nl. dat Jesus 'n skynliggaam gehad het, van die hand gewys vgl. art. 18, N.G.B. Maar daar kom iets by.

2.4 Daaruit sou die dalende lyn van sy vernedering blyk

Dawid was 'n koning.

Die Seun van God word dus gebore as 'n koningskind, 'n prins, 'n mens met koninklike status.

Maar dan sien 'n mens die dalende lyn van sy vernedering as die H.K. vir die stelling dat Hy aan sy broeders in alle opsigte gelyk is, 'n beroep doen op Filip. 2:7 - "Hy het Homself ontledig

deur die gestalte van 'n diensknег aan te neem en aan die mense gelyk geword." Die Griekse woord wat hier vir diensknеg gebruik word, is doulos, slaaf.

Daarmee is die neerdalende lyn van die eerste trap in sy staat van vernedering voltooi:

Seun van God.
Seun van koning Dawid.
Diensknеg - slaaf.

Soos ons van nature slawe is - slawe van die sonde - so het Hy om ons ontwil en in ons plek by sy geboorte slaaf kom word - maar sonder sonde.

Die Seun van God, die koningskind word slawekind.
Dit is sy staat voor God - om ons van ons slawerny te verlos en ons tot kinders van God ons Koning te verhef.

3. Die nut van die heilige ontvangenis en geboorte van Christus

Eerstens, dat Hy ons Middelaar is.
Reeds in Sondag 5 en 6 is beweer dat die Middelaar wat ons nodig het, waaragtig God en waaragtig regverdige mens moet wees. Hier is nou 'n Middelaar wat aan daardie twee vereistes voldoen.
Wat is 'n Middelaar?

Die woord Middelaar kom voor in die Septuaginta in Job 9:33 (mesitês). Die Afrikaanse Bybel vertaal met skeidsregter. In N.T. word die naam alleen toegeken aan Moses (Gal. 3:19, 20) en aan Christus (1 Tim. 2:5; Hebr. 8:6; 9:15; 12:24).

Dié woord dui in die algemeen 'n persoon aan wat tussen twee partye intree om hulle met mekaar in gemeenskap te bring of ook met me= kaar te versoen (Deut. 5:5) en is dus by uitnemendheid geskik om die plek van Jesus se persoon en die karakter van sy werk aan te dui. Die idee van middelaarskap is eie nie net aan die Christen= dom nie maar ook aan die heidene. Selfs Moses het die naam op 'n inadekwate wyse gedra, in 'n tydelike, prefiguratiewe sin. Moses het die wet ontvang, maar nie regstreeks van God nie maar deur bemiddeling van engele (Bavindk, Gereformeerde Dogmatiek, III, p.396).

As Middelaar is Christus die Hoëpriester wat tussen God en ons staan, wat, soos daar in Hebreërs 7:26, 27 geskryf is, nie nodig het om eers vir sy eie sonde te offer soos die O.T. priesters moes doen voordat hulle vir die volk kon offer. Nee, Hy bedek met sy onskuld en volkome heiligheid voor die aangesig van God my sonde waarin ek ontvang en gebore is.

Vir hierdie stelling roep die H.K. weer eens Dawid in as getuie. Psalm 32, net soos Ps. 51, is na Dawid se sonde met Batseba en Uria geskrywe. Na 'n jaar van geweldige gewetenswroeging waarin Dawid se gebeente uitgeteer en sy murg verdor het (32:3) het hy tot die besef gekom dat hy in ongeregtigheid gebore en in sonde ontvang is. Dit is die staat waarin hierdie koning, die man na God se hart, gebore is: die staat van doemskuldigheid, die staat van 'n sondeslaaf. Noudat hy sy sonde bely het en die vrede met God herstel is, skryf Dawid in Ps. 32:1 - "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is."

Psalm 32 skreeu om 'n Middelaar. Dawid se gebeente het uitgeteer in sy gebrul, sy murg het verander soos deur die gloed van die son. Hy het self nie sy ongeregtigheid bedek nie (vs. 5). Waarmee sal 'n mens dit ook bedek?

Maar welgeluksalig is die mens wie se skuld voor God bedek is. Die sondaar moet sy sonde voor God <u>ontdek</u> deur skuldbelydenis. En dan <u>bedek</u> God dit deur die bloed van Christus.

Die geheim van hierdie geluksaligheid is in die Middelaar gegee. Die H.K. sê: die nut van Jesus se heilige ontvangenis en geboorte is dat Hy met sy volkome onskuld en heiligheid waarin Hy ontvang en gebore is, my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God <u>bedek</u>. Daar skryn iets diep tragies deur 'n mens se gemoed wanneer jy kyk na die eerste foto's wat daar van jou geneem is toe jy nog in jou wieg gelê het. Die Skrif sê daarvan: aan die verdoemenis self onderworpe. Met Dawid moet ons van ons eie ontvangenis en geboorte bely: in sonde ontvang, in ongeregtigheid gebore.

Maar van die krip van ons Middelaar geld: onskuld en volkome heiligheid.
Deur sy Middelaarswerk word dit alles omgekeer:

Hy neem die sonde en ongeregtigheid waarin ek ontvang en gebore is, op Hom, sodat sy onskuld en volkome heiligheid myne word. Dis die nut van die heilige ontvangenis en geboorte van Jesus Christus, ons Middelaar.

## SONDAG 15

### DIE LYDENDE MIDDELAAR

1. Inleiding

In hierdie Sondag waarin die tweede trap in die staat van vernedering aan die orde kom, word gehandel oor die oewerlose oseaan van die lyde van die Middelaar.

Die lydende Middelaar en die toorn van God (37).
Die lydende Middelaar en die oordeel van God (38).
Die lydende Middelaar en die vloek van God (39.

2. Die lydende Middelaar en die toorn van God

Die H.K. lui die Sondagsafdeling in met die vraag: wat verstaan jy onder die woordjie gely? Die woord verstaan is hier merkwaardig. Verstaan is verstandswerksaamheid. Versameling, rangskikking, ontleding, interpretasie van feite. Begripsvorming. Om met die denke 'n saak te deurvors totdat jy die wat, die hoe, die waarom en die waartoe begryp. Dit moet nou, volgens die opgawe van die H.K. ten opsigte van die lyde van Christus gedoen word.

Begin met erkenning: die opdrag is bokant ons vermoëns. Lyde kan nie met die verstand deurvors word totdat 'n mens daarvan kan sê: Nou weet ek alles daarvan nie.

'n Mens verstaan jou eie lyde nie eers nie. Veral in 'n tyd waarin daar deur God se genade soveel verdowingsmiddele is wat pyn stilmaak en lyde versag.

Hoe sou ons lyde van Christus verstaan? Ons beweeg maar in die vlakwatertjies aan die kant van die lydensee. Hy het die oseaan van God se toorn deurworstel terwyl die golwe en bare

oor Hom heengeslaan het. Hoe sal ons dié oseaan ooit deurgrond, die diepte en lengte en breedte daarvan peil? Daar sal nooit 'n oomblik kom waarop ons sal kan sê: Nou weet ek alles daarvan. Nou kan selfs God my niks meer daarvan vertel nie.

En tog stel die H.K. die vraag: wat verstaan jy onder die woordjie <u>gely?</u>

Hiermee word hoogstens bedoel: Wat <u>openbaar</u> God in sy Woord aan= gaande die lyde van die Middelaar?
Hoe gaan ons in alledaagse lewe by 'n sieke te werk om meer van sy lyde te wete te kom?

Ons stel vrae.
Ons vra: Hoe voel jy nou?
Het jy baie pyn?
Van wanneer af is dit so?
Wat sê die geneesheer?
Watter medisyne gebruik jy?
En so meer.

Met groot ootmoed gaan ons nou by die lyde van Christus ook enkele vrae stel. Ons soek die antwoorde op dié vrae in die Woord van God. (So doen Ursinus en ook Landwehr dit).

<u>Wie</u> het gely?

Die Middelaar

Maar dit moet goed onthou word: die Middelaar het twee nature. Na sy Godheid kon Hy nie ly nie, want lyde beteken om gedruk te word deur 'n mag sterker as jyself. Daar is geen mag sterker as God nie. God kan nie ly nie. Die Middelaar het dus slegs na sy mensheid gely. Sy Godheid het sy mensheid onderskraag sodat die mensheid nie onder die lyde beswyk het nie. Vgl. die keurige formulering in Sondag 6: Die Middelaar moet tegelykertyd waar= agtig God wees "om uit krag van sy Godheid, die las van die toorn van God aan sy mensheid te kan dra ..."

<u>Waarin</u> het die Middelaar gely?

In liggaam en siel. Die liggaamlike lyde was swaar - veral aan

die einde. Die kruisdood was vir die uitvaagsels van die same=lewing bedoel. Voorafgegaan deur die géseling. Daarna moes Hy op sy gegeselde rug die kruis dra. Die kruisdood was 'n wrede marteling. Het geweldige drukking van die bloed in die bosholte veroorsaak. Pyne in die spiere. Dors. Het soms dae lank geduur voor die kruiseling sterf.

Die sielslyde was nog veel swaarder. 'n Paar aspekte daarvan:

<u>Eerste</u>: <u>Aanraking met die sondige wêreld</u>

Ons kan daar moeilik 'n begrip van vorm hoe swaar en krenkend dit vir Jesus, die Sondelose, was om in 'n sondige wêreld te lewe. Ons ken niks beter as hierdie wêreld nie. Wanneer iemand dae=lank in 'n ongelugte siekekamer lê, kom hy nie agter hoe benoud dit daar ruik nie. Maar iemand wat van buite kom, stik daar en kan dit nie uithou nie. Die sondelose Jesus moes sy hele leeftyd op aarde, soos iemand wat van buite af inkom, die aaklige pesdamp van hierdie sondige wêreld inasem. Hoe ril 'n mens as jy 'n lyk aanraak! Hoe het Jesus gely by die aanraking van die sondige werklikheid?

<u>Tweede</u>: <u>Die aanraking met die menslike natuur wat met skuld belaai is.</u>

Hoewel self sonder sonde was Jesus se swakke, sterflike menslike natuur oorlaai met ons sondeskuld, en onderworpe aan alle mens=like affekte uitgesonderd die sonde. Die inwoning in 'n natuur wat aan die verdoemenis onderworpe is, was 'n voortdurende kwelling. Soos wanneer 'n mens onskuldig in die gevangenis saam met 'n moordenaar in dieselfde dodesel opgesluit is.

<u>Derde</u>: <u>Sy staat van vernedering</u>

Veronderstel die staatspresident sou sy seun stuur om saam met prisoniers wat tot lewenslange gevangenisstraf en harde-arbeid gevonnis is, in 'n dwangkolonie te gaan werk. Dit sou die sosiale status van die seun ernstig in die gedrang bring. Duisend maal dieper was die vernedering van Christus in die staat wat Hy op aarde moes beklee: "Hy is by die misdadigers gereken" (Mark. 15:28).

Vierde: Sy Godverlatenheid

Dit was aan die kruis die swaarste lyde. Dit is die lyde van die hel. Daar word niks anders as die toorn van God ervaar nie (Ps. 22:1).

Vyfde: Die voorkennis van sy lyde

'n Staatshoof maak in 'n tyd van dreigende oorlog duisend angste en duisend dode deur omdat hy vooraf weet van die ellende wat kan losbreek. Ondertussen lê die landsburgers rustig en slaap. Veel beter as wat enige staatsman die gevaar vooruit ken, het Jesus die Raadsplan van God aangaande sy lyde tot in die fynste be= sonderhede deurgrond. Selfs in Getsémané terwyl sy sweet soos bloeddruppels was, het sy dissipels rustig gelê en slaap.

Al hierdie en talle ander beelde gee maar 'n baie flou aanduiding van hoe Jesus aan liggaam en siel gely het.

Hoelank het Hy gely?

Die ganse tyd van sy lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan. Hy was die hele tyd op aarde ons Borg. Van sy krip tot sy graf is daar 'n merkbare styging in die intensiteit van sy lyde. Van die eerste dertig jaar van sy omwandeling weet ons weinig. Maar vanaf sy doop het sy openbare ampswerk begin. Dadelik na sy doop is Hy deur die Gees na die woestyn gelei om deur die duiwel versoek te word. (Luk. 4:1,2). Hoe ontsaglik het Hy gely deur Skrifgeleerdes en Fariseërs! Die Samaritane het Hom herberg geweier. Sy eie moeder en broers het gedink Hy is krank= sinnig en het Hom van sy Middelaarswerk af probeer wegroep. Sy dissipels het met hul onbegrip Hom leed aangedoen - die laaste nag het hulle selfs 'n klipgooi vanwaar Hy in die stof gekniel het, aan die slaap geraak! Petrus het Hom verloën, Judas het Hom verraai.

Die H.K. sê veral aan die einde. Getsémané waar sy sweet soos bloeddruppels geword het. Gabbata waar Hy gegesel en bespot is. Golgota waar Hy van God verlate was. By elkeen van hierdie name duisel 'n mens soos by 'n afgrond.

Wat het Hy gely?

Die toorn van God.
Die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag.
Hoe ontsaglik het die ganse menslike geslag deur die eeue gesondig!
Hoeveel maal word God se gebooie elke dag deur miljoene mense oortree!
En so hou dit deur duisende jare aan.
Hoe geweldig moet dit die toorn van God verwek - Hy wat so heilig is dat Hy die sonde nie kan aansien nie.
Die toorn van God is die verterende vuur van sy gekrenkte liefde en sy geskonde heiligheid.

Die toorn van God - dit is soos wanneer 'n mens in die swyswit hitte van 'n gloeiende smeltoond kyk - dit verblind jou oombliklik sodat jy jou oë moet afwend.
Dit brand deur al die eeue, sodat Moses die man van God, die middelaar van die ou verbond, moes klaag: "Ons vergaan deur u toorn en deur u grimmigheid word ons verskrik" (Ps. 90:7).
Die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag - dié het Christus aan liggaam en siel die ganse tyd van sy lewe op aarde gedra.
Dit is wat Hy gely het.

Waartoe het Hy gely?

Wat was die doel van sy lyde?

Die H.K. verklaar: sodat Hy met sy lyde, as met die enigste soenoffer ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis kon verlos en vir ons die genade van God, geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf.

Die H.K. beroep hom op Jes. 53:10 - "Maar dit het die Here behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die Here sal deur sy hand voorspoedig wees." In die H.K. is sprake van 'n soenoffer. Die soenoffers het by Israel uiteengeval in sondoffers en skuldoffers. Soenoffers is gebring om sonde te versoen, bedoel word opsetlike begane sondes. Vir die sondig met welbewuste opset, of soos die Bybel dit noem, sondig met opgehewe hand, is geen versoening moontlik

nie - so iemand moes uitgeroei word (Num. 15:30, 31). Vgl. die sonde teen die Heilige Gees (Matth. 12:22 v.).

In Lev. 4,5,6,7 word die wette in verband met die sond- en skuld=offers gegee. Die sondoffer het ten doel om weer in die regte verhouding tot God te kom en die sonde te versoen. / Die sondoffer is op die Groot Versoendag gebring om die sondes van die priesters en die hele volk te versoen. Die dier wat geoffer moes word, het saamgehang met die posisie van die offeraar. By die sondoffer is die bloed van die offerdier aan die horings van die altaar ge=stryk terwyl die res aan die voet van die altaar uitgegiet is. Die vet van die offerdier is op die altaar verbrand. Die res van die offerdier moes buite die laer verbrand word wat afgebeeld het dat die sonde weggedoen is. Voordat die offerdier gedood is, moes die skuldige sy hand op die hoof van die offerdier lê as beeld van die oordrag van die skuld op die dier. Die priester wat die offer buite die laer verbrand het, moes homself en sy klere was want hy was met die sonde besoedel.

Die skuldoffer vertoon baie ooreenkoms met die sondoffer. Dit verskil egter hierin dat die skuldoffer gebring is wanneer 'n mens iets ontvreem het, hetsy deur diefstal van die naaste, hetsy deur 'n gelofte aan God nie te volbring nie, hetsy deur diefstal van die priesters deurdat die tiendes nie gebring is nie. By hierdie offer moes 'n mens ook 'n skadeloosstelling betaal: die gesteelde artikel moes teruggegee word en 'n vyfde daarvan moes as boete bybetaal word.

Christus se lyde was 'n soenoffer, d.w.s. dit het die betekenis van 'n sond- en/of 'n skuldoffer gehad.

Daardeur het Hy ons met God versoen en ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos en vir ons die genade van God, ge=regtigheid en ewige lewe verwerf.

By die vorige Sondagsafdeling is ons wieg langs die krip van Jesus geplaas. By hierdie Sondag word ons siekbed en alle ander aardse lyde langs die lydensweg van Christus geplaas. En dan

word die rolle omgeruil. Hy dra die toorn van God in ons plek en om ons ontwil om ons van die toorn van God te verlos. "Hy het ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte - die het Hy gedra ... deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom" (Jes. 53:4,5).

## 3. Die lydende Middelaar en die oordeel van God

Die H.K. wil weet: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely? Die naam van die regter Pontius Pilatus en die omstandig=heid dat hy Christus laat kruisig het, het nie per toeval in die Twaalf Artikels ingesluip nie. Hierdie besonderhede word om ge=wigtige redes in die Apostolicum genoem.

3.1 Omdat dit vervulling is van die O.T.-profesie: "Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit, totdat Silo kom" (Gen. 49:10). Ursinus (Fol. 148) ver=klaar dit so: Dat toentertyd die septer van Juda weggeneem was en die troon geroof was, is duidelik uit die feit dat Christus deur 'n Romeinse landvoog Pontius Pilatus veroordeel is. Daarom bevestig hierdie omstandigheid ons geloof dat Hy die Messias is wat sou kom.

3.2 Die naam van die regter word so uitdruklik genoem sodat daaruit sal blyk dat Jesus nie heimlik deur die Jode gedood is of per ongeluk in 'n oproer omgekom het nie. In so 'n geval sou Hy nie ons Middelaar kon wees nie. Die Jode het wel meer male beplan om dit te doen. Maar in die Raad van God was dit anders besluit. God wou naamlik dat Hy in die openbaar, volgens die Romeinse regstelsel (die beste reg=stelsel wat die mensdom nog opgelewer het),verhoor sou word en dat aan die wêreldse regter wat heeltemal onpartydig gestaan het, alle inligting verstrek sou word. Nadat die regter geleentheid gehad het om noukeurig op al die beskul=diginge in te gaan, moes die regter tot die regverdige slot=som kom: "Ek vind geen skuld in hierdie Man nie" (Luk. 23:4). Nadat Pilatus Jesus onskuldig bevind het, sou hy Hom op aandrang van die Jode tot die dood veroordeel. Dit alles is van ewigheid af in die Raad van God so besluit. En so word dit in die Twaalf Artikels bely.

3.3 Sodat die waarheid van Christus se lyde daardeur bevestig sou word. Want sy kruisiging word nie net in die Bybel ver= haal nie, maar ook is daar skrywers van die nie-Bybelse geskie= denis wat vertel dat Christus tydens die regering van Pontius Pilatus gekruisig is. Pilatus is deur Keiser Tiberius in die twaalfde jaar van sy regering oor die Joodse land as goewerneur aangestel - so presies kan die tyd van Christus se kruisiging gedateer word. Augustinus sê: Die regter se naam is daarby gevoeg ter wille van die datering. Want as 'n mens nie kan sê in watter tyd en onder watter keiser, en tydens watter goewerneur iets gebeur het nie, dan begin die mense gewoonlik aan die waarheid daarvan te twyfel.

3.4 Die eintlike rede word egter deur die H.K. self genoem: Om ons, deurdat Hy onskuldig onder die wêreldlike regter veroordeel is, te bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan.

Die <u>eerste</u> waarop die aksent val, is die woord onskuldig. Al die tekste wat die H.K. in dié verband aanhaal, is die waarin die erkenning van Pilatus verhaal word: "Ek vind geen skuld in hierdie Man nie" (Joh. 18:38 v.).

Die <u>tweede</u> is die feit dat Hy onder die wêreldlike regter veroordeel is.

Pilatus is die wettige burgerlike gesagsdraer in Jerusalem. Regters word in die Bybel gode genoem (Ps. 82:1). Hulle is dus verteenwoordigers van God op aarde wat in sy Naam reg= spreek.

Volgens Paulus is die owerheid 'n dienaar van God (Rom. 13: ). Wanneer die aardse owerheid 'n uitspraak doen, doen hy dit as gesagsinstansie wat by die grasie van God regeer. Hy spreek dus in die Naam van God die hoogste Regter.

As Pilatus sê "Ek vind geen skuld in hierdie Man nie" en Jesus desondanks tot die dood veroordeel, dan het dit die tweele= dige betekenis dat sowel God as die mense in die beste ont= wikkelde regstelsel van alle eeue Jesus to die dood veroordeel.

Toe Jesus voor Pilatus gestaan het, was Hy Hom ten volle daarvan bewus dat Hy terselfdertyd voor die Regterstoel van God staan. Toe Pilatus Hom vra: "Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig

en mag het om U los te laat nie?", het Jesus geantwoord: "U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie" (Joh. 19:11). Jesus het dus op Gabbata nog steeds die uitsig na bo. (Op Golgota sou dit Hom ontneem word). Hy weet en is Hom ten volle bewus daarvan: dis nie maar die Jode of Pilatus nie. Dis die oordeel van God.

God spreek deur Pontius Pilatus soos Hy deur Bileam (Numeri 22 v.) en Kajafas (Joh. 11:49 v.) gespreek het.

Die oordeel van God is suiwer en onaanvegbaar. Wat Hy in die paradys al as straf op die sonde beloof het, gaan nou aan sy Seun Jesus Christus, ons Middelaar, voltrek word.
Die nuwe daarvan?

Weer die omwisseling van die staat.

Daardeur, sê die H.K., is ons bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan.

Christus het toe Hy voor Pilatus gestaan het, die plek ingeneem wat ons in die oordeelsdag voor die Regterstoel van God moes inneem.

Die betekenis daarvan dat Christus in ons plek veroordeel is - daardeur het Hy ons bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan.

Die tekste wat die H.K. ter bewysvoering aanhaal, is ontsaglik ryk.

Ps. 69:5 - "Die wat my sonder oorsaak haat, is meer as die hare van my hoof; die wat klaar staan om my te vernietig, wat sonder grond my vyande is, is magtig; wat ek nie geroof het nie, moet ek teruggee." Hierdie Psalm dra die opskrif: Die martelaar. 'n Martelaar is iemand wat 'n regverdige saak dien en daarvoor onregverdiglik doodgemaak word. In hierdie vyfde vers verrys agter die digter Dawid lewensgroot die gestalte van die Messias.
Hy word sonder oorsaak gehaat.
Magtiges is sonder grond sy vyande.
Hy moet teruggee wat Hy nie geroof het nie.
Hy verduur dit alles in ons plek.

Ons wat met ons sonde meer as oorsaak was dat ons gehaat kan word.
Ons wat genoeg grond verskaf het tot vyandskap.
Ons wat soveel geroof het - God van sy eer beroof het!

Jes. 53:4,5 - vers 4 het al by vraag 37 ook ter sprake gekom (daar is ook verwys na vers 10 - dus 'n uitnemend geskikte hoofstuk om saam met hierdie Sondagafdeling te behandel). Vers 5 lui: "Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Hier word die sonde genoem met juridiese terme: oortre= ding, ongeregtighede, hier is sprake van straf. Sonde is skuld. Skuld roep om 'n juridiese oordeel, 'n regterlike vonnis. Dié het Pilatus oor Christus uitgespreek - sodat ons van die oordeel en straf bevry sal word. Dit is die waarborg van ons regverdiging voor God. Nou is ons om Christus wil so regverdig voor God asof ons nooit enige sonde gehad of gedoen het nie.

2 Kor. 5:21 - "Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom."

Hier gaan dit oor die bediening van die versoening. Om die ver= soening tussen God en ons te kon bewerkstellig moes Christus sonde gemaak word. Verskriklike uitdrukking. Hy, die regverdige en heilige, is sonde gemaak. Die staat waarin Hy gekom het, was die van doemskuldigheid, sodat ons kon word geregtigheid van God in Hom.

Gal. 3:13 wat hier genoem word, pas beter by vraag 38.

4. Die lydende Middelaar en die vloek van God

Sit daar iets meer in dat Hy gekruisig is as dat Hy 'n ander dood sou gesterf het?

Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het, aangesien die kruisdood deur God vervloek is.

Die kruisdood was skandelik en wreed. Die Romeine het dit van die Karthagers gekry en dié het dit van die Fenisiërs gekry.
By die Romeine was dit die vorm van doodstraf wat vir die uitvaag=sels van die samelewing gereserveer was. 'n Romeinse burger mog nie gekruisig word nie.

Jesus moes juis die kruisdood sterf.

Dis merkwaardig hoeveel keer Jesus die dood vrygespring het.
Die kindermoord te Bethlehem.
In Nasaret wou hulle Hom van die krans afgooi.
In Jerusalem wou hulle Hom stenig.

Elke keer is Hy wonderbaarlik gered. Sodat Hy gekruisig kon word.
Waarom?
Omdat die kruisdood deur God vervloek is.
Maar die Jode het nie die kruisdood geken nie. Hulle het 'n ter dood veroordeelde gestenig. In uiterste gevalle, bv. baie ern=stige misdaad, is die liggaam van die gestenigde na sy dood aan 'n paal opgehang. Maar dan moes hy voor sononder weer afgehaal word, sodat die land nie verontreinig word nie. Die betekenis van die ophang: hierdie persoon is te sleg vir die hemel en ook van die aarde. Daarom moet hy tussen hemel en aarde hang.

In die wet van Moses staan daar iets vreesliks: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang" (Deut. 21:23; vgl. Gal. 3:13).

Vloek is in die Bybel 'n kragbegrip. Dit beteken: om van God tot in die hel weggestoot te word.

Dit het met Jesus gebeur: Buite Jerusalem sodat die heilige (!) stad nie verontreinig sou word nie - aan 'n hout opgehang. En daar van God verlaat!

So het die vervloeking van God wat op my rus, op Hom gekom.
En Hy het dit in 'n seën verander.
Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Daarmee is die angel van straf en vergelding uit ons aardse lyde gehaal. Nou het die lyde van die gelowige nie meer die karakter van betaling van die skuld nie - want Christus het klaar betaal. Nou is die lyde van die gelowige beproewing, loutering van sy

geloof soos goud in die smeltkroes.

In die lyde van die gelowige sit dikwels ook 'n opvoedkundige element. God bring ons in die lydenskool om iets te leer verstaan van die lyde van Christus - sodat ons sy lyde om ons ontwil beter sal waardeer.

> "Kyk", sê Hiskia, "tot heil het die bitter, ja bitter lyde my geword" (Jes. 38).

> Dat U my verdruk het HERE,
> dit was enkel goed vir my
> want daardeur het U my dieper
> in u kennis ingelei (Ps. 119:25).

SONDAG 16

## Die uiterste vernedering van die Middelaar

### 1. Inleiding

By die dood stel mense die bitterste van alle vrae, nl. waarom? Die angel van lyde en dood sit dikwels in die onverklaarbare daarvan. Vergelyk die boek Job. Hy het nie van die gesprek tussen God en Satan geweet nie (Job 1:6 v.v). Hy het maar net gesien hoe die een ramp na die ander hom tref. Dit het by Job die vraag laat ontstaan: Waarom?

By die dood van Christus stel die H.K. ook die vraag: Waarom? Tot drie maal toe. Hier gaan dit om die diepste waarom. Waarom die dood, begrafnis en neer= daling na die hel in die geval van Jesus?

Dit is die waaroms van Golgota. Daar het Jesus self gevra:

"My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matth.27:46).

In hierdie Sondagafdeling kom aan die orde:

Die vernedering van Christus tot die dood (40).
Die vernedering van Christus tot in die graf (41,42,43).
Die vernedering van Christus tot in die hel (44).

### 2. Die vernedering van Christus tot in die dood

Hierdie vraag en antwoord het 'n sterk apologetiese inslag. Marcion het ontken dat Christus gesterf het. Volgens hom was die menslike natuur alleen skyn. Daarom was die dood 'n skyndood.

Nestorius weer het die twee nature geskei. Volgens hom het nie die Seun van God nie maar alleen die menslike natuur geterf. Daarom verklaar hy: Moenie roem nie, julle Jode, julle het 'n mens, en nie God nie, gekruisig.

Teenoor hierdie dwalings leer die Skrif dat Christus, die Seun van God, waarlik aan die kruis gesterf het: nie na sy Godheid nie maar na sy mensheid.

Matth.27:50 - "Daarop het Jesus weer met 'n groot stem geroep en die gees gegee".

So ook in Mark.15:37; Luk.23:46; Joh.19:30.

Die H.K. wil weet: waarom was dit nodig?

Die antwoord: Omdat weens die geregtigheid en waarheid van God nie anders vir ons sondes betaal kon word as deur die dood van die Seun van God nie.

Twee aspekte in hierdie antwoord vra aandag.

1. Eerste, die verwysing na God se geregtigheid en waarheid. Dis twee deugde van God wat met sy Wese een is. Wie hiermee nie rekening hou nie, sal niks verstaan van wat op Golgota gebeur het nie. Met die fakkel van die sui= were Godskennis sal ons in die skag van Jesus se dood afdaal. Dan word die graf= kelder deel van die tempel waarin God woon.

Die H.K. verwys hierby na Gen.2:17 - die proefgebod wat God in die paradys aan Adam gegee het: "Van die boom van die kennis van goed en kwaad daarvan mag jy nie eet nie, want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe". Dit is 'n belofte van God. En as God sy belofte getrou wil bly, moet Hy die straf uitvoer. As Jesus waarlik ons Borg wil wees wat ons straf op Hom neem, dan moet Hy die dood sterwe. Die waarheid en geregtigheid wat die grondslae van sy troon is (Ps.97:2), eis dit van God dat sy Seun moet sterwe.

Die dood.
Wat is die dood?
Dood is dekomposisie, ontwrigting, ontbinding.
Vorme van die dood: Geestelike dood - band met God word deurgesny
Liggaamlike dood - band tussen liggaam en siel word deurgesny.
Ewige dood - liggaam en siel word weg van God aan ver= derwing prysgegee.

Dit is wat met Christus moet gebeur as Hy die straf wil dra: Hy moet na liggaam en siel aan die verderwing prysgegee word. Daar sit Goddelike noodwendigheid in sy dood.
Ons sonde is so erg, daar kon nie anders voor betaal word nie as deur die dood van die Seun van God.

2. Dis die tweede aspek wat aandag vra: die feit dat die Middelaar hier bewus= telik Seun van God genoem word.

Nie maar die dood van Jesus, of die dood van Christus nie.
Maar doelbewus: die dood van die Seun van God.

Die ewige, lewende Seun van God, wie se Wese is dat Hy die Lewende is, wat nie kan sterwe nie, het na sy mensheid die dood gesterwe.

Die N.G.B. het in art.19 hieroor die volgende geskrywe: "Hierdie twee nature is so saam verenig in een Persoon dat hulle selfs ook deur sy dood nie geskei was nie. So was dan wat Hy sterwende in die hande van sy Vader oorgegee het, 'n ware mens= like gees wat uit sy liggaam uitgegaan het, maar in die tussentyd het die Goddelike

natuur altyd verenig gebly met die menslike selfs ook toe Hy in die graf gelê het. En die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie, soos dit in Hom gewees het toe Hy 'n klein Kindjie was, alhoewel dit vir 'n kleine tyd sigself nie so geopen= baar het nie".

Dit is die grootste katastrofe wat hom in die wêreldgeskiedenis afgespeel het - die kruisdood van Christus. En dit was nodig om ons ontwil.

Die dood van die Seun van God was nie 'n lot wat Hom getref het en waaronder Hy passief verkeer het nie. Hy het bewustelik gesterwe. Dit was 'n aktiewe daad. Daarom dat die evangeliste eenparig is in hul weergawe dat Hy die gees gegee het (Matth.27:50). In die Geloofsleer word dit genoem: sy dadelike gehoorsaamheid.

3. Die vernedering van Christus tot in die graf

Die H.K. vra: Waarom is Hy begrawe?
Volgens Ursinus veral om drie redes:

3.1 Om daarmee te betuig dat Hy waarlik gesterf het. As sy dood van soveel be= lang was omdat alleen daardeur aan die eis van God se geregtigheid en waarheid voldoen kon word, dan is dit van die grootste betekenis dat ons op goeie grond van sy dood oortuig is.

Die H.K. sê: sy begrafnis is 'n afdoende oortuigende bewys. Immers, 'n mens begrawe nie lewendige mense nie. As daar maar enige sweempie van twyfel was of Hy werklik dood was, sou die dissipels Hom baie beslis nie begrawe het nie.

3.2 Sodat sy vernedering des te groter sou wees. Die vloek oor Adam, stof is jy en tot stof sal jy terugkeer (Gen.3:19), moes aan Hom voltrek word. Om waarlik ons Borg en Middelaar te kon wees, moes die Seun van God in 'n staat van ontbin= ding ingaan in die graf. Die graf is die plek van vertering.

3.3 Sodat ons begrafnis geheilig sou word. Dit is, dat ons vir die graf geen skrik sal hê nie, wetende dat Christus, ons Hoof, deur die dood en die graf heen vir ons 'n weg gebaan het na die hemelse heerlikheid. Daarom is die graf vir ons nie meer 'n plek van vervloeking nie maar 'n slaapkamer waarin ons sal rus totdat die lewe weer verwek word.

Hierby voeg die H.K. twee vrae met betrekking tot die nut wat Christus se dood en begrafnis vir ons het. Daarmee word ons sterfbed langs sy kruis, en ons graf langs sy graf geplaas. Dit wat as gevolg van die sonde met ons moes gebeur, is aan Hom voltrek. Maar dit bring 'n ernstige vraag in die gemoed: As Christus dan vir ons gesterf het, hoe kom dit dat ons ook moet sterwe? Hy vir wie se sonde betaal is,

behoort nie te sterwe om nog weer 'n keer deur sy dood vir sy sonde te betaal nie. Daarom, sê die H.K., is ons dood geen betaling vir ons sondes nie. Die angel van die doemskuld is deur Christus se dood uit ons dood weggeneem. Ons sterf nou om heeltemal ander redes: Eerstens is ons dood 'n afsterwing van die sonde. So be=sien is die dood nie 'n straf nie maar 'n weldaad. Gedurende hierdie lewe kan ons die volmaaktheid waartoe God ons roep, nooit bereik nie. Êrens moet daar 'n fi=nale breuk met die sonde kom. Dit is op die dag van ons dood. Dan slaan die Heilige Gees sy groot slag. Wielenga (p.388) noem dit Goddelike humor. Die dood word die middel tot vernietiging van die dood. Die gevolg van die sonde, die dood, neem die oorsaak van die dood weg.

Waar hoort die mens wat niks meer gemeenskap met die sonde het nie? In die ewige lewe. Die laaste poort waar die pelgrim moet deurgaan, die poort van die dood, is die eerste poort na die ewige lewe. Die vyand word 'n nederige dienskneg. Die dood word die portier wat die poort na die ewigheid oopmaak. Israel kon die Be=loofde Land nie anders binnekom as deur die Jordaan nie. Ons kan die ewige heer=likheid nie anders binnekom as deur die doodsdal nie.

Die tweede vraag wat die H.K. na aanleiding van Christus se dood en begrafnis stel, is: Watter nut verkry ons nog meer uit die offerande en die dood van Christus aan die kruis? In die vorige vraag is geïnformeer na die nut wat Christus se dood vir ons dood het. Nou word geïnformeer na die nut wat sy dood vir ons lewe het. Die antwoord is kort en klaar: dat ons nou die sonde sal afsterwe. Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig. Vgl. Paulus aan die Galasiërs (2:2): "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my". En aan die Romeine (6:6): "Aangesien ons weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie".

My eie-ek gekruisig. Ek is in Christus gekruisig. Daarmee het ek deur die geloof die regverdigmaking in Christus. Toe Hy aan die kruis gehang het, was dit so goed asof dit ekself was. Deur sy krag. Dit is die krag wat Hy deur sy Heilige Gees wil gee sodat ek nou daagliks my ou natuur sal kruisig. Christenwees beteken selfverloëning, doodmaak van die ou natuur, die eie-ek, die bose luste. Maar dis nie al nie. Daarby kom: sodat ek myself aan Hom as offerande van dankbaarheid kan toewy. Vgl. Paulus in Rom.12:1: "... dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer - dit is julle redelike godsdiens". By die regverdiging deur sy dood moet nou ook kom die wedergeboorte, die nuwe lewe van heiligmaking deur die Heilige Gees. Christus het gesterf sodat ons kan lewe - 'n offerlewe van dankbaarheid.

4. <u>Die vernedering van Christus tot in die hel</u>

Die H.K. vra: Waaom <u>volg</u> daar ...?

Tydrekenkundig moes die belydenis aangaan die neerdaling na die hel op sy lyde gevolg het en nie na sy dood en begrafnis nie. Want Jesus het nie na sy dood na die hel neergedaal nie, maar wel tydens sy lyde aan die kruis - dink aan die drie uur duisternis en die uitroep: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" (Matth.27:46). Juis hieruit weet ons dat dit helse lyde was - die Godverlatenheid.

Maar waarom volg die belydenis dan na die belydenis oor dood en begrafnis? Om die eenvoudige rede dat die Twaalf Artikels volgens die verklaring van die H.K. nie 'n kronologiese maar 'n logiese orde volg. Die volgorde waarin die trappe van verne=dering hier genoem word, is: diep, dieper, diepste - en nie laat, later, laatste nie.

Daarom word die dieptepunt van die lyde laaste genoem - al het dit in die tyd nie laaste plaasgevind nie.

Die vraag word weer eens met <u>waarom</u> ingelui. Die antwoord is daarop bereken om ons te verseker dat die angel van die lyde wat in die waarom sit, deur die neer=daling van Christus na die hel daaruit is. Die swaarste wat die gelowige hier kan ly, is geen straf op die sonde en geen voorsmaak van die hel nie.

Hier moet die Roomse dwaling as sou Jesus na sy dood na die hel neergedaal het om vir die siele van die afgestorwenes te gaan preek, van die hand gewys word. Rome het 'n geforseerde eksegese van 1 Petr.3:20. Geeste in die gevangenis is hier ken=nelik die geeste of siele van die mense wat in Noag se tyd ongehoorsaam was. Christus het deur Noag vir hulle gepreek om hulle te bekeer en nie by sy neerdaling na die hel nie.

Hoe moet die neerdaling na die hel verstaan word?

Volgens Ursinus (fol.159) kan die Hebreeuse woord scheool drie betekenisse hê:
Eerstens, die graf - so is dit in Gen.42:38 "... dan sal julle my grys hare in die doderyk laat afdaal".
Tweedens, die plek waar die verlorenes na hul dood is soos in Ps.139:8 - "... maak ek die doderyk my bed, kyk U is daar!"
Derdens, die pyn en smart van die hel soos in Ps.116:3 "... angste van die doderyk het my getref".

Die neerdaling na die hel moet in die derde betekenis van scheool verstaan word. Ursinus (fol.160): Ons reken dat deur die neerdaling na die hel aangedui word

die allergrootste pyne, benoudhede en smarte wat Christus in sy siel gely het - nie na sy dood nie maar voor die dood in die stryd met die oordeel en die toorn van God teen ons sonde. Dit is die alleruiterste versmaadheid wat Christus in sy ganse lyde aangedoen is.

Nou sê die H.K.: deurdat Christus dit alles gely het, kan ek in my swaarste aanvegtinge seker wees en my volkome vertroos dat Christus deur wat Hy gely het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het.

Vir Hom het dit bokant sy hoof heeltemal donker geword sodat ek nog altyd bokant my in die donkerste nagte die sterre van God se trouverbond sal sien skyn.
Deur die waarom van sy helse lyde word die bitterste waarom van my lewe stilgemaak.

** ** ** ** ** ** ** ** ** **

SONDAG 17

Die opstanding van Christus

## 1. Inleiding

In Sondag 16 is die staat van Christus se vernedering afgehandel. In Sondag 17 begin die H.K. met die staat van verhoging. Lg. bevat vier trappe: opstanding, hemelvaart, sit aan die regterhand van God, wederkoms.

By die staat van vernedering was daar telkens sprake van staatsomwisseling tus= sen Christus en ons. Hy het in ons plek die vernedering ingegaan om ons daarvan te verlos. By die staat van verhoging is daar iets soos staatsidentifikasie (staatsvereniging). Sy opstanding beteken ook ons opstanding; sy hemelvaart be= teken dat ons in Hom ons vlees as pand het dat Hy ons tot Hom sal neem; sy sit aan die regterhand beteken dat Hy deur sy Heilige Gees sy gawes in ons uitgiet; sy wederkoms beteken dat Hy ons tot Hom in die hemelse blydskap sal neem.

In hierdie Sondag word alleen oor die nut van die opstanding gehandel. Oor die feit van die opstanding word niks gesê nie. Waarskynlik is dit omdat dit geen kontroversiële saak was tydens die Reformasie nie. As die H.K. vandag geskrywe is, sou daar stellig eers na die feit en dan na die nut gevra gewees het. In die prediking behoort beslis by Sondag 17 eers oor die feit van die opstanding gehandel te word.

Die feit van die opstanding.
Die nut van die opstanding.

## 2. Die feit van die opstanding

Ursinus (fol.163) sê: die Jode, Turke (Moslems) en ander goddelose mense (sic!) loën die opstanding van Christus uit die dode.

Die Rasionaliste (18de eeu) ontken die bestaan van alle wonders - ook van die opstanding. Korff (sonder vermelding van bron, aangehaal deur Wielenga, p.406) siteer 'n sekere Rashdall wat sê: "Liggaamlike opstanding sou die skending van die beste natuurwette beteken. Al was die getuienis van so 'n liggaamlike op= standing vyftig maal sterker as wat dit is, dan sou elke ander hipotese waar= skynliker as die een van die opstanding gewees het".

In die negentiende eeu het die Moderniste deur die bank die opstanding geloën. Volgens hulle is met opstanding uit die dode hoogstens bedoel dat Christus in die hart van die gelowiges opgestaan het.

Die twintigste eeuse Barth het beweer dat die opstanding tot 'n ander terrein as die van die geskiedenis behoort. Tot watter terrein dit behoort, het Barth nie gesê nie. Dit het Bultmann na hom kom sê: die terrein van die mite. Die opstan=dingsverhaal is 'n mite. Jesus sou dan opgestaan het soos die godeseuns in die heidense mitologieë uit die doderyk teruggekeer het. As die Bybel geontmitolo=giseer is, bly daar van 'n reële, historiese opstanding niks oor nie.

Maar daarmee verval die hele nut of troos van die opstanding - wat saam met die kruis die kern, die hart van die Christelike evangelie uitmaak.

As Christus nie uit die dood opgestaan het nie, "dan is ons prediking tevergeefs, en vergeefs ook julle geloof; en dan word ons valse getuies van God bevind, om=dat ons teen God getuig het wat Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ... en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore. As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense" (1 Kor.15:14-19).

Dit is geweldige woorde! Dit kan ook nie anders nie, want die opstanding van Christus is die spil waarom die hele Christelike godsdiens draai.

As Christus nie werklik uit die dood opgestaan het nie, dan is die prediking tevergeefs. Dan is alle Christelike predikers leuenaars. Dan kan die Christelike kerke gerus maar gesluit en in bioskoopsale en graanskure omskep word. Want dan is godsdiens inderdaad opium vir die volk.

As Christus nie opgestaan het nie, is die Christelike geloof nutteloos en is ons nog in ons sonde. Die hele Nuwe Testament berus dan op 'n groot misverstand en is 'n onaanvaarbare leuen. Sonder die opstanding is daar geen verlossing uit die sonde nie.

As Christus nie opgestaan het nie, dan is die wat in Hom ontslaap het, verlore. Dan het Stefanus by sy dood toneel gespeel toe hy uitgeroep het: "Ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan" (Hand.8:56).

Samevatting:

Die feit van die opstanding is die spil waarom die hele Christelike godsdiens draai. Dis 'n kwessie van geloof aan die historiese realiteit van 'n werklike opstanding uit die dood.

3. Die nut van die opstanding

Die antwoord is drieledig. Hang saam met regverdiging, heiligmaking en heerlik=making.

3.1 Regverdiging

Hy het die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid deelagtig kan maak wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het.

Die dood oorwin ...

Dwarsdeur die hele O.T. gloei daar 'n skynsel van hoop soos die eerste donkerrooi daeraad. Hoop dat die dood oorwin kan word. Henog het met God gewandel en was nie meer nie.
Noag tree na meer as 'n jaar met sy gesin uit die "graf" van die sondvloed weer tevoorskyn.
Isak word uit die verstorwe liggame van Abraham en Sara gebore.
Josef - beendere na Kanaän.
Job getuig na die vreeslike worsteling op die ashoop: Ek weet my Versosser leef!
Hiskia - 15 jaar - sonnewyser.
Elia word met 'n vurige wa na die hemel weggevoer.
Israel staan tot twee maal uit die dood van slawerny en ballingskap op in Egipte en Babel.
In die Psalms groei die gespanne verwagting: Bande van die dood het my omring, en angste van die doderyk het my getref - maar U het my siel gered van die dood.

Met die koms van Christus word die oorwinning oor die dood 'n werklikheid. As Johannes die Doper dissipels na Jesus stuur met die vraag: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag, antwoord die Heiland: Gaan sê vir Johannes wat julle sien en hoor:

> Blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig,
> dowes hoor ... dooies word opgewek ... (Luk.7:22).

Dooies word opgewek ...

Sommer so tussen al die ander wonderwerke deur, asof dit vir Jesus iets alledaags is.

Hoeveel dooies Jesus opgewek het, is nie bekend nie. Die Bybel vertel slegs van die dogtertjie van Jaïrus (pas oorlede), die seun van die weduwee van Nain (reeds op pad begrafnis toe) en Lasarus (al vier dae dood). Let op die stygende lyn.

En dan volg die finale oorwinning wanneer Jesus uit die dood opstaan. Die Bybel stel dit beurtelings: Hy is deur God opgewek, Hy het self opgestaan.

Paulus druk hom sterk uit: Die dood is verslind in die oorwinning (1 Kor.15:34).

Die H.K. voeg hieraan toe 'n tipiese sodat.

Sodat Christus ons die geregtigheid deelagtig sou kan maak wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het.

Die eerste doel van Christus se opstanding is dus om die vrugte van sy dood aan ons te kom uitdeel. Soos Simson die heuning uit die leeu wat hy doodgeslaan het, aan sy ouers uitgedeel het.

Die heuning wat Christus aan ons kom gee, is die geregtigheid van God. Paulus sê dit baie kernagtig in sy brief aan die Romeine (4:25) - "... wat oorgelewer is ter wille van ons misdade, en opgewek ter wille van ons regverdigmaking".

Aan die kruis het Christus die oordeel wat op ons gerus het, gedra. Daar is Hy deur God skuldig gehou vir al ons misdade sodat ons vrygespreek kon word.

As Jesus uit die dood opstaan, is dit so goed of sy eerste woorde aan ons is: Omdat Ek die straf vir julle gedra het, omdat Ek volkome vir julle betaal het, daarom is julle nou regverdig voor God, so asof julle nooit enige sonde gehad of gedoen het nie.

3.2 Heiligmaking

Deur die krag van die opgestane Heiland word ons opgewek tot 'n nuwe lewe.

Die Christendom is die godsdiens van die lente. Jaar na jaar word in die natuur die wonder voltrek: wanneer die warm lig van die son die heldergroen botsels soos klein, spigtige vonkies aan die dooie takke laat ontspring. So word ons deur die krag van die verrese Heiland tot 'n nuwe lewe opgewek.

Die Dordtse Leerreëls gee die versekering dat hierdie opwekking in sy krag nie geringer is as die opwekking uit die dood nie - hierdie geheel bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie soete, wonderbare, verborge, onuitspreeklike wer= king van die Heilige Gees. ( Hfst. 3 en 4 par. 12 ).

Die H.K. verwys onder andere na Kol.3:1,3 - "As julle dan saam met Christus opge= wek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit". Soek die dinge daarbo ...
Die Kategismus is vir kinders geskrywe. En kinders hou van soekspeletjies. 'n Mens moet soos 'n kind word voordat jy die dinge van die koninkryk verstaan.

Let op hoeveel gelykenisse Jesus vertel het oor die koninkryk van die hemele waarin daar na iets gesoek moet word: die skat in die akker, die pêrel, die visnet, die verlore penning, die verlore skaap, die verlore seun. Dan sê Jesus: Soek eers die koninkryk van God. Dit is waartoe die opgestane Heiland ons oproep: Soek! Soek! Soek!

'n Mens voer hierdie soektog beste uit as jy dit biddend op jou knieë doen.

3.3 Heerlikmaking

Die opstanding van Christus is vir ons 'n gewisse pand van ons salige opstanding.

'n Pand is 'n teken van liefde en trou tussen bruidegom en bruid. In die doodsdal met sy verskrikking en angs van die dood het die bruid die pand van Christus se opstanding.

I Kor.15:20,21 - "Christus is opgewek uit die dode. Hy het die Eersteling ge= word van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens". Paulus verwys met Eersteling na die Mosaïese wetgewing in verband met die eerstelinge. Die Here het geëis dat die eerstelinge van die oes na sy huis gebring word. Die gedagte hieragter: die hele oes behoort aan die Here. Deur die offer van die eerstelinge word die hele oes aan die Here gewy. Tussen die eerstelinge en die res van die oes is daar dus 'n onlosmaaklike band. In die onderhawige verband beteken dit: die liggame van die ontlapenes word soos koringkorrels in die dodeakker gelê. Die eerste= ling wat ontkiem en gegroei het, is Jesus. In Hom het die ander die opstanding. Hulle sal op die laaste dag na die skuur ingehaal word.

Die dood is volgens hierdie uitspraak van Paulus dus maar 'n slaap. Vgl. Jesus se uitspraak: Lasarus, ons vriend, slaap.

Aan die einde van Psalm 17 staan daar 'n ontroerende mooi ding. Dis 'n aandgebed van Dawid om redding. Dit eindig met die woorde:

> "Ek sal u aangesig in geregtigheid aanskou. Ek sal versadig word met u beeld as ek wakker word".

Soos Dawid het ons in Christus 'n regverdige saak. Ons het ook 'n vyand wat soos 'n leeu ons wil verslind. Dawid het gebid: Staan op Here, gaan hom tegemoet. Werp hom neer.

Wel, Jesus Christus het opgestaan. Hy het die vyand tegemoet gegaan. Hom neergewerp.

Nou kan die gelowiges rustig ontslaap met die sekerheid:

Ek sal versadig word met u beeld as ek wakker word.

## SONDAG 18

## Die hemelvaart van Christus

### 1. Inleiding

Tydens die Reformasie het die beskouinge van die Gereformeerdes en die Lutherse skerp uiteengeloop oor die feit en betekenis van die hemelvaart. Sondag 18 dra in vrae 46,47 en 48 die stempel daarvan. Daarop volg die pragtige antwoord op vraag 49 waarin na die nut van die hemelvaart geïnformeer word. In hierdie Sondag oor die tweede trap in Christus se staat van verhoging word agtereenvolgens behandel:

Die feit van die hemelvaart (46).
Die waarheid van die hemelvaart (47,48).
Die nut van die hemelvaart (49).

### 2. Die feit van die hemelvaart

Die Lutherse het in verband met die hemelvaart geleer: Christus se goddelike natuur het met sy hemelvaart sy menslike natuur geheel en al deurdring. Dit wil sê, sy menslike natuur het op daardie dag dieselfde goddelike eienskappe verkry as wat sy goddelike natuur het. Sy mensheid het daardie dag ook almagtig, alwetend en alomteenwoordig geword. Veral alomteenwoordig. Dit beteken dat sy liggaam nie maar net in die hemel opgeneem is nie maar dat dit meteens alomteenwoordig was. Hoe so-iets fisies moontlik is, het hulle nie gesê nie.

Die feit van die opstanding het met die Lutherse beskouing ernstig in die gedrang gekom. Daarom vra die H.K.: Wat verstaan jy onder: Wat opgevaar het na die hemel? Die antwoord lui: Dat Christus voor die oë van sy dissipels van die aarde na die hemel opgevaar het en dat Hy ons ten goede daar is totdat Hy terugkom om te oordeel die lewende en die dode.

Uit die aanvang van die antwoord blyk drie dinge:

Die hemelvaart was werklik.
Die hemelvaart was sigbaar.
Die hemelvaart was plaaslik.

#### Die hemelvaart was werklik

Dit was 'n reis net so reëel soos Israel se reis uit Egipte na Kanaän. Die teëbeeld van wat met Adam gebeur het toe hy uit die paradys moes weggaan.

Die hemelvaart was sigbaar

Die apostels was teenwoordig en hulle het dit met hulle oë gesien. Dis merkwaar= dig - by sy opstanding het niemand dit gesien gebeur nie. Maar die hemelvaart - die het hulle gesien gebeur net soos hulle 'n paar weke tevore sy intog in Jerusa= lem sien gebeur het.

Die hemelvaart was plaaslik

Die plek van sy vertrek en die plek van sy bestemming is aanwysbaar. Hy het van die Olyfberg af vertrek na die regterhand van die Vader in die hemel. Tot by die wolk het hulle Hom gesien. Daar is Hy weggeneem.

Die H.K. lê groot nadruk op hierdie feitlike karakter van die hemelvaart. Daar= mee word die Lutherse beskouing dat met die hemelvaart 'n deïfikasie van die mens= like natuur van Christus sou plaasgevind het, van die hand gewys.

Teenoor hierdie reële, sigbare, plaaslike karakter van die hemelvaart maak die Lutherse beswaar soos uit die volgende punt duidelik word, want dan is Hy nog altyd liggaamlik hier.

Hierby kom nog die byvoeging dat Christus weer terugkom om te oordeel die lewende en die dode. As Hy na sy menslike natuur alomteenwoordig is, kan daar natuurlik van die wederkoms in die sin van 'n liggaamlike terugkeer nie sprake wees nie.

3. Die waarheid van die hemelvaart

Teenoor die Gereformeerde beskouing wat in die vorige punt uiteengesit is, werp die Lutherse 'n bedenking op: Christus het tog voor sy hemelvaart belowe dat Hy met ons is al die dae, tot aan die voleinding van die wêreld. As die Gerefor= meerdes nou sê dat Christus opgevaar het hemel toe, dan het Hy mos sy belofte verbreek.

Daarop volg die Gereformeerde antwoord in Antw.47: Christus is waaragtige mens en waaragtige God. Na sy menslike natuur is Hy nie meer op die aarde nie; maar na sy Godheid, majesteit, genade en Gees wyk Hy nooit meer van ons nie.

Na sy Godheid - dit is as Seun van God is Hy te alle tye alomteenwoordig. Dus ook altyd by sy gelowiges.

Na sy majesteit - Christus besit koninklike heerlikheid wat Hy aan sy gemeente deur die verkondiging van sy koninklike Woord openbaar.

Na sy genade - elke gelowige staan in 'n versoende betrekking tot die Vader deur

die verdienste van Christus.

Na sy Gees - die Heilige Gees word besonderlik die Gees van Christus genoem om= dat Christus met die Gees gesalf is en omdat Hy sy gemeente met die Gees gesalf het om die uitverkorenes te wederbaar, te bekeer, te troos en hulle in die volle waarheid te lei.

Dit is dus die Gereformeerde antwoord op die Lutherse beskuldiging dat ons van Christus 'n woordbreker maak.

Maar dan kom die Lutherse met 'n tweede bedenking: Julle Gereformeerdes skei die twee nature van Christus met die bewering dat die mensheid van Christus nie orals is waar die Godheid is nie. In die formule van Chalcedon word bely dat die twee nature van Christus onvermengd, onveranderd, ongedeeld en ongeskeie is.
Om die twee nature te skei is dus 'n dwaling.

Hierop antwoord die H.K.: ons skei nie die twee nature nie; want aangesien die Godheid deur niks ingesluit kan word nie en oral teenwoordig is, moet daaruit volg dat dit wel buite sy aangenome mensheid is en ewenwel tog ook daarin is en persoonlik daarmee verening bly.

Die Gereformeerde antwoord bestaan uit drie stellings:

Eerstens: Die Godheid is alomteenwoordig. Hand.7:49 - "Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete".

Tweedens: Die Godheid is daarom ook buite die menslike natuur. Dit verduidelik Jesus aan Nikodemus: "Niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemele is". Die Seun van die mens wat in die hemel is - dit sê Jesus terwyl hy in Jerusalem sit en gesels. Op daardie oomblik is sy mensheid in Jerusalem maar sy Godheid is nie tot Jerusalem beperk nie - dit is ook in die hemel.

Derdens: Desondanks sê die H.K. is die goddelike natuur tog altyd met die mens= like verenig. By hierdie laaste stelling staan nie 'n teks nie. Dis 'n welspre= kende swye. Dit wil sê: onnodig om dit met 'n teks te bewys.

Daarmee is die Lutherse beskouing die pas afgesny. Hierdie apologetiese uitstap= pie lyk taamlik ver van die enigste troos in lewe en sterwe verwyder. Maar dit was in die sestiende eeu tog nodig om die saak van die hemelvaart eers buite alle twyfel reg te stel teneinde daarna die nut van die hemelvaart ten volle te geniet.

## 4. Die nut van die hemelvaart

Die nut is drieërlei: Hy is ons Voorspreker in die hemel.
Hy is ons Plekbereider.
Hy is ons Trooster.

### 4.1 Hy is ons Voorspreker

Hiervan is daar in Ex.28 ŉ pragtige voorafskaduwing.
Op die hoëpriesterlike borstas was daar twaalf edelstene met die stamname van Israel daarop ingegraveer. Die hoëpriester moes deur middel van die juwele Israel in gedagtenis bring voor die Here wanneer hy in die heiligdom ingaan. Israel, die klaende, murmurerende woestynvolk mog self nie voor die aangesig van die Here in die heiligdom verskyn nie - hulle mog slegs in die voorhof kom, want die offer van Christus is nog nie gebring en die voorhangsel nog nie geskeur nie. Maar die hoëpriester bring hulle in gedagtenis voor die aangesig van die Here - nie soos hulleself is nie, maar as kosbare, skitterende juwele wat hy op sy hart dra. So dra Christus, ons Hoëpriester, ons op sy hart, ook nie soos ons= self is nie, maar as kosbare, skitterende juwele wat Hy aan die Vader voorstel.

In tye van biddeloosheid en geloofsinsinking, in tye waarin ons gebede oënskynlik nie verhoor word nie, en uiteindelik op die sterfbed as ŉ mens self nie meer kan bid nie, is dit groot genade om te weet: in die hemel is my barmhartige Hoëpries= ter, Jesus Christus, en Hy dra my soos ŉ juweel op sy hart en Hy bid vir my. Sy gebed word altyd verhoor omdat dit in die reg van sy soenverdienste aan die kruis gegrond is.

### 4.2 Hy is ons Plekbereider

Deur sy vleeswording het Christus en ons een vlees geword. Soos in die huwelik man en vrou.

Hy het met ons vlees - sy verheerlikte liggaam! - na die hemel opgevaar. Die feit dat Hy ons vlees daar het, is ŉ pand wat Hom voortdurend aan ons herinner.

Voor sy kruisdood het Hy belowe: "Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh.14:2,3).

By die aannadering van die dood is dit ons bekommernis: hoe sal ek tuiskom. Jesus is ons Wegbereider en on Plekbereider. Hy weet wie onderweg is. Hy weet wanneer ons daar aankom. Hy sal ons kom haal. Dink in die verband aan die woorde wat Totius agter in sy Psalmboek geskrywe het toe hy al op sy sterfbed

gelê het:

"Daar sal geen doodsvrees wees nie. Ek weet my Here Jesus sal my kom haal".

4.3 Hy is ons Trooster

Die H.K. sê dat Hy sy Gees as ons teëpand stuur deur wie ons die dinge soek wat daarbo is en nie wat op die aarde is nie. Teëpand. Ons vlees is vir Hom in die hemel 'n pand. Sy Gees is vir ons op aarde 'n teëpand. Dus, nog steeds die beeld=spraak van 'n liefdesverhouding. As ons ooit aan sy liefde begin twyfel, dan is die Gees hier as bewys dat Hy ons liefhet. En dit nie maar 'n dooie bewys soos 'n ring nie. Dis 'n lewende, werkende pand. Die Gees is die Parakleet, die Advokaat, wat rusteloos deur die Woord by ons hart pleit: Soek die dinge daarbo, waar Jesus Christus is ... en nie dinge wat op die aarde is nie.

Daarmee word in die duisternisse van hierdie wêreld die oë van die kerk na bo gerig, na die ligpaleise waar Jesus Christus woon.

** ** ** ** ** ** ** ** ** ** **

## SONDAG 19

## Christusheerskappy en wederkoms

### 1. Inleiding

In hierdie Sondagsafdeling word die derde en vierde trappe in die staat van ver=hoging behandel - elke keer saam met die nut wat dit vir die gelowiges het. Aan die orde is:

Christus, die Hoof van sy kerk (50A, 51A).
Christus, die Koning van die wêreld (50B, 51 B).
Christus, die Regter oor die lewende en die dode (52).

### 2. Christus, die Hoof van sy kerk

Die H.K. wil weet: waarom word daarby gevoeg: En sit aan die regterhand van God?

Waarby?
By die hemelvaart.
Dis nodig.

Ons volg die aardse omwandeling met groot noukeurigheid soos dit deur die vier evangeliste beskrywe is. En dan word Jesus opgeneem en weggeneem (Hand.1:9). Waar is Hy nou? Wat doen Hy daar?

Vir die kerk is dit van die grootste belang om hieroor te besin.

Dat Jesus aan die regterhand van die Vader sit, is nie sonder groot betekenis nie. Lasarus is in die skoot van vader Abraham. Die siel van die martelare is onder die altaar. Jesus sit aan die regterhand van die Vader. Daarin is iets majes=teitliks. Dis 'n ereposisie.

Natuurlik is dit beeldspraak. In die Ooste is die sitplek aan die regterhand as 'n eresitplek beskou.

Salomo laat sy moederBatseba aan sy regterhand sit.
Ahasveros laat Haman aan sy regterhand sit.

In 2 Pertus 3:22 staan dat Christus na die hemel heengegaan het en aan die regter=hand van God sit, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is. Die betekenis daarvan is duidelik: Die Here Jesus is met heerlikheid en mag van God oor alle skepsele beklee.

Tydens sy vernedering het Hy alle heerlikheid afgelê. Nou, in die hemel, is Hy met heerlikheid en mag beklee.

In Ef.1:21 skryf Paulus dat Hy aan die regterhand van die Vader sit, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.

Natuurlik is dit ŉ antropomorfistiese beeldspraak. God is Gees - ŉ gees het nie ŉ hand nie. Wat ons met die regterhand doen, doen God sonder dat Hy ŉ hand het.

Regterhand is simbool van majesteit.

Die verwysing na Kol.1:18 is sinvol. Kolossense is die brief wat handel oor Christus as Hoof van die kerk. Die Kolossense het geglo die skepping is in die mag van demone. Om daarvan verlos te word, is die aeone nodig. Daarteenoor stel Paulus: die verlossing is in Christus. Hy is die Hoof van die gemeente deur Wie die Vader alle dinge regeer.

Tussen Christus in die hemel en ons op die aarde is daar dieselfde intieme verhouding as tussen ŉ hoof en ŉ liggaam.

In hierdie vraag en antwoord hoor ŉ mens ŉ versweë apologie aan die adres van Rome. Dáár is die pous die hoof van die kerk.

Wat doen Christus vanuit die hemel met sy kerk?
Watter nut het hierdie trap in die staat van verhoging?

Hy giet sy hemelse gawes deur sy Heilige Gees in sy lede uit. In sy toespraak op Pinksterdag vat Petrus die betekenis van Pinkster soos volg saam: "Nadat Christus deur die regterhand van God verhoog is, en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dit uitgestort wat julle nou sien en hoor" (Hand.2:33).

Die Hoof stort die Heilige Gees met al sy gawes in die liggaam uit.

ŉ Mens haal asem deur sy hoof.
ŉ Mens eet en drink deur sy hoof.
ŉ Mens dink deur sy hoof.
ŉ Mens se handel en wandel word deur sy hoof geregeer.
ŉ Mens lewe deur sy hoof.

Christus, die Hoof, stort sy hemelse gawes uit in sy kerk, sy liggaam. Deur Hom leef sy kerk.

Die kerk staan letterlik in ŉ stortbui van hemelse gawes wat daagliks op hom uit=gegiet word. Buite die kerk is geen saligheid.

Om van die gawes ŉ opsomming te maak is haas onmoontlik. Wie kan die druppels van ŉ reënbui tel? Dis die saligmakende gawes en weldade van die genadeverbond, die geloof, bekering, heiligmaking, die vrug van die Gees, liefde, blydskap, vrede lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing (Gal.5:22). Vanaf die deurboorde hande van die verhoogde Heiland stroom hierdie volheid van gawes neer op die liggaam van die kerk.

Natuurlik gaan dit nie meganies toe nie. God gee sy genade en sy Heilige Gees alleen aan diegene wat met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (Sondag 45).

3. Christus, die Koning van die wêreld.

Dat Christus aan die regterhand van die Vader sit beteken dat Hy Koning is van die wêreld. By sy troonsbestyging het Christus geproklameer: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde" (Matth.28:18).

Dit moenie so verstaan word asof die Vader ten gunste van sy Seun van sy troon afstand gedoen het nie. Nee, die Vader regeer nog, maar Hy doen dit deur Christus wat Hy by sy hemelvaart met alle mag in hemel en op aarde beklee het. Die Seun is dus nie net Middelaar van die verlossing nie, maar ook Middelaar van die onder=houding en regering van alle dinge.

Vir die kerk hou dit geweldige nut en troos in. Die H.K. formuleer dit so: Christus is die Hoof van die kerk deur wie die Vader alle dinge regeer. Dit wil sê: die Vader regeer die wêreld deur die Hoof van die kerk, die Hoof waarvan ons die liggaam is.

ŉ Flou skadubeeld daarvan is te vinde in die geskiedenis van Josef deur wie Farao Egipte in die tyd van hongersnood regeer het. Watter voordele het dit nie vir Jakob en sy seuns ingehou nie dat hulle eie seun en broer die onderkoning van Egipte is! Josef het sy familie teen alle gevare in daardie donker tyd beskerm. So sal ons Hoof, Christus, sy kerk met sy mag teen alle vyande beskut en bewaar. Hy, aan wie alle mag in die hemel en op aarde gegee is. Die H.K. beroep hom op Ps. 2:9

> "U sal hulle verpletter met ŉ ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos ŉ erdepot".

Dit is by uitstek ŉ Psalm waarin die koningsheerskappy van Christus profeties

besing word. Treffend dat die Pinkstergemeente in Jerusalem nadat Petrus en Johannes voor die Joodse Raad verskyn het, Psalm 2 in hul gebed aanhaal. Die kerk kan in sy nood daarop reken: "Hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie" (Joh.10:28).

Teen alle vyande. In Sondag 52 word die duiwel, die wêreld en ons eie vlees as ons drie doodsvyande geteken. Hier is sprake van 'n stryd waarvan ons ons geen voorstelling kan vorm nie. Die duiwel en sy handlangers is 'n bende moordenaars wat elke oomblik loer op die lewe van elke lid van die kerk. Hy gebruik die wêreld met sy begeerlikheid om die gelowiges te verstrik. Die vlees is die vyand van binne wat die duiwel graag ten dienste staan. Nou gaan die duiwel rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hy begeer vurig om ons soos koring te sif. As dit nie vir die voortdurende voorbidding en beskerming van Christus is nie, sal ons teen hierdie vyande nie een oomblik staande kan bly nie. Maar Christus het die teuels van die wêreldregering stewig in sy hande. En daar kan nie 'n haar van ons hoof val buiten die wil van ons hemelse Vader nie (Sondag 1).

4. Christus, die Regter oor die lewende en die dode

Die H.K. vra: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om te oordeel die lewende en die dode?

Dit gaan dus om die troos van die wederkoms.
Nie om die verskrikking daarvan nie!
Inteendeel.

Die Skrif leer dat Satan met die hemelvaart van Christus uit die hemel gewerp is. Daarom: "Wee die bewoners van die aarde en die see want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het" (Openb.12:12).

By die hemelvaart is die Satan gebind duisend jaar lank (Openb.20:2). Duisend is aanduiding van die volheid van die Christusregering vanaf die hemelvaart tot die wederkoms. Die doel van die binding is dat hy nie die nasies sal verlei om die kerk dadelik uit te delg nie.

Maar aan die einde van die duisend jaar sal die Satan 'n kort tydjie ontbind word. Dan sal hy die konings van die Ooste bring om teen die Weste stryd te voer. Die Eufraat sal opdroog sodat die deurtog van die Ooste af moontlik is. En die magsmens van die toekoms, die Antichris, die mens van sonde, sal tot openbaring kom. Hy sal alle middele van wetenskap, kuns en kultuur in die stryd werp om sy heerskappy te bevestig. Die Valse Profeet sal selfs vir die Antichris 'n beeld oprig wat kan praat. Sal die televisie nie nog die preekstoel van die Antichris binne in ons sitkamers word nie? Hy sal wonders doen: selfs vuur van die hemel

laat neerdaal.

En hy sal teen die Christene 'n boikotstelsel instel. Net die wat die teken van die dier op hulle voorhoofde en hande het, sal kan koop en verkoop. Die Chris=tene sal uitgeroei word in hierdie groot Babilon van die eindtyd. Die kerk sal in ballingskap wees (Openb.17-19).

Teen hierdie agtergrond moet die vraag gelees word: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om te oordeel die lewende en die dode?

Die antwoord is een van die lofliedere in die H.K. 'n Gereformeerde Te Deum uit die vuuroonde van die Reformasie. 'n Lied van die Bruid in die woestyn wat smag na die koms van haar Bruidegom:

> "Dat ek in alle droefenis en vervolging met 'n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel en al van my weggeneem het, as 'n Regter uit die hemel verwag, wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp maar my saam met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem".

In die rookdampe van Armageddon waarin mense se harte beswyk van vrees, sal dit die troos van God se volk wees: Die Here kom.

Aan die einde van die Godsopenbaring staan as antwoord op hierdie gebed die laaste belofte van die verhoogde Heiland:

> "Ja, Ek kom gou" (Openb.22:20).

** ** ** ** ** ** ** ** ** **

SONDAG 20

Die Heilige Gees

1. Inleiding

Nadat die H.K. oor God die Vader en ons skepping
God die Seun en ons verlossing gehandel het,
kom nou aan die orde: God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Twee gesigspunte kom hier na vore:

Die Persoon van die Heilige Gees.
Die werk van die Heilige Gees.

2. Die Persoon van die Heilige Gees

Die derde Persoon in die Drie-eenheid word Gees genoem - nie omdat Hy meer gees=telik as die Vader en die Seun sou wees nie, maar omdat die woord Gees iets be=sonders in verband met die derde Persoon sê. Sowel die Hebreeuse as Griekse woorde vir gees (ruach en pneúma) beteken ook asem of wind. Die Heilige Gees word ook die asem van die Here genoem. Hy heet Gees omdat Hy soos asem van die Vader en die Seun uitgaan. Die woord uitgaan is aan Joh.15:22 ontleen: "Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir juule van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig". Oor hierdie uitgaan van die Gees is daar in die ou Christelike Kerk ʼn harde stryd gestry. Dit het een van die oorsake van die Groot Skeuring tussen Oos en Wes in 1054 ge=word. Die verskilpunt was: gaan die Gees alleen van die Vader of van die Vader en die Seun uit?

Na ʼn stryd wat al in die vierde eeu n.C. begin het, het die Konsilie van Toledo (589) die term Filioque in die Christelike belydenis ingevoeg. Filioque is ʼn Latynse woord wat beteken: en ook van die Seun. Dit wil sê, die Heilige Gees gaan van die Vader uit en ook van die Seun. As Skrifbewys vir hierdie stelling kan aangevoer word Gal.4:6 - "En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur en Hy roep: Abba, Vader".

Die belangrikheid van die leer van die Filioque is daarin geleë dat die werk van die Seun en dié van die Heilige Gees nie van mekaar geskei mag word nie - ook nie in ons belydenis nie. As ons dit skei, loop dit nie net prinsipieel nie maar ook in die praktyk op geestelike verdorring uit. So het dit inderdaad in die Griekse Ortodokse Kerk gebeur. Sou dit miskien een van die redes wees waar=om die Kommunisme in Rusland opgekom het?

Die derde Persoon in die Drie-eenheid word voorts heilig genoem - ook weer nie omdat Hy heiliger as die Vader en die Seun sou wees nie, maar omdat Hy 'n besondere werk het om te doen, naamlik ons heiligmaking. Daarmee pas Hy die verlossingswerk van Christus op ons toe.

Die Heilige Gees is nie maar 'n blote krag soos in die ou tyd die Sociniane en in ons tyd die Jehowagetuies leer nie. Hy is 'n Goddelike Persoon, aan die Vader en die Seun in alle opsigte gelyk. Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê: "Hy (is) in orde die derde Persoon ... van die Drievuldigheid, van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun; ja, Hy is waaragtige en ewige God". Vergelyk die verklaring van die H.K. dat Hy "saam met die Vader en die Seun waaragtig en ewige God" is.

Die Godheid van die Heilige Gees blyk uit die volgende Skrifgegewens:

## 2.1 Die Name van die Heilige Gees

Hy word God genoem. Hand.5:3,4 - "Ananias, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God".

## 2.2 Die eienskappe van die Heilige Gees

Hy is alomteenwoordig: Psalm 139:7 - "Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?

Hy is ewig: Gen.1:2 - "Die Gees van God het gesweef op die waters".

Hy is alwetend: 1 Kor.2:11 - "So weet ook niemand wat in God is nie behalwe die Gees van God".

Hy is heilig: Rom.5:16 - "Sodat die offer van die heidene welgevallig kan wees, geheilig deur die Heilige Gees.

## 2.3 Die werke van die Heilige Gees

Hy neem deel aan die skepping: Ps. 104:30 "U stuur u Gees uit, hulle word geskape". (Vgl. Gen.1:2).

Hy is die Bewerker van die wedergeboorte: Joh.3:5 "As iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

## 2.4 Die eer wat aan die Heilige Gees verskuldig is

Hy ontvang Goddelike eer in die Skrif.
Ons word in sy Naam gedoop: Matth.28:19 - "... en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees".

Ons word in sy Naam geseën: 2 Kor.13:13 - "Die genade van die Here Jesus Chris= tus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen".

Die Heilige Gees is dus ewige en waaragtige God net soos die Vader en die Seun. Hy is ons eerbied, aanbidding, danksegging en gehoorsaamheid waardig net soos die Vader en die Seun.

Nooit mag dit in ons geloofslewe gaan om 'n twee-enige God, 'n Vader en 'n Seun al= leen nie.

Die vraag moet wel gestel word: Neem die Heilige Gees in ons geloofslewe die plek in wat Hom toekom?

Is die opkoms van die Pentekostalisme nie 'n onbetaalde rekening van die kerk nie? Verval ons nie soms uit reaksie teen die geesdrywers in dooie formalisme nie? Wee ons as die duiwel uit die huis uitgedryf is en dit uitgevee en versier met allerlei leerstellige beginsels vind - maar leeg, dit wil sê, sonder die Heilige Gees. Dan kom die bose gees wat daar uitgedryf is, terug. Saam met hom bring hy sewe ander geeste, slegter as hyself. Die laaste van daardie mens is erger as die eerste.

3. <u>Die werk van die Heilige Gees</u>

H.K.: "Hy is ook aan my gegee om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by my te bly".

> Ook aan my.
> Aan wie nog is Hy gegee?

In die eerste plek, aan <u>Christus</u>. By sy doop het die Heilige Gees in 'n gedaante soos van 'n duif op Hom neergedaal.

In die tweede plek, aan die <u>apostels</u>. Voor sy hemelvaart het Christus op hulle geblaas en gesê: Ontvang my Heilige Gees.

In die derde plek, aan die hele <u>Christelike kerk</u>. Op Pinksterdag is die Heilige Gees soos 'n stortbui op die kerk uitgegiet om altyd in die hart van die kerk te bly - sodat die kerk genoem word: Tempel van die Heilige Gees.

Vierdens, ook aan <u>my</u>. In die wedergeboorte aan elke gelowige individueel. Daar klink iets van 'n juigkreet in: Ook aan my! God gee in die Heilige Gees Homself persoonlik aan 'n mens wat van nature goddeloos is.

Die Heilige Gees wat ook aan my gegee is, maak my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig.

Christus is die volkome Saligmaker - maar ons moet met die volkome Saligmaker in kontak gebring word. Die gloeilampe in ons huise kan alleen brand as hulle met die kragstasie verbind is. Dit is die werk van die Heilige Gees om die kontak tussen Christus en ons te bewerkstellig. Niemand kan sê dat Jesus die Here is behalwe deur die Heilige Gees nie.

Die Gees maak ons Christus en al sy weldade deelagtig.
Hoeveel weldade is daar? Wie kan die strale van die son tel, die druppels van 'n reënbui?

> Vergewing van sonde, wedergeboorte, geloof, bekering, heiligmaking, gebed, vrede, blydskap, selfbeheersing, lankmoedigheid, liefde - daar is haas geen einde nie.

'n Verdere werk van die Heilige Gees is om my te troos. Die Gees is die ander Trooster wat Jesus beloof het om te stuur. Sy werk as Trooster is om Jesus Christus deur die Woord in die plek te stel van al die kwaad waardeur ons lewe hier bedreig word. Hy maak die onrus stil. Hy neem ons by die hand en lei ons na die groen weivelde van die Woord en laat ons neerlê by waters waar daar rus is.

Voorts sal Hy ewig by ons bly. Nie alleen dwarsdeur hierdie lewe nie maar veral by die afskeid van die dood. Wanneer jy van alle hulp ontbloot in jou alleenheid in die doodsdal diep en donker staan, sal die Heilige Gees daar wees om jou toe te fluister: Wees nie bevrees nie, Ek is met jou.

Agter alles sit daar 'n diep geheim. God gee sy Heilige Gees en sy genade net aan diegene wat sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.

** ** ** ** ** ** ** ** ** ** **

# SONDAG 21

## DIE HEILIGE, ALGEMENE, CHRISTELIKE KERK

### 1. Inleiding

Die opskrif bokant Sondag 20 is: Oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking. Dit is pragtig dat hierop die belydenis aangaande die kerk volg - die kerk is fabrikaat van die Heilige Gees. Die kerk is die heiligdom waarin die Heilige Gees die heiligmaking verrig. In Sondag 21 word 'n begin gemaak met die behandeling van die kerk en die weldade wat aan die kerk geskenk is.

Die kerk word hier behandel onder twee gesigspunte, naamlik eerstens as die vergadering van die uitverkorenes en tweedens as die gemeenskap van die heiliges. (Op hierdie punt is daar 'n verskil tussen Calvyn en Ursinus. Calvyn (Institusie, IV, 1, 3) beskou die gemeenskap van die heiliges as 'n omskrywing van die wese van die kerk, terwyl Ursinus (1977, Deel I, p. 468) die gemeenskap van die heiliges as die eerste weldaad beskou. In hierdie lesing word die voetspoor van Calvyn gevolg). Die eerste weldaad wat aan die kerk geskenk word, is dan die vergewing van sondes. Hierdie weldaad word net aan die kerk geskenk. Buite die kerk is daar geen saligheid (NGB, art. 28).

In hierdie Sondag word dus gehandel oor:

Die kerk as vergadering van die uitverkorenes (54)
Die kerk as gemeenskap van die heiliges (55)
Die kerk waarbuite daar geen saligheid is nie (56)

### 2. Die kerk as vergadering van die uitverkorenes

Let op die verskil tussen art. 8 en 9 van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Artikel 8 - Ek glo in die Heilige Gees. Artikel 9 - Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk. Die verskil kom hierop neer: Ek glo in God die Heilige Gees as Diegene wat heilig maak. Ek glo dat daar 'n kerk bestaan.

Maar die kerk is nie heilsmiddelares soos Rome wil nie. As voorwerp van geloof is die kerk 'n onsigbare werklikheid. Nie: ek sien die kerk nie, maar ek glo aan die kerk. Vgl. Calvyn se onderskeiding onsigbaar en sigbaar. Hier gaan dit ten diepste om die onsigbare soos dit in Christus uitverkies is. Maar dan ook soos dit in die geskiedenis deur die vergaderwerk van Christus in die gemeente tot openbaring kom.

Die vier eienskappe van die kerk, eenheid, heiligheid, algemeenheid en Christe=

likheid (apostolisiteit) moet dus ook as onsigbaar in Christus verstaan word, maar dit moet deur die werking van die Heilige Gees deur die Woord al meer in die vergadering van die gelowiges tot openbaring kom.

Om tot 'n begrip van die lang, gekompliseerde antwoord te kom is dit nodig om te let op die hoofwerkwoord: vergader. J. Bavinck (I, p. 349) en Landwehr (p. 100) sê 'n mens moet 'n aantal vrae stel in verband met die werkwoord vergader.

Wie vergader die kerk?

Die Seun van God. Die kerk is dus die stigting van God en nie van die mense nie. Daarom is die kerk nie 'n genootskap nie, waarby 'n mens na willekeur aansluit of nie aansluit nie.

In die Skrifbewyse word onder andere na Joh. 10:11 verwys: "Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape." Die tema van die herder kom reeds al in die Ou Testament voor. "Die Here is my herder" (Psalm 23:1); "Luister tog, Herder van Israel" (Psalm 80:2). "Soos 'n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms, en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie" (Jes. 40:11). 'n Treffender beeld om die vergaderwerk van die Seun van God duidelik te maak as dié van die herder en die kudde kan moeilik bedink word. By die werkwoord vergader voeg die HK ook: beskerm en onderhou. Alles werk van die herder. Weer beroep die HK hom op Joh. 10 - hierdie keer vers 28 en 30 - "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Dié wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. Ek en die Vader is een."

Waaruit vergader Hy die kerk?

Uit die ganse menslike geslag! Die kerk is universeel, algemeen of katoliek. Daarmee word die idee van 'n volkskerk en 'n staatskerk van die hand gewys. Die kerk oorbrug alle nasionale grense - al hef hy in die praktyk die grense nie op nie. Openbaring 5:9 - "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie." In die volkereverhoudingsituasie is hierdie eenheid in die verskeidenheid van buitengewone belangrikheid.

Waartoe vergader Hy die kerk?

Tot 'n gemeente vir Hom, wat tot die ewige lewe uitverkies is. Die Goddelike uitverkiesing van voor die grondlegging van die wêreld is die hart van die kerk

(Calvyn). Die wat God van ewigheid tot die ewige lewe verkies het, word in hierdie wêreld geroep, met geloof begiftig en met krag van die Heilige Gees toe=gerus vir hulle dienswerk. As gevolg van die prediking van Paulus kan Lukas in Hand. 13:48 meedeel: "Toe die heidene dit hoor, was hulle baie bly oor die woord van die Here en het hulle dit toegejuig. Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword." Sonder die uitverkiesing kan die kerk nie verstaan word nie. Dit moet altyd weer baie sterk voorop gestel word. Maar daarby moet onthou word: die uitverkiesing is soos die son. Daarsonder kan ons nie lewe nie. Maar wie daarin vaskyk, word blind.

Die uitverkorenes word tot 'n gemeente vergader. By Sinai word die gemeente sig=baar in die qahal met sy vaste ampte en bedieninge. Dit groei uit tot die tem=peldiens. Na die ballingskap kom die sinagoges op. Jesus sluit Hom by die tempel- en sinagogediens aan.

As dit blyk dat Israel Hom as Messias verwerp, sê Jesus na aanleiding van die belydenis van Petrus: "Op hierdie rots sal Ek my kerk bou" (Mat. 16:18). Die woord wat met kerk vertaal is, is ekklesia. So is die vergadering van gekwalifi=seerde, stemgeregtigde burgers in die Griekse stadstaat genoem. Letterlik is 'n ekklesia 'n vergadering van uitgeroepenes. (Ek = uit; kalein = roep). So is die Griekse burgers deur die herout tot die vergadering geroep.

Dit hou in dat die gelowiges nie op hul eie kan of mag bestaan nie. Wie glo, is geroep om hom by die kerk te voeg. (Vgl. art. 28, NGB). 'n Buitekerklike Christendom is 'n vierkantige sirkel. Soiets bestaan nie.

Waardeur vergader Hy die kerk?

Deur sy Gees en Woord. Pragtige trinitariese formulering! Die kerk is deur die Vader verkies, word deur die Seun vergader, onderhou en beskerm, en Hy doen dit deur sy Gees en Woord. "Wat My betref, sê die Here, dit is my verbond met die volk: 'My Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê, sal nie uit jou mond en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here, nie nou nie en nooit nie" (Jes. 59:21). Gees en Woord vorm 'n on=losmaaklike eenheid in die vergaderwerk van die kerk. Nie alleen deur die Gees nie, want dan ontaard die geloofslewe in spiritualisme, geesdrywery, mistisisme met buite-Bybelse openbarings in gesigte, drome, visioene. Vergelyk die sterk mistisistiese inslag by die Charismatiese beweging. Ook nie alleen deur die Woord sonder meer nie, want dan ontaard die geloofslewe in formalisme, Fari=seïsme, wettisisme. Vgl. die aanklag teen die Gereformeerdes dat ons te veel klem op die leer en te min op die lewe lê. Nee, die geloof bestaan uit kennis

en vertroue - daarom is Woord en Gees albei nodig. Die Gees werk die geloof deur die Woord (HK Sondag 7, 25). Vir die prediking, die geloofslewe en die hele praktyk van die godsaligheid is hierdie verhouding tussen Woord en Gees van kardinale belang.

In watter eenheid vergader Hy die kerk?

In die eenheid van die ware geloof. Die kerk is dus een. Daar is maar net een kerk. Daaraan behoort almal wat waarlik in Christus glo. Dit gaan om die ware geloof. Dit is 'n gewisse kennis van wat God in sy Woord geopenbaar het en 'n vaste vertroue in die beloftes van die evangelie. So staan waarheid en een=heid in die nouste verband met mekaar. Joh. 17:17-21 - "Laat hulle aan U toe=gewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid. Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur; en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees. Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woor=de tot geloof in My sal kom. Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het." En verder in vers 23 - "Ek in hulle en U in My, so=dat hulle volkome een kan wees ..." Die eenheid is dus 'n eenheid wat op die waarheid gegrond is en nie maar op sentimentaliteit nie. Aan die verskeurdheid in die kerk sal daar waarskynlik in hierdie aardse bedeling nie 'n einde kom nie. Nogtans behoort ons vurig daarvoor te bid en hard daaraan te werk. Vgl. ook Paulus se stryd teen die verdeeldheid onder die Korinthiërs.

Van wanneer tot wanneer vergader Hy die kerk?

Van die begin van die wêreld tot aan die einde. Voor die grondlegging van die wêreld het God in sy ewige Raad die kerk verkies. Hierdie ewige voorneme word in die tyd uitgevoer. Dit het begin die dag na die sondeval toe God Adam in die Paradys opgesoek het met die vraag: "Waar is jy?" (Gen. 3:9). Deur al die eeue het die Seun van God sy vergaderwerk gedoen. In die OT het dit hoofsaaklik in die eng, nasionale bedding van Israel geskied. Vanaf Pinkster het die kerk die opdrag: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels ..." (Mat.28:19). Die wederkoms sal nie plaasvind voordat die laaste uitverkorene nie by die kerk gevoeg is nie.

Ten slotte volg heel persoonlik: "Dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly." Rom. 8:10,11 gee hiervan pragtig getuienis: "omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam

vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon." Die kerk is dus nie dood soos deesdae beweer word nie. As Christus maar deur die Gees in die hart van die lidmate woon, is daar lewe. Lewe in ewigheid, want die liggaam sal ook eenmaal opgewek word. Die kerk sal lewe tot in ewigheid.

3. Die kerk as gemeenskap van die heiliges

Calvyn noem die gemeenskap van die heiliges die hoedanigheid van die kerk (Institusie, IV, 1, 3). En hy voeg daarby: daarmee word gesê dat die heiliges daarom tot die gemeenskap van Christus vergader word sodat hulle die weldade wat God aan hulle verleen, onderling met mekaar sal deel. Dit is presies ook die taal van die HK. Volgens Ursinus (1977,I, p. 468, 469) is gemeenskap 'n on= derlinge betrekking tussen twee of meer persone wat een saak of besitting ge= meenskaplik het. Die grond vir die gemeenskap is die saak wat aan almal gemeen= skaplik behoort. Dié gemeenskap word deur die eienaars gevorm.

Die gemeenskap van die heiliges is geleë in die gemeenskaplike besit van Christus en van al sy weldade en die gebruikmaking van die gawes wat aan elke lid gegee is tot welstand en saligheid van al die ander gelowiges.

Die lidmate van die kerk word heiliges genoem omdat hulle in beginsel in Christus geheilig is en in die praktyk deur die Heilige Gees heilig gemaak word. Die woord heilig beteken: afgesonder vir die diens van God en daarom ook sonder smet, rein. "Die gemeente van God in Korinthe, wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder (geheilig - Ou vertaling) en geroep het om aan Hom te behoort" (1 Kor. 1:2).

In die gemeenskap van die heiliges is daar in die eerste plek 'n vertikale lyn. Die hele gemeente almal saam en elkeen afsonderlik word deur die Heilige Gees, wat én in Christus as die Hoof én in die gemeente as die liggaam woon, met Christus deur die band van geloof en liefde verbind. Vergelyk Joh. 15:5 - "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in Hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie." Ook die duidelike uitspraak in 1 Joh. 1:3 - "Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus."

Met skatte word bedoel die rykdomme in Christus. "Maak vir julle skatte byme= kaar in die hemel ... want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees"

Mat. 6:20,21. Jesus Christus met sy hele hemelse koninkryk is die skat van ons hart.

Met gawes word bedoel al die heilsgoedere wat Christus ons deur sy Heilige Gees meedeel. In vraag 51 was daar al sprake daarvan dat Christus deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitgiet. Bastingius (1893, 200,201) verstaan onder die hemelse gawes in die eerste plek dié wat in Ef. 4:11 genoem word: "En dit is die 'gawes' wat Hy 'gegee het' : apostels, profete evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus."

Landwehr (p. 103) neem dit ruimer op. Hy onderskei tussen amptelike gawes (vgl. Ef. 4:11), saligmakende gawes (geloof, hoop, liefde, ootmoedigheid, sagmoe=digheid, lankmoedigheid) en persoonlike gawes (kennis, gebed, vermaning). Onder die skatte en gawes in vraag 55 kan verstaan word: Alles wat ons in Christus deur die geloof besit.

In die tweede plek is daar in die gemeenskap van die heiliges 'n horisontale lyn: "Dat elkeen moet weet dat hy skuldig is om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend." Die geloofsband met Christus dring ons tot 'n liefdesband met al die gelowiges. Die skatte en gawes wat ons in Christus besit, mag nie in 'n sweetdoek begrawe word nie. Dit moet uitgedeel word. Hierdie onderlinge liefdebetoon is vrug van die Heilige Gees (Gal. 5:22).

Die HK beroep hom op 1 Kor. 12:21 - "Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie.' Die kop kan weer nie vir die voete sê: 'Ek het julle nie nodig nie.'" Die liefdeloosheid en partyskap in die Korinthiese gemeente het hierdie vermaning nodig gemaak. In die huidige tydsgewrig is hierdie vermaning seker dubbel nodig. Ons leef in 'n tegnokratiese eeu waarin die eensaamheid van die individu soms yslike afmetings aanneem. In die kerk wat die gemeenskap van die heiliges is, mag daar nie eensame mense wees nie. En as die gemeenskap van die heiliges nie goed beoefen word nie, lê die fout meesal nie net in die onder=linge verhouding tussen gelowiges nie maar veral in die verhouding tussen die ge=lowiges en Christus. Wie deur die liefde van Christus gedring word, sal alles in die werk stel om dit wat hy van Christus ontvang, aan sy medegelowiges uit te deel. Natuurlik moet die gesindheid van die gelowiges nie wees: wat ontvang ek van my medegelowiges nie, maar wat kan ek vir my medegelowiges gee en vir hulle doen?

## 4. Die kerk waarbuite daar geen saligheid is nie

Die eerste weldaad wat Christus aan sy kerk skenk, is die vergewing van sondes.

Hierdie weldaad word alleen aan die kerk geskenk. Die NGB (art. 28) verklaar: "Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van dié wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, van watter stand of waardigheid hy ook al mag wees, hom daaraan behoort te onttrek om op sy eie te bestaan nie." Totius het aan sy studente gesê: "Wie die kerk bedank, bedank vir sy saligheid." Die saligheid word dus alleen in die kerk, die liggaam van Christus, die volk van God gesmaak. Calvyn (Institusie, IV, 1, 4) stel dit so "dat buite haar (die kerk se) skoot geen vergewing van sondes of enige saligheid te wagte is, soos Jesaja (37:32) en Joël (3:5) getuig. Daarmee stem Esegiël (13:9) ooreen."

Die vergewing van sondes is 'n geliefkooste tema van die HK.

Vraag 1: vir al my sondes ten volle betaal het ...

Vraag 21: ook aan my vergewing van sondes ... skenk.

Vraag 29: van al ons sondes verlos.

Vraag 36: en met sy heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor die aangesig van God bedek.

Vraag 37: dat Hy die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het sodat Hy ... ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis kon verlos en vir ons die genade van God, geregtigheid en ewige lewe kon verwerf.

Vraag 38: om ons ... te bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan.

Vraag 60: dat God my ... uit louter genade die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk en toereken.

Vraag 126: Wil ons, arme sondaars, al ons misdade, en ook die boosheid wat ons altyd aankleef, nie toereken nie ter wille van die bloed van Christus.

Landwehr (p. 104) stel by die beantwoording van vraag 56 'n aantal vrae min of meer in dié trant:

<u>Wie vergewe die sonde?</u> God. Teen Hom is die sonde bedryf. "Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë" (Ps. 51:6).

<u>Wat vergeef Hy?</u> Al my sondes. Die aangebore sowel as die daaglikse sondes. Die volle som. Ook die sondes wat ek uit swakheid nog sal begaan. In Ps. 19:13,14 is daar sprake van "sondes wat ek onwetend gedoen het" en "opsetlike sondes." Almal word vergewe, so asof ek nooit enige sonde gehad of gedoen het nie (HK, Sondag 23).

<u>Op grond waarvan vergewe God?</u> Ter wille van die voldoening van Christus. 1 Joh. 1:7 - "as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde."

Hoe vergewe God? Hy wil my sonde nooit meer gedenk nie. God kyk na sy kinders asof hulle nooit enige sonde gehad of gedoen het nie. Dus nie soos ons mense dikwels sê: Ek sal vergewe, maar vergeet, nooit! Nee, God vergewe en vergeet. "U het al my sondes agter u rug gewerp " Jes. 38:17.
Waartoe vergewe God? Sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie. Joh. 5:24 - "Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan."

Vergewing van sondes. Dit is die eerste weldaad aan die kerk. Dis die versier=sel van die bruid van Christus. Deur sy bloed is sy suiwer, rein, vry van alle smet. Dit is wat op die oordeelsdag ten volle geopenbaar sal word.

** ** ** ** ** ** ** **

SONDAG 22

Die opstanding en die ewige lewe

## 1. Inleiding

In Sondag 21 is gehandel oor die kerk en sy weldade. Daar is die eerste weldaad, naamlik die vergewing van sondes, aan die orde gestel. Dit is 'n weldaad wat reeds al in hierdie lewe gesmaak word.

Die loon van die sonde is die dood. Maar as die sonde weggeneem is, soos in Sondag 21 uiteengesit, dan sal God die Regverdige Regter ook die loon van die sonde wegneem. Daarom word nou in Sondag 22 oor die volgende twee weldade gehan= del wat op die wegneem van die sonde volg, naamlik die opstanding van die vlees en die ewige lewe. Pragtig dat die H.K. altwee vrae met die woord troos inlui. Watter troos ...? Daarom word hierdie Sondagsafdeling nou behandel uit die twee gesigspunte van:

Die troos van die opstanding (57)
Die troos van die ewige lewe (58)

## 2. Die troos van die opstanding

Troos, so is by Sondag 1 vasgestel, is die goeie wat God in Christus stel teen= oor die kwaad wat ons lewe bedreig. Watter goed stel God in die opstanding van die vlees teenoor die dood waardeur ons lewe uiteengeskeur word?

Hierdie vraag word alreeds beantwoord in die pragtige Christosentriese plasing van antwoord 57. Hier word agtereenvolgens bely:

1. Dat my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word.
2. Dat my vlees deur die krag van Christus opgewek sal word.
3. En dat my liggaam gelykvormig sal word aan die verheerlikte liggaam van Christus.

Oor elk van hierdie drie aspekte van ons troos 'n paar woorde.

### 2.1 Dat my siel na Christus opgeneem word.

Die vraag lui: watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou?
Maar die opstanding van die vlees alleen sou geen volkome troos inhou nie. Daar= om begin die H.K. met die siel. Daarvoor is nog 'n rede.
Die Epikureërs en die Sadduseërs het die onsterflikheid van die siel en die op=

standing van die vlees geloën. Paulus skryf ook oor die dwaling van Himeneüs en Filetus dat die opstanding al plaasgevind het (2 Tim.2:18), dit wil sê dat daar geen ander as 'n geestelike opstanding is nie. Tydens die Reformasie het die Wederdopers ook geleer dat die siele van die afgestorwenes tot aan die oor=deelsdag slaap. Pous Paulus III het, toe sy dood naderkom, gesê: Nou sal ek sekerheid kry oor drie dinge waaroor ek my lewe lank getwyfel het: eerstens, of daar 'n God is; tweedens, of daar 'n hel is; derdens, of die siel onsterflik is.

Teneinde hieroor uitsluitsel te kry is dit nodig om die Skrif te laat spreek (ook teenoor die talle dwalings van ons eie tyd, soos reïnkarnasie, sieleslaap, die dood van die siel saam met die liggaam ens.).

'n Paar Skrifuitsprake is voldoende

Mark.12:26-27: - "En wat die dode betref, dat hulle opstaan - het julle nie gelees in die boek van Moses, in die gedeelte oor die doringbos, hoe God vir hom gesê het: Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob nie? God is nie 'n God van dooies nie maar 'n God van lewendes".

Luk.23:43: - "En Jesus antwoord hom: Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees".

Luk.23:46: - "Vader, in u hande gee Ek my gees oor".

Fil.1:23: - "Ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees".

2 Kor. 5:8: - "Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon".

Dat die siel die liggaam by die dood verlaat en na sy bestemming gaan is dus nie 'n Platonistiese dwaling soos sommige wysgere deesdae beweer nie. Dit is eg Bybels. Dat Plato hier in die lig van die algemene openbaring 'n insig gehad het van wat God in die besondere openbaring aan sy kerk sou leer, kan seker nie ontken word nie. Maar dan moet ons nie sê die Bybelse leer is Platonies nie. Plato het eerder by die lig van die algemene openbaring gedagtes van God opgevang.

Waar gaan die siel heen?
Na Christus sy Hoof.
Dis genoeg om te weet.

Want om by Christus te wees, dit is verreweg die beste (Fil.1:23).

Pragtig is in hierdie verband die woordjie "opgeneem". Jesus vertel in die ver=haal van Lasarus en die ryk man dat Lasarus se siel na sy dood deur engele na

die skoot van vader Abraham gedra is. (Die misterie van engelewerksaamheid by ŉ sterfbed!

2.2 Dat my liggaam opgewek sal word.

Die Kategismus is nogal baie eksplisiet in sy beskrywing van wat met die liggaam gebeur: "Dat ook hierdie selfde vlees van my, deur die krag van Christus opge= wek, weer met my siel verenig en gelykvormig sal word aan die heerlike liggaam van Christus". Drie sake vra die aandag:

Dat hierdie selfde vlees van my opgewek,
met my siel verenig,
en gelykvormig gemaak sal word aan die verheerlikte liggaam van Christus.

2.2.1 Hierdie selfde vlees van my sal opgewek word

Hierdie liggaam wat soos ŉ vermorselde blom in die stof lê en vergaan, sal opgewek word. / Ek kan ewegoed sê: Hierdie selfde vlees van Christus, want dis my troos in lewe en sterwe dat ek met liggaam en siel aan Christus behoort. My liggaam is dus nie meer myne nie maar syne. Hy sal dit nie in die stof laat bly nie. Hy sal dit opwek.

Hoe sal Hy dit doen?

Ons weet nie. Wat ons wel weet: Hy wat die Skeppingsmiddelaar is, deur wie se krag hemel en aarde uit niks in aansyn geroep is, Hy het ook die krag om hierdie selfde vlees van my na wie weet hoeveel duisende jare weer uit die dood op te wek.

2.2.2 Weer met my siel verening

Dit is ewe-eens ŉ wonder van sy Goddelike genade. Hoe dit sal gebeur, weet ons nie. Ons kan dit veilig in God se almagtige hande laat.

2.2.3 Gelykvormig gemaak aan die heerlike liggaam van Christus

Die Skrif praat van ŉ gedaanteverandering wat ons vernederde liggaam sal onder= gaan "om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp" (Fil.3:21).

Greydanus teken hierby aan: "Ook blinkende soos die son en vol luisterryke heerlikheid". Die verheerlikte liggaam waarmee Christus uit die dood opgestaan het, was klaarblyklik ŉ liggaam van vlees en bloed - Hy het selfs geëet om sy dissipels te oortuig dat Hy nie ŉ spook is nie. Terselfdertyd was hierdie lig=

gaam nie meer aan die magte van ruimte en tyd onderworpe nie. Hy kon dwarsdeur 'n geslote deur 'n vertrek binnekom, Hy het telkens verdwyn, uiteindelik het Hy liggaamlik na die hemel opgevaar.

Na die opstanding sal ons, volgens die belofte van die Skrif, so 'n verheerlikte liggaam hê.
Hierby moet nou die sluitsteen van die Christelike belydenis kom:

3. Die troos van die ewige lewe

Dit is die laaste weldaad wat God aan die kerk skenk.

Pragtig laat die Kategismus ten aanvang die klem daarop val dat die ewige lewe reeds al in hierdie ondermaanse lewe begin. Wat God in die ewigheid aan ons sal gee, is wesenlik in kiem reeds al in die hart van God se kinders teenwoordig. Soos die volle aar in die koringkorrel opgesluit is, soos die lelie in die blom teenwoordig is, so is die begin van die ewige vreugde nou reeds in die hart van God se kinders teenwoordig. Wanneer die winter van hierdie wêreld verbygegaan het, sal die wedergeboorte wat nou in ons hart deur die Heilige Gees gewerk word, onder die koesterende warmte van die Son van Geregtigheid tot volle, ewige, volmaakte ontplooiïng kom.

Dis belangrik dat die Christene in hierdie lewe iets van die ewige vreugde in die hart sal gevoel. Dis die keurmerk van egte Christendissipelskap. In Gal.5:23 word die blydskap tweede in die ry genoem as vrug van die Heilige Gees. 'n Christen sonder blydskap is geen Christen nie.

In hierdie verband moet die redegewende formulering die aandag nie ontgaan nie: aangesien ek nou die begin van die ewige vreugde ... As ek soms twyfel aan die ewige lewe, is dit omdat ek nou, in hierdie lewe, so weinig of dalk niks van die ewige lewe besit nie. Waarom het ons soms so min van die hemel in ons aardse lewe? Dis nie omdat God ons beproef en bedroef nie, want die Christen roem in die verdrukking (Rom.5). Maar dis omdat ons dikwels so min van Christus besit. Die plek waar dit gewoonlik skort, is die persoonlike ondersoek van God se Woord en die persoonlike omgang met God in die gebed. Wie daarmee groot erns maak, hét Christus, en wie Christus het, hét die ewige lewe.

Wat hier kiem is, sal hierna in volle heerlikheid uitbloei tot 'n volkome salig=heid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie. Dis 'n aanhaling uit 1 Kor.2:9. Paulus vergelyk (aldus Wielenga, p.539) wat die kultuurvolk van die Grieke aan skoonheid en wysheid presteer het, met wat die heilige Gees, wat die dieptes van God ondersoek, aan die gemeente be=

kend gemaak het. Eersgenoemde is verruklik vir oog en oor en sinne - die lig= gaamskultuur van die stadion, die boukuns en beeldhouwerk van die Akropolis, die musiek in tempel en teater, die literêre produkte van Homerus, die wysgerige bedenksels van Plato en Sokrates. Maar dit behoort tot 'n ander, vir die siel, helaas, waardelose orde as wat God in die evangelie van Jesus Christus geopen= baar het. Die verborgenhede van die ewige lewe in Christus het geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom nie.

Wat is die doel van dit alles?
Om God daarin ewig te loof en te prys.

Soos Psalm 1 die voorportaal van die Psalmboek is, so is Psalm 150 die hoogte= punt en sluitsteen daarvan. Die stelling wat in Psalm 1 gemaak word, naamlik dat die regverdige welgeluksalig is, kom in Psalm 150 tot 'n magtige hoogtepunt en ontknoping. In hierdie klein Psalm, wat net soos Psalm 1, ook uit 6 verse bestaan, kom die opwekking om God te loof elf maal voor. Die ganse skepping met alles wat asem het, word opgewek om God te loof. So sal dit wees wanneer die Nuwe Jerusalem op die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel neerdaal.
Dan sal God vir ewig by sy volk woon.

Die Psalmbundel daal soms tot ontsettende dieptes. Dink aan Psalm 130 - "Uit dieptes gans verlore ..." Dink aan Psalm 22 - "My God, my God, waarom verlaat U my ...?"

Omdat Christus hierdie dieptes deurleef het, daarom kan die Psalmboek profeties met Psalm 150 eindig. Met hierdie lied in die hart, wat nou reeds in beginsel in die hart van God se volk leef, gaan die kinders van God die heerlikheid van die ewigheid tegemoet:

Loof die HEER en gee Hom ere,
al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef!
Halleluja, loof die HERE! (Ps.150:3)

** ** ** ** ** ** ** ** ** ** **

## SONDAG 23

## Regverdig uit die geloof

### 1. Inleiding

Ter oriëntering: As daar een saak was waaroor die Gereformeerde vadere nie uitgepraat kon raak nie, was dit die geloof. In Sondag 7 is die gesprek oor die geloof ingelui met die behandeling van die noodsaaklikheid van die geloof, die wese van die geloof en die inhoud van die geloof. Nie minder nie as ses-en-dertig vrae en antwoorde word aan die inhoud van die geloof gewy - dis meer as 'n kwart van die H.K.

As die geloof dan so belangrik is, is dit seker nodig om 'n mens rekenskap te gee van die nut van die geloof. Dit gebeur in Sondag 23. Hier word geleer: Die nut van die geloof is dat ek daaruit voor God regverdig is en 'n erfgenaam van die ewige lewe. Hier word agtereenvolgens gehandel oor:

Voor God regverdig (59)
In Christus regverdig (60)
Deur die geloof regverdig (61)

### 2. Voor God regverdig

Die vraag lui: Wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?

Wat baat dit jou? Dis 'n aktuele vraag. Die duiwel en die wêreld vra dit gereeld aan die Christen. Wat baat dit jou dat jy kerk toe gaan, Bybel lees, bid, kerklike bydrae gee? Dan moet 'n Christen nie met 'n mond vol tande staan nie. Mal.3:14 - "Julle het gesê:

> Dit is tevergeefs om die Here te dien en wat baat dit ons om sy verordening te onderhou en in rouklere voor sy aangesig te wandel?".

Veral in ons tyd waarin die waarde van alles in Rande en sente bereken word, moet ons ons rekenskap gee van die bate van die geloof.

Die bate van die geloof is: dat ek in Christus voor God regverdig is en 'n erfgenaam van die ewige lewe.

Die bate van die geloof is suiwer geestelik en kan nie in Rande en sente bereken word nie. Wie na die bate van die geloof navraag doen met die gesindheid van 'n spekulant of 'n assuransie-agent, sal bedroë daarvan afkom.

Die bate van die geloof is suiwer geestelik. Dit beteken egter nie dat dit onreëel

is nie. Inteendeel, die geloof besit veel meer reële waarde as stoflike dinge. Natuurlik is dit moontlik om die skat in die akker te besit maar nie te weet hoe om dit uit te grawe en te gebruik nie. Dan is dit 'n bevrore krediet wat vloei= baar gemaak moet word. Dit behoort tot die ironieë van die lewe dat 'n mens soms eers van alle stoflike gawes beroof moet word voordat die bevrore krediet van jou geestelike gawes bruikbaar word.

Die nut van ons geloof is ook so. Sommige mense word by die aanblik van die dood eers bewus daarvan dat hulle in Christus regverdig is voor God en so 'n erf= genaam van die ewige lewe. Geen wonder dat dit die vraag is waarmee Elifas Job op die ashoop geteister het nie: "Sou 'n sterfling regverdig wees voor God? Of 'n man rein wees voor sy Maker?" (Job 4:17). Job se vriende het volgehou dat 'n mens nie regverdig voor God kan wees nie - daarom dat Job so vir sy sonde gestraf word. Dis presies om 'n antwoord op hierdie vraag te kry dat mense die predikant in tyd van siekte en doodsnood inroep: Hoe kan ek voor die alwetende Regter ver= skyn? Kan ek voor Hom regverdig wees?

Juis op hierdie punt gee die H.K. 'n onderwysing wat baie troosryk is vir almal wat glo: Dat ek in Christus voor God regverdig is en 'n erfgenaam van die ewige lewe.

As bewys hiervoor voer die H.K. die gelykluidende Hab.2:4 en Rom.1:17 aan: "Maar die regverdige sal uit die geloof lewe". Ursinus teken daarby aan: As die pro= feet verklaar dat ons deur die geloof regverdig is, dan gee hy te kenne wat die eerste vrug van die geloof is; en as hy sê dat ons uit die geloof lewe, dan dui hy die tweede vrug aan. Daarmee sê die profeet voorts dat hierdie twee sake, naamlik om regverdig te wees en om te lewe glad nie geskei kan word nie. Want soos die sonde deur die dood vergesel word, so die geregtigheid deur die lewe. Daarom beloof Christus dikwels in die Evangelie aan die gelowige die ewige lewe. Want aangesien die gelowige deur die geloof geregverdig word, kan dit nie anders nie of hy moet ook die ewige lewe deelagtig word. Hierdie vrugte van die geloof is baie heerlik. Want in die regverdiging van die mens voor God bestaan nou eenmaal die geluksaligheid van die mens soos Paulus (in Rom.4:6-8) uit Psalm 32:1,2 leer:

> "Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke: Welgeluksalig is hulle wie se ongeregtighede vergewe en wie se son= des bedek is. Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toe= reken nie".

Die gawe van die ewige lewe is so heerlik dat geen oog dit gesien, geen oor dit gehoor en geen mens dit kan begryp nie - soos in die vorige artikel geleer is.

(Hier word nie verder oor die ewige lewe gehandel nie - dit is in Sondag 22 af= gehandel). Dit is die bate van my geloof: Voor God regverdig en daarom 'n erf= genaam van die ewige lewe.

2. In Christus regverdig

Op die vraag: Hoe is jy regverdig voor God? antwoord die H.K. "Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus". Dit is reeds al in vraag 59 ook gesê: Dat ek in Christus voor God regverdig is. "In Christus" is dus dieselfde as "deur 'n ware geloof in Christus".

Wielenga (p.554) sê dat die uitdrukking "in Christus" tot die moeilikste behoort wat in die briewe van Paulus voorkom. Dit is gemeenskap van die geloof. Maar dis meer. Die Skrif praat ook van 'n "inbegrepen zijn in Christus vóór de grond= legging der wereld (Ef.1). In Christus is de gemeente ieder moment van zijn middelaarsschap, zoo wel wat den staat der vernedering als der verhooging betreft. De geloovigen zijn immers "leden zijns lichaams, van zijn vleesch en van zijn gebeente" (Ef.5). Rechtvaardigheid voor God is er dus eer de geloovige bewust= zijn heeft".

Ursinus sê (fol.244) dat die leer van die regverdiging deur die geloof in Chris= tus een van die vernaamste hoofstukke van die Christelike leer is - nie alleen omdat dit oor so 'n belangrike saak handel waaraan ons hele saligheid geleë is nie, maar ook omdat dit die leerstuk is wat deur baie ketters bestry is. Volgens hom is daar twee hoofstukke van die Christelike leer waaroor daar altyd stryd was, nog steeds is en altyd sal wees: die eerste is die leer aangaande God, die tweede die leer van die regverdiging deur die geloof. Luidens Wielenga (p.553) is die hele Skrif 'n komposisie op die tema van die regverdiging deur die geloof in Christus.

Calvyn (Institusie III, 15) verklaar: "Die regverdiging deur die geloof is die hoofsom van die ganse vroomheid".

Wat is die kern van hierdie leer?
Eerstens, God is 'n regverdige Regter wat sy geregtigheid handhaaf teenoor almal wat teen sy heilige wil oortree.

Tweedens: my gewete klaag my aan dat ek teen al God se gebooie swaar ge= sondig het en geeneen daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is.

Derdens, God skenk en reken my toe, sonder enige verdienste aan my kant, die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus ... vir sover ek dié

weldaad met 'n gelowige hart aanneem.

Die punt waar alles op aankom:

God aanvaar die voldoening aan sy geregtigheid wat Christus as Borg in my plek volbring het.

Omdat Christus die volle toorn van God gedra het, ken ek nou louter genade.

Christus het só volkome in my plek my skuld voor God betaal asof ekself ten vol= le betaal het.

Die kernwoord van hierdie leer is die woordjie toereken.
Wat ek gedoen het, word deur God aan Christus toegereken. En wat Hy gedoen het, word aan my toegereken, so asof ek dit self volbring het.

Om alle eiegeregtigheid die wortel af te sny voeg die H.K. daaraan toe: sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade. God verklaar dus nie die bes= tes en vromes wat meen dat hulle dit self gepresteer het, regverdig nie, maar goddelose en sondaars wat hulleself op die bors slaan en bid: "O God, wees my sondaar genadig!"

Hierdie vraag en antwoord 60 klink, volgens Wielenga (p.555) soos 'n psalm. 'n Mens moet veral in die prediking versigtig wees om niks van die profetiese krag daarvan deur ontleding en opsplitsing verlore te laat gaan nie. Hier staan die beroemde sola fide, die devies van die Reformasie, as die sleutel van die geheim van God se verlossingsplan, voorop. "Dat moet ge zachtjes bij uzelf her= halen als een refrein van het evangelie, waarvoor de vaderen bereid waren den marteldood te stervan" (Wielenga, p.555).

4. Deur die geloof regverdig

Vraag 61 lui: Waarom sê jy dat jy alleen deur die geloof regverdig is? Die antwoord kom daarop neer: Ek is nie ter wille van die waardigheid van my geloof regverdig nie maar die geloof is die middel wat God my gee waardeur ek die wel= daad van die regverdiging in Christus kan aanneem.

Ten einde dit helder in te sien is dit volgens Kuyper (E Voto, II, p.340) nodig om tussen vier aspekte van die regverdiging te onderskei:

Eerstens, regverdiging van ewigheid af in die Raadsbesluit van God. Voor die grondlegging van die wêreld het God besluit wie voor Hom regverdig sal wees.

Tweedens, regverdiging deur die kruis van Christus. Aan die kruis het Christus vir God se uitverkorenes met sy bloedstorting die regverdiging verdien.

Derdens, regverdiging deur die geloof. Die kind van God word in hierdie lewe wederbaar sodat hy deur die geloof wat God hom skenk, die geregtigheid in Chris= tus kan aanneem. Die geloof is dus nie die verdienende oorsaak nie, dis alleen die hand waarmee die verdienste van Christus aangeneem word.

Vierdens, regverdiging by die oordeelsdag. Dan sal God voor die ore van engele, mense en duiwels proklameer dat sy kinders deur die bloed van Christus voor Hom regverdig is en die ewige lewe ontvang.

Die is duidelik dat in vraag 61 oor die derde punt hierbo gehandel word. Hier= die vraag is bewustelik teen die Roomse gemik. Hulle het geleer dat ons uit die krag, dit is weens die verdienstelikheid van die geloof, geregverdig word. Die geloof is die begin van die goeie werke; daarom is die geloof nodig vir die regverdiging deur die goeie werke. Of anders, ons word deur die geloof voorberei tot die regverdigheid, dit is, tot die liefde, ter wille waarvan ons daarna vir God aanvaarbaar is.

Hierteenoor merk Ursinus (Fol.249) op: Indien die geloof hierdie verdienstelik= heid besit dat God ons ter wille daarvan regverdig maak, dan sou Paulus nie ge= skrywe het dat die regverdige uit die geloof sal lewe nie maar ter wille van die geloof (Rom.1:17). Maar in so 'n geval sou ons geloof volmaak moes gewees het, terwyl Paulus in 1 Kor.13:9 skryf dat ons geloof onvolmaak is - tot sover Ursinus.

Die N.G.B. laat hieroor geen onduidelike geluid hoor nie: "Ons verstaan dit nie so dat die geloof self ons regverdig maak nie, want dit is maar 'n middel waar= deur ons Christus, ons regverdigheid, omhels".

Die woord omhels is hier tekenend. Dit dui op die innigheid van die geloofsge= meenskap met Christus wat nie net die regverdiging nie, maar ook die heiligma= king insluit. In die ou tyd het die vadere van die unio mystica met Christus ge= praat. Dit is die verborge eenheid met Christus wat hom in die heiligmaking openbaar. Regverdiging en heiligmaking moet wel onderskei maar nooit geskei word nie. Calvyn het daaroor in sy Institusie (III,II) die volgende geskryf: "Net soos Christus nie in stukke geskeur kan word nie, so is hierdie twee ook onskeibaar, want ons kry hulle gelyktydig in Hom, naamlik, regverdigheid en heiligmaking. Almal dus vir wie God in genade aanneem, begiftig Hy met die Gees van die aanneming tot kinders, deur wie se krag Hy hulle na sy Beeld hervorm. Indien die helderheid van die son nie van sy warmte geskei kan word nie, sal ons daarom sê dat die aarde deur die lig van die son verwarm en deur sy warmte verlig word?" Hierby maak Wielenga (p.567) die opmerking: Pragtig, sonnig is hier die

taal van Calvyn, skoon en leersaam, veral deur hierdie vergelyking. Hier het ons die onderskeiding wat ons nooit straffeloos loslaat nie, maar tegelyk die eenheid wat ons ons nie innig genoeg kan indink nie. Hoeveel leef arm en kil in die stuk van die regverdigmaking omdat hulle die warmte van die geloofson verwaarloos! Maar ook, hoe dikwels leef die gelowiges in duisternis omdat hulle nie eers op die geloofslig ag gee nie.

/** ** ** ** ** ** ** ** ** ** **/

SONDAG 24

Die regverdiging nie uit die werke nie

1. Inleiding

In Sondag 23 is oor die leer van die regverdiging deur die geloof gehandel. Teen hierdie leer het die Pelagiane (4e eeu), Roomse en die Moderniste ernstige bedenkinge. Die bedenkinge kom hoofsaaklik daarop neer, eerstens, dat die mens se goeie werke ook die geregtigheid of ŉ deel daarvan kan verwerf; tweedens, die Skrif spreek immers self van ŉ beloning van die goeie werke; derdens, die ontkenning van die regverdigende waarde van die goeie werke maak goddelose en sorgelose mense. In hierdie Sondagsafdeling kom agtereenvolgens aan die orde:

Die onverdienstelikheid van die goeie werke (62)
Die beloning van die goeie werke (63)
Die noodsaaklikheid van die goeie werke (64)

2. Die onverdienstelikheid van die goeie werke

Die teëwerping teen die leer van die regverdigmaking uit die geloof kom eerstens van die Pelagiane uit die 4de eeu van ons jaartelling. Hulle het geleer dat hul goeie werke heeltemal genoeg was om die geregtigheid voor God te verdien. (Iets daarvan leef na by sommige Moderniste, veral van die 19de eeu.)

Sover het die Roomse Kerk nooit gegaan nie. Trouens, Rome het die leer van Pelagius steeds teëgestaan. Rome het egter geleer dat ons goeie werke ŉ deel van ons geregtigheid voor God uitmaak. Dit hang saam met Rome se beskouing dat daar tweërlei straf is: tydelik en ewiglik. Die ewige straf het Jesus Christus vir ons gely. Maar die tydelike straf moet deur ons gedra word, deur lyde en boetedoening in hierdie lewe en in die vaevuur.

Maar Rome gaan nog verder. Nie alleen beskou hulle die lydelike gehoorsaamheid van Christus as onvolkome en onvoldoende sodat dit deur ons lyde en boetedoening in hierdie lewe en in die vae aangevul moet word nie. Maar ook die daadwerklike gehoorsaamheid van Christus, waardeur ons die ewige lewe deelagtig moet word, moet deur ons goeie werke aangevul word.

Teen die agtergrond van hierdie Roomse dwaling moet die vraag gelees word: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of ŉ deel daarvan wees nie? Die antwoord is: nee, dit kan nie. Die antwoord bestaan uit twee redegewende stellings.

Die eerste is: Omdat die geregtigheid wat voor die strafgerig van God kan bestaan,

heeltemal volkome en in alle dele gelykvormig moet wees aan die wet van God.

Die tweede is: Ons beste werke in hierdie lewe is almal onvolkome en met sondes bevlek.

Wat die eerste betref: God is 'n volmaakte Regter. Sy wet eis volmaaktheid. Wie dus met sy eie geregtigheid voor die Regterstoel van God wil verskyn om die ewige lewe te verwerf, moet 'n geregtigheid aan die dag lê wat in alle opsigte vol=maak en gelykvormig is aan die wet van God. Die Skrifberoep van die H.K. lei ons na die vreeslike vloekparade by Ebal en Gerisim waar die Leviete die volk moes toeroep: "Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amen" (Deut.27:26). Die aanhaling daarvan deur Paulus in Gal.3:10 is nog meer eksklusief: "Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie". Hierby kan gevoeg word die uitspraak van Jak.2:10 - "Want, wie die hele wet onderhou maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword". God is dus nie tevrede met 90% of selfs 95% of selfs 99% volbrenging van sy wet nie. Dit moet 100% wees. Dwarsdeur die mens se hele lewe van sewentig, tagtig jaar mag daar nooit een enkele keer selfs 'n sweem van 'n gedagte teen enige gebod van God in die hart opkom nie. God eis absolute, lewenslange volmaaktheid, heiligheid, sondeloosheid. Alleen wie aan hierdie eis kan voldoen, sou by die hemelpoort kon aanklop om op grond van sy eie verdienste salig te word.

So lyk God se eis.
Hoe lyk die werklikheid van ons lewe?

Ons beste werke is in hierdie lewe almal onvolkome en met sondes bevlek. Laat elkeen maar met sy beste werke vorendag kom: sy gebede, kerkbesoek, Bybellees, offergawes vir die armes ... Hoor wat sê Jesaja daarvan: "Ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind" (64:6).

Ons beste werke is bemantelde misdade. God wat in die hart kan lees, deursien die motiewe waarmee die mens sy goeie werke doen. Gewoonlik is die selfsug kwalik bedek. Die mens se hart bly, selfs na die wedergeboorte, 'n poel waaruit van na=ture die giftige dampe opstyg van haat en afguns, jaloesie en nyd.

Hoe sou 'n mens met sy eie goeie werke die geregtigheid voor God kon verdien?

3. Die beloning van die goeie werke

Op die voorgaande laat die H.K. die Roomse antwoord met 'n onthutste vraag: "Hoe?

Verdien ons goeie werke niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toe=komende lewe wil beloon?".

Ons begin met die laaste woorde: God wil ons goeie werke beloon.Dit is 'n onom=stootlike Skrifwaarheid.
Vir Abraham sê die Here: "Jou loon is baie groot" (Gen.15:1).
Abraham het volgens Hebr.11:26 "uitgesien na die beloning". Aan die wat vervolg word ter wille van Hom, sê Jesus: "Verbly en verheug julle, omdat julle loon groot is in die hemele" (Matth.5:12).

Dit staan dus bo alle twyfel vas: God wil sy kinders vir die goeie wat hulle doen, beloon.

Net al, dis geen verdiensteloon nie maar genadeloon. Hamersma (p.235) maak die verskil soos volg duidelik: As 'n man 'n skrynwerker laat kom om vir hom 'n skryf=tafel te maak vir R100, dan moet die skryftafel in alle opsigte volgens die ver=eiste bestelling wees wanneer dit afgelewer word. Dan betaal die man die skryn=werker die bedrag waarop ooreengekom is. Dis verdiensteloon. Wanneer 'n seun weet sy pa wil graag 'n skryftafel hê, dan gaan maak hy in sy vrye tyd vir sy pa so 'n tafel. Die tafel is miskien glad nie so mooi soos 'n skrynwerker dit kan maak nie. Maar as die seun dit aan sy pa oorhandig, steek die pa sy hand in sy sak en gee vir sy seun uit dankbaarheid R25. Dis genadeloon. Die verskil: verdien=steloon word volgens 'n vaste kontrak waaraan daar in alle opsigte voldoen is, betaal. Genadeloon is 'n geskenk uit vrye welbehae.

Die loon wat God ons gee vir ons goeie werke, is so 'n genadeloon. Ons het nie reg daarop nie - en tog beloon God die goeie werke van sy kinders. Vgl. Luk.17:10 - "So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen".

Die N.G.B. sê baie pittig: "So doen ons dan goeie werke, maar nie om iets te verdien nie - want wat sou ons kan verdien? - ja, ons staan by God in die skuld vir die goeie werke wat ons doen en nie Hy by ons nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (art.24).

## 4. Die noodsaaklikheid van die goeie werke

Op die stelling dat die beloning van die goeie werke genadeloon is, kom Rome met 'n laaste teëwerping: Hierdie leer maak sorgelose en goddelose mense! Dit wil sê, as die goeie werke nie beloon word nie, is die aansporing om hulle te doen, weg.

Hierop antwoord die H.K.: "Nee; want dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n waaragtige geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie".

Veldkamp (II,25) merk hierby op: Hierdie leer maak nie sorgelose en goddelose mense nie. Wat wel sorgelose en goddelose mense maak, is die verdraaiing van hierdie leer. Die duiwel weet baie goed hoe om die waarheid te verdraai en dit dan nog 'n skyn van waarheid en vroomheid te gee. Maar meer as 'n skyn is dit ook nie. So was daar inderdaad sorgelose en goddelose mense (en hulle is nog altyd daar!) wat hulle vlees uitlewe en die sonde geniet - en hulle dan beroep op die leer van die onverdienstelikheid van die goeie werke. Dit wil sê: 'n mens kan niks verdien nie, daarom kan jy maar lewe soos jy wil. In Paulus se dae was daar al mense wat gesê het: "Laat ons kwaad doen, sodat die goeie daaruit kan voortkom" (Rom.3:8). Maar Paulus wys ten enemale die moontlikheid af dat 'n mens in die sonde sal bly lê sodat die genade meer kan word (Rom.6:1). Ook Judas (vs.4) waarsku teen mense "wat die genade van onse God verander in ongebondenheid en die enigste Heerser, God, en ons Here Jesus Christus verloën".

Later was dit die sogenaamde Antinomiane wat die vrye genade van God in Christus skandelik misbruik het en selfs geleer het dat ons nie eens hoef te glo nie. Ja ook dat dit nie nodig is om jou te bekeer nie, want Christus het plaasbekledend vir ons die geloof en die bekering volbring. Hiervolgens kan die sondaar in alle goddeloosheid uitbreek en in ongeregtigheid lewe sonder dat dit hom belet om al sondigende te roem dat hy tog deur God geregverdig is (Bavinck I, p.431). Dit is 'n growwe verdraaiing van die goeie, Skriftuurlike leer van die regverdiging deur die geloof.

Hierteenoor stel die H.K. dat die leer van die regverdiging deur die geloof nie sorgelose en goddelose mense maak nie. As rede voer hy aan: Dis onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n ware geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie.

Die sondaar word nie deur sy goeie werke geregverdig nie - maar ewemin sonder die werke nie, want die goeie werke is die bewyse van die egtheid van sy geloof. Dus, die goeie werke is nie oorsaak van die regverdiging nie maar noodsaaklike gevolg van die regverdiging. As die goeie werke na die regverdiging afwesig bly, het 'n mens rede om die egtheid van die regverdigning in twyfel te trek.

As bewyse vir hierdie standpunt voer die H.K. aan: Matth.7:18 - "'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie".

En nog sprekender: Joh. 15:5 - "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My

bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug".

Die N.G.B. (24) spreek hom soos volg hieroor uit: "Ons glo dat hierdie waaragtige geloof, in die mens gewerk deur die gehoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees, hom wederbaar en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde. Daarom is dit so onmoontlik dat hierdie regverdigmakende geloof die mens onverskillig sal maak om vroom en heilig te lewe, dat hy inteendeel daarsonder nooit iets uit liefde tot God sal doen nie, maar alleen uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. So is dit dan onmoontlik dat hierdie heilige geloof werkloos in die mens kan wees, aangesien ons nie van 'n ydele geloof spreek nie, maar van so een wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde werk, wat die mens beweeg om hom te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het". Daar is dus nie in die koninkryk van God 'n werkloosheidsvraagstuk nie. Die geloof is nie, soos die Roomse ons beskuldig, die oorkussing waarop die gelowige in die ewige doodslaap verval nie. Die geloof is juis die dryfkrag agter 'n lewe van diens in die koninkryk van God.